UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE MILITêRE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA (1880-1902)

DEUR

ANTON CARL VAN VOLLENHOVEN

VOORGELê TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN

ARGEOLOGIE

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

J U L I E 1 9 9 2

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## DANKBETUIGING

Daar was verskeie persone wat gedurende die navorsing, op die een of ander wyse, hulp aan my verleen het. Dit het nie ongemerk verbygegaan nie. Ek vertrou dat diegene wel per geleentheid deur my bedank is.

Aan my studieleier, prof. A. Meyer, en my medeleier, prof. O.J.O. Ferreira, 'n woord van dank vir die raad, steun en simpatie waarmee hulle my gelei het.

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die RGN vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.

Die finale gedeelte van die studie is voltooi na my indienstreding by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Die hulp en tyd wat aan my verleen is ter voltooiing van die studie word met dank erken.

'n Besondere woord van dank ook aan Corine Hogewind en Jan van den Bos vir hulle hulp om artefakte te identifiseer.

Die grootste deel van die navorsing is gedoen tydens my diens as navorsingsoffisier by die museum van die Suid-Afrikaanse Weermag, Fort Klapperkop. My dank aan kol. A.F. Malan en AO1 R.J.L.B. Ras vir hulle steun in dié verband. Dank ook aan kol. R. de Vries van die SA Leërkollege vir logistieke steun tydens die veldwerkfase.

Aan die arbeiders en nasionale dienspligtiges wat van tyd tot tyd hulp verleen het, 'n woord van opregte dank.

Toestemming om op die terrein van Fort Daspoortrand te werk, is deur mnr. C. Green van die Departement Openbare Werke en Grondsake gegee. Ook dr. A. van Zyl, superintendent van die Wesfort hospitaal, het welkome hulp verskaf.

Dankie aan mnr. Frik Dreyer, fotograaf, vir sy hulp met die finalisering van die fotomateriaal. 'n Groot dankwoord ook aan mev Judy Strydom wat die verhandeling getik het en wat gehoor moes gee aan al my giere en grille. Dankie ook aan my vrou, Marianna, vir haar hulp met die plasing van illustrasies. Aan dr. W. Loots 'n dankwoord vir die taalversorging van hierdie werkstuk, wat hy ter elfder ure moes doen.

Die personeel van die Transvaalse, Kaapse en SA Weermag Argiefbewaarplekke was besonder behulpsaam en vriendelik. Dankie vir die eindelose soektogte na somtyds feitlik onvindbare materiaal.

Aan David Panagos van die Transvaalmuseum, baie dankie vir die hulp, raad en inligting wat vryelik aan my beskikbaar gestel is.

Die plan van Fort Daspoortrand is geteken deur die SAW se 47-opmeeteenheid. Baie dankie aan kapt. R.C. Hawkins vir sy aandeel in hierdie verband.

My grootste hulp het ek van Tom Andrews, navorser by Fort Klapperkop, ontvang. Baie dankie vir die menige ure se gesprekke, die foto's en allerlei brokkies inligting wat ek met verloop van tyd gekry het - 'n leeue-aandeel wat nooit vergeet sal word nie.

'n Laaste dankwoord aan my Hemelse Vader. Dankie dat U my die kans gegun het om weer eens, menslik gesproke, alleen bo uit te kom. Mag hierdie werk ook tot U eer strek.

**ANTON C. VAN VOLLENHOVEN**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ALGEMENE INHOUDSOPGAWE

| | Bladsy |
|---|---|
| Dankbetuiging | i |
| Algemene inhoudsopgawe | iii |
| Inhoud van hoofstukke | vi |
| Opsomming | xi |
| Abstract | xii |
| Lys van illustrasies | xiv |
| HOOFSTUK 1 HISTORIESE AGTERGROND EN DOKUMENTASIE VAN DIE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA | 1 |
| 1. Inleiding | 1 |
| 2. Stand van dokumentasie en navorsing | 2 |
| 3. Literatuurondersoek: bronne in verband met die fortifikasies van Pretoria | 6 |
| 4. Evaluering van die belangrikste bronne | 12 |
| 5. Samevattende bevindings | 13 |
| 6. Doelstelling | 14 |
| 7. Samestelling van die verhandeling | 18 |
| 8. Begripsomskrywing | 20 |
| 9. Klassifikasie van Pretoria se fortifikasies | 22 |
| 10. Die omgewing | 23 |
| 11. Teoretiese benadering | 26 |
| 12. Voetnotas | 34 |
| HOOFSTUK 2 FORTIFIKASIES VAN DIE EERSTE ANGLO-BOEREOORLOG (1880-1881) | 37 |
| 1. Inleiding | 37 |
| 2. Voorspel tot die Eerste Anglo-Boereoorlog | 37 |
| 3. Verloop van die Eerste Anglo-Boereoorlog | 41 |
| 4. Pretoria tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog | 44 |
| 5. Fortifikasies tydens die beleg van Pretoria | 48 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 6. | Samevatting | 56 |
| 7. | Illustrasies | 58 |
| 8. | Voetnotas | 83 |
| HOOFSTUK 3 | BOEREFORTE VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1896-1898) | 96 |
| 1. | Inleiding | 96 |
| 2. | Redes vir die fortifikasie van Pretoria | 96 |
| 3. | Besluite rondom die bou van die forte | 97 |
| 4. | Bou van die Duitse forte | 100 |
| 5. | Spioenasiebedrywighede rondom die forte | 105 |
| 6. | Die Franse fort - Fort Daspoortrand (Wesfort) | 107 |
| 7. | Bewapening deur die ZAR | 108 |
| 8. | Die val van Pretoria | 115 |
| 9. | Die forte na 1900 | 117 |
| 10. | Samevatting | 119 |
| 11. | Illustrasies | 121 |
| 12. | Voetnotas | 159 |
| 13. | Aantekeninge | 174 |
| HOOFSTUK 4 | BRITSE FORTIFIKASIES VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1900-1902) | 175 |
| 1. | Inleiding | 175 |
| 2. | Pretoria tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog | 176 |
| 3. | Die blokhuisstelsel | 176 |
| 4. | Blokhuise in en om Pretoria | 180 |
| 5. | Samevatting | 189 |
| 6. | Illustrasies | 191 |
| 7. | Voetnotas | 218 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

HOOFSTUK 5 'N ARGEOLOGIESE BESKOUING VAN FORT DASPOORTRAND 224

1. Fort Daspoortrand voor opgrawing 224
2. Die opgrawings 227
3. Lys van artefakte 233
4. Klassifisering van artefakte 238
5. Ruimtelike verspreidingspatrone 242
6. Samevatting 253
7. Illustrasies 255
8. Voetnotas 342

HOOFSTUK 6 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE EVALUERING VAN DIE MILITêRE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA (1880-1902) 343

1. Inleiding 343
2. Fortifikasies wat vernietig is 344
3. Fondamente van fortifikasies 345
4. Murasies van fortifikasies 347
5. Fortifikasies wat feitlik ongeskonde is 349
6. Gerestoureerde fortifikasies 350
7. Samevatting 351
8. Illustrasies 352
9. Voetnotas 354

BRONNE 355

I. Argivale bronne 355
II. Regeringspublikasies 358
III. Tydskrif- en koerantartikels 358
IV. Literatuur 359
V. Privaatversamelings 362
VI. Persoonlike mededelings 363
VII. Diverse 363

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUD VAN HOOFSTUKKE

| | Bladsy |
|---|---|
| HOOFSTUK 1 HISTORIESE AGTERGROND EN DOKUMENTASIE VAN DIE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA | 1 |
| 1. Inleiding | 1 |
| 2. Stand van dokumentasie en navorsing | 2 |
| 2.1 Argivale dokumente | 2 |
| 2.2 Ander historiese inligting | 3 |
| 2.3 Argeologiese navorsing | 4 |
| 2.4 Bevindings | 4 |
| 3. Literatuurondersoek: bronne in verband met die fortifikasies van Pretoria | 6 |
| 3.1 Die eerste fortifisering van Pretoria | 7 |
| 3.2 Die tweede fortifisering van Pretoria | 9 |
| 3.3 Die derde fortifisering van Pretoria | 11 |
| 4. Evaluering van die belangrikste bronne | 12 |
| 5. Samevattende bevindings | 13 |
| 5.1 Leemtes ten opsigte van geskrewe bronne | 13 |
| 5.2 Implikasies | 14 |
| 6. Doelstelling | 14 |
| 6.1 Doelwitformulering | 14 |
| 6.2 Motivering van doelstelling | 15 |
| 6.3 Metode | 16 |
| 6.3.1 Historiese data | 16 |
| 6.3.2 Argeologiese veldwerk | 17 |
| 6.3.2.1 Area-opname | 17 |
| 6.3.2.2 Terreinondersoeke | 17 |
| 6.3.2.3 Vondstemateriaal | 18 |
| 6.3.3 Vergelyking | 18 |
| 6.3.4 Evaluasie | 18 |
| 7. Samestelling van die verhandeling | 18 |
| 8. Begripsomskrywing | 20 |
| 9. Klassifikasie van Pretoria se fortifikasies | 22 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Bladsy**

10. Die omgewing 23
    10.1 Algemene omgewing van Pretoria 23
    10.2 Omgewing van die fortifikasies 24
11. Teoretiese benadering 26
    11.1 Omskrywing van historiese argeologie 26
    11.2 Interdissiplinêre navorsing 27
        11.2.1 Verband tussen argeologie en geskiedenis (kultuurgeskiedenis) 27
        11.2.2 Voorbeelde 29
        11.2.3 Bydrae van argeologiese inligting tot historiese rekonstruksies 30
        11.2.4 Belang van interdissiplinêre samewerking ten opsigte van historiese rekonstruksies 31
        11.2.5 Samevatting 33

HOOFSTUK 2 FORTIFIKASIES VAN DIE EERSTE ANGLO-BOEREOORLOG (1880-1881) 37

1. Inleiding 37
2. Voorspel tot die Eerste Anglo-Boereoorlog 37
3. Verloop van die Eerste Anglo-Boereoorlog 41
4. Pretoria tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog 44
5. Fortifikasies tydens die beleg van Pretoria 48
    5.1 Militêre kamp 48
    5.2 Tronklaer 49
    5.3 Convent redoubt 49
    5.4 Fort Royal (Fort Campbell) 50
    5.5 Fort Commeline 51
    5.6 Fort Tullichewan 52
    5.7 Blokhuise 54
6. Samevatting 56

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| HOOFSTUK 3 | BOEREFORTE VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1896-1898) | 96 |
| 1. | Inleiding | 96 |
| 2. | Redes vir die fortifikasie van Pretoria | 96 |
| 3. | Besluite rondom die bou van die forte | 97 |
| 3.1 | Grunberg se verdedigingsplan vir Pretoria | 98 |
| 3.2 | Finale besluite | 98 |
| 3.3 | Doel en plekbepaling van die forte | 99 |
| 3.4 | Redes waarom die forte nie voltooi is nie | 100 |
| 4. | Bou van die Duitse forte | 100 |
| 4.1 | Fort Schanskop | 102 |
| 4.2 | Fort Wonderboompoort | 103 |
| 4.3 | Fort Klapperkop | 104 |
| 5. | Spioenasiebedrywighede rondom die forte | 105 |
| 6. | Die Franse fort - Fort Daspoortrand (Wesfort) | 107 |
| 7. | Bewapening deur die ZAR | 108 |
| 7.1 | Bewapening van die forte | 110 |
| 7.2 | Bemanning van die forte | 111 |
| 7.3 | Proviandering in die forte | 112 |
| 7.4 | Opleiding in die forte | 113 |
| 8. | Die val van Pretoria | 115 |
| 9. | Die forte na 1900 | 117 |
| 10. | Samevatting | 119 |
| HOOFSTUK 4 | BRITSE FORTIFIKASIES VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1900-1902) | 175 |
| 1. | Inleiding | 175 |
| 2. | Pretoria tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog | 176 |
| 3. | Die blokhuisstelsel | 176 |
| 3.1 | Tipe blokhuise | 177 |
| 3.2 | Omvang van die blokhuisstelsel | 178 |
| 4. | Blokhuise in en om Pretoria | 180 |
| 4.1 | Cable Hill redoubt | 181 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.2 | Johnston redoubt | 181 |
| 4.3 | Eastern redoubt | 182 |
| 4.4 | Howitzer redoubt | 183 |
| 4.5 | Vesting blokhuis | 183 |
| 4.6 | Magazine redoubt | 184 |
| 4.7 | Quagga redoubt | 184 |
| 4.8 | Kwaggapoort blokhuis | 185 |
| 4.9 | Wesfort blokhuis | 185 |
| 4.10 | Klapperkop blokhuis | 185 |
| 4.11 | Blokhuis nommer 27 | 186 |
| 4.12 | Wonderboompoort blokhuis | 186 |
| 4.13 | Blokhuise tussen Pretoria en Bronkhorstspruit | 186 |
| 4.14 | Johannesburg Road redoubt | 187 |
| 4.15 | River redoubt | 188 |
| 4.16 | Hillcrest blokhuis | 188 |
| 4.17 | Muckleneuk blokhuis | 188 |
| 4.18 | Ander blokhuise | 188 |
| 5. | Samevatting | 189 |
| HOOFSTUK 5 | 'N ARGEOLOGIESE BESKOUING VAN FORT DASPOORTRAND | 224 |
| 1. | Fort Daspoortrand voor opgrawing | 224 |
| 2. | Die opgrawings | 227 |
| 2.1 | Die westelike ammunisietonnel | 228 |
| 2.2 | Die proviandkamer | 229 |
| 2.3 | Die ingangspoort | 230 |
| 2.3.1 | Ingangspoort-seksie | 230 |
| 2.3.2 | Ingangspoort D-seksie | 231 |
| 2.3.3 | Ingangspoort B-seksie | 232 |
| 2.3.4 | Ingangspoort seksies C, E en F | 232 |
| 3. | Lys van artefakte | 233 |
| 4. | Klassifisering van artefakte | 238 |
| 5. | Ruimtelike verspreidingspatrone | 242 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Bladsy**

5.1 Histogramme 243

6. Samevatting 253

HOOFSTUK 6 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE EVALUERING VAN DIE MILITêRE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA (1880-1902) 343

1. Inleiding 343

2. Fortifikasies wat vernietig is 344

2.1 Eerste Anglo-Boereoorlog 344

2.2 Tweede Anglo-Boereoorlog 344

3. Fondamente van fortifikasies 345

3.1 Eerste Anglo-Boereoorlog 345

3.2 Tweede Anglo-Boereoorlog 345

3.3 Beide oorloë 345

4. Murasies van fortifikasies 347

4.1 Britse blokhuise 347

4.2 Boereforte 347

5. Fortifikasies wat feitlik ongeskonde is 349

6. Gerestoureerde fortifikasies 350

7. Samevatting 351

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# OPSOMMING

**'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE MILITêRE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA (1880-1902)**

deur

Anton Carl van Vollenhoven

| | | |
|---|---|---|
| Studieleier | : | Prof. A. Meyer, Departement Volkekunde en Argeologie, Universiteit van Pretoria. |
| Medeleier | : | Prof. O.J.O. Ferreira, Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria. |
| Departement | : | Volkekunde en Argeologie, Universiteit van Pretoria. |
| Graad | : | Magister Artium. |

Die toestand van verval waarin die militêre fortifikasies van Pretoria verkeer, wek kommer. Die min dokumentêre inligting wat daaroor beskikbaar is, noodsaak spoedige optrede om dit wat behoue gebly het te dokumenteer.

Hierdie studie is 'n eerste poging om soveel historiese inligting moontlik oor die fortifikasies te boekstaaf. Identifisering van die terreine waar die fortifikasies voorgekom het, het die hoogste prioriteit geniet. 'n Beskrywing van elkeen word ook gegee met die oog op histories-argeologiese navorsing wat hieruit mag voortspruit.

Besondere aandag word aan Fort Daspoortrand (Wesfort) gegee, omdat dit so 'n unieke en interessante fortifikasie is. 'n Nadere argeologiese ondersoek is op die terrein van hierdie unieke argitektoniese meesterwerk geloods, ten einde 'n grondplan daarvan te teken.

Omdat hierdie studie die eerste fase van 'n histories-argeologiese streeksopname is, sal 'n verskeidenheid navorsingsmoontlikhede hieruit kan voortvloei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## ABSTRACT

**A HISTORICAL-ARCHAEOLOGICAL SURVEY OF THE MILITARY FORTIFICATIONS OF PRETORIA (1880-1902)**

by

Anton Carl van Vollenhoven

Study leader : Prof. A. Meyer, Department of Anthropology and Archaeology, University of Pretoria.

Co-leader : Prof. O.J.O. Ferreira, Department of History and Cultural History, University of Pretoria.

Department : Anthropology and Archaeology, University of Pretoria.

Degree : Magister Artium.

The present state of decay of the military fortifications of Pretoria is a cause of great concern. Consequently the remains of the fortifications should be urgently recorded.

This study is a first effort to document as much as possible of the historical information relating to the fortifications. The highest priority was given to identifying the sites of each fortification. They are also described with a view to possible further historical-archaelogical research which may emerge from this study.

Particular attention was given to Fort Daspoortrand (West Fort) as it is such a unique and interesting fortification. A closer archaeological investigation was done on the site of this unique architectural masterpiece, with the aim of drawing up a plan of the fort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As this study is the first phase of a regional historical-archaeological study, a variety of possibilities for research could emerge from it.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**ILLUSTRASIES**

(Alle skale is in sentimeter)

**Bladsy**

**HOOFSTUK 2**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die beleërde dorpe in Transvaal, 1880-1881. | 58 |
| 2. | Fort Campbell. | 59 |
| 3. | Britse kaart van Pretoria, 1879. | 60 |
| 4. | Britse hoofkwartierpersoneel. | 61 |
| 5. | Britse artilleriste. | 62 |
| 6. | Pretoria en die militêre kamp tydens die beleg, 1880-1881. | 62 |
| 7. | Plan van bastion. | 63 |
| 8. | Pretoria tydens die beleg, 1880-1881. | 64 |
| 9. | Die Pretoria Rifles. | 65 |
| 10. | Die Pretoria Rifles, 2de Kompanie. | 65 |
| 11. | Die Pretoria Rifles, 4de Kompanie. | 66 |
| 12. | Die Pretoria Rifles, 6de Kompanie. | 66 |
| 13. | Plan van die Convent redoubt. | 67 |
| 14. | Die Convent redoubt, 1880-1881. | 68 |
| 15. | RNG plaat waar Convent redoubt gestaan het. | 68 |
| 16. | Plan van Fort Royal. | 69 |
| 17-19 | Fort Royal, 1880-1881. | 70 |
| 20. | RNG plaat waar Fort Royal gestaan het. | 71 |
| 21. | Plan van Fort Commeline en South Poort blokhuis. | 72 |
| 22. | Fort Commeline, 1880-1881. | 73 |
| 23. | Die artillerie van Fort Commeline. | 74 |
| 24. | Oorblyfsels op Magasynheuwel. | 74 |
| 25. | Plan van Fort Tullichewan. | 75 |
| 26-27 | Fort Tullichewan, 1880-1881. | 76 |
| 28. | Thomson se plan van Fort Tullichewan. | 77 |
| 29. | RNG plaat by die oorblyfsels van Fort Tullichewan. | 77 |
| 30. | Oorblyfsels van Fort Tullichewan. | 78 |
| 31-32 | Planne van verdedigingstrukture. | 79-80 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 33. | Fondament van die blokhuis bokant Hoërskool Langenhoven. | 81 |
| 34. | Kaart van Pretoria, waarop die Eerste Anglo-Boereoorlog fortifikasies aangedui word. | 82 |

**HOOFSTUK 3**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Spioenasiekaarte, gevind in die trommel van kaptein R. White. | 121 |
| 2. | Leon Grunberg. | 122 |
| 3. | Kaptein P.E. Erasmus. | 123 |
| 4. | Luitenant P.C. Paff. | 124 |
| 5. | Plan van die Johannesburg fort. | 125 |
| 6. | Otto A.A. von Dewitz. | 126 |
| 7. | Heinrich C. Werner. | 127 |
| 8. | Christiaan Kuntz. | 128 |
| 9-10 | Fort Schanskop, tydens Britse besetting | 129 |
| 11-12 | Fort Wonderboompoort, voor die dak vernietig is. | 130 |
| 13. | Fort Klapperkop, tydens Britse besetting. | 131 |
| 14-15 | Fort Klapperkop in 1931. | 132 |
| 16. | Brief van F. Zotier. | 133 |
| 17. | Brief insake die verwydering van vertroulike dokumente. | 134 |
| 18-20 | Fort Daspoortrand in aanbou. | 135-136 |
| 21. | Die Centrale Magazijn. | 137 |
| 22. | Die Groen Magasyn. | 137 |
| 23. | 'n Drieponder (1,36kg) Whitworth-kanon. | 138 |
| 24. | 'n 75mm-Maxim-Nordenfeldt-snelvuurkanon. | 138 |
| 25. | 'n Replika van die Long Tom. | 139 |
| 26. | Die Franse battery. | 139 |
| 27. | Oorlogskaart van die grond rondom die vier forte van Pretoria | 140 |
| 28. | Majoor P.E. Erasmus se voorgestelde bewapeningsplan vir die forte. | 140 |
| 29. | Aanvraag vir beddens en matrasse vir Fort Schanskop. | 141 |
| 30. | Dokument wat bewys dat luitenant A. Carlblom die bevelvoerder van Fort Schanskop was. | 142 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 31. | Dokument wat bewys dat luitenant J. Wolmarans die bevelvoerder van Fort Wonderboompoort was. | 143 |
| 32. | Dokument wat bewys dat luitenant F. Townsend die bevelvoerder van Fort Daspoortrand was. | 144 |
| 33. | Luitenant F. Townsend. | 145 |
| 34. | Die bemanning van Fort Daspoortrand. | 146 |
| 35. | Luitenant Th. Kroon. | 147 |
| 36. | Die bevel van generaal Louis Botha om die forte in Britse hande oor te gee. | 148 |
| 37. | 'n Britse kanon in een van die forte. | 149 |
| 38. | Fort Schanskop in vervalle toestand. | 149 |
| 39. | Fort Klapperkop 1916. | 150 |
| 40. | Fort Klapperkop 1966. | 150 |
| 41. | Brief waarvolgens Fort Daspoortrand reeds in Januarie 1905 in vervalle toestand was. | 151 |
| 42. | Fort Wonderboompoort in vervalle toestand. | 152 |
| 43. | 'n Lugfoto van die vervalle Fort Wonderboompoort. | 152 |
| 44. | Die staaldeure van Fort Wonderboompoort. | 153 |
| 45. | Die ingangspoort van Fort Daspoortrand. | 153 |
| 46. | Fort Daspoortrand in vervalle toestand. | 154 |
| 47-48 | Hedendaagse planne van Fort Klapperkop. | 155-156 |
| 49. | Die beplanning van die militêre museum te Fort Schanskop. | 157 |
| 50. | Kaart van Pretoria, waarop die vier forte aangedui word. | 158 |

**HOOFSTUK 4**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Plan van 'n seskantige sinkblokhuis. | 191 |
| 2. | Plan van 'n vierkantige sinkblokhuis. | 192 |
| 3. | Plan van 'n ronde sinkblokhuis. | 193 |
| 4. | 'n Maxim-masjiengeweer. | 194 |
| 5. | 'n Vierkantige sinkblokhuis. | 194 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 6. | 'n Sinkblokhuis, OVS | 195 |
| 7. | 'n Sink- en klipblokhuis, OVS | 195 |
| 8. | 'n Vierkantige, dubbelverdieping klipblokhuis. | 196 |
| 9. | 'n Klipblokhuis, Aliwal-Noord. | 197 |
| 10. | 'n Ronde klipblokhuis. | 197 |
| 11. | Plan van versperrende heinings. | 198 |
| 12. | Plan van alarm. | 198 |
| 13. | 'n Alarmflitslig. | 199 |
| 14-15 | Opstelling van gewere. | 199-200 |
| 16. | 'n Afgesnyde Martini-Henry geweer. | 200 |
| 17. | 'n Mobiele blokhuis. | 201 |
| 18. | 'n Plaashuis wat in 'n blokhuis omskep is. | 201 |
| 19-21 | Oorblyfsels van die Cable Hill Redoubt. | 202 |
| 22. | Die Johnston Redoubt jare gelede. | 203 |
| 23. | Die Johnston Redoubt vandag. | 203 |
| 24. | Die Eastern Redoubt in die vroeë sewentigerjare. | 204 |
| 25. | Oorblyfsels van die Eastern Redoubt. | 204 |
| 26. | Plan van die Eastern Redoubt. | 205 |
| 27. | Die Vesting Blokhuis. | 206 |
| 28. | Ruïnes van die Magazine Redoubt. | 206 |
| 29. | 'n Staaldeur by die Magazine Redoubt. | 207 |
| 30. | Klipmure by die Magazine Redoubt. | 207 |
| 31. | Fondasie van die Quagga Redoubt. | 208 |
| 32. | Kraalvormige mure by die Quagga Redoubt. | 208 |
| 33. | Die Wesfort blokhuis. | 209 |
| 34. | Die versteekte ingang van die Wesfort blokhuis. | 209 |
| 35-36 | Oorblyfsels van die Klapperkop blokhuis. | 210 |
| 37. | Diagram van die kommunikasielyne tussen fortifikasies. | 211 |
| 38. | Skets van die Muckleneuk blokhuis. | 212 |
| 39. | Die River Redoubt. | 212 |
| 40. | Die Hillcrest blokhuis. | 213 |
| 41. | Kaart van Pretoria, met die sestien Britse fortifikasies daarop aangedui. | 214-215 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 42. | Oorblyfsels van die Meintjieskop blokhuis. | 216 |
| 43. | Oorblyfsels van 'n blokhuis naby Pretoria. | 216 |
| 44-45 | Ongeïdentifiseerde blokhuise naby Pretoria. | 217 |


**HOOFSTUK 5**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die ingangspoort van Fort Daspoortrand op 6 Januarie 1987. | 255 |
| 2. | Afdruk van die staatswapen van die ZAR. | 256 |
| 3. | Inskripsies by Fort Daspoortrand. | 257 |
| 4. | Vertrek in die ingangspoort. | 258 |
| 5. | Die tweede stel staaldeure in die ingangspoort. | 259 |
| 6. | Die name van die vertrekke is vandag steeds leesbaar. | 260 |
| 7. | 'n Geheelbeeld van die vervalle Fort Daspoortrand. | 261 |
| 8. | Porseleinpoortjies vir die geleiding van elektriese bedrading. | 262 |
| 9. | Die oostelike ammunisieskag. | 262 |
| 10. | 'n Gedeelte van Fort Daspoortrand, 1913. | 263 |
| 11. | Dieselfde gedeelte in vervalle toestand. | 263 |
| 12. | 'n Ander gedeelte van die fort, 1913. | 264 |
| 13. | Die westelike skag, soos dit vandag daar uitsien. | 264 |
| 14. | Die westelike ammunisietonnel. | 265 |
| 15. | Die westelike skag, soos gesien vanuit die tonnel. | 266 |
| 16. | Die ingang tot die suidwestelike ammunisievertrek. | 266 |
| 17. | Die ingang tot die noordwestelike ammunisievertrek. | 267 |
| 18. | Oorblyfsels van 'n vloer. | 267 |
| 19. | Lugfoto van die gebied waar Fort Daspoortrand voorkom. | 268 |
| 20. | Vergroting van 1948 lugfoto. | 269 |
| 21. | Vergroting van 1968 lugfoto. | 270 |
| 22. | Terreinplan van Fort Daspoortrand. | 271 |
| 23. | Terreinplan met die opgrawings daarop aangedui. | 272 |
| 24-25 | Die toetssloot in die westelike ammunisietonnel. | 273 |
| 26. | Plan van die toetssloot. | 274 |
| 27. | Die vergrote toetssloot. | 275 |
| 28. | Die voltooide opgrawing. | 276 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 29. | Plan van die voltooide opgrawing. | 277 |
| 30-31 | Die toetssloot in die proviandkamer. | 278 |
| 32. | Plan van die toetssloot. | 279 |
| 33. | Plan wat die verdeling van die ingangspoort in seksies aandui. | 280 |
| 34. | Die oop deure en drumpel van die ingangspoort-seksie. | 281 |
| 35. | Die geslote deure, vanaf die binnekant. | 282 |
| 36. | Die deur- en vensteropeninge van die vertrek in die ingangspoort. | 283 |
| 37. | Halfvoltooide opruiming van die ingangspoort-seksie. | 284 |
| 38. | Die trap en ingang tot die vertrek in die ingangspoort. | 285 |
| 39. | Die vensteropening van die vertrek in die ingangspoort. | 286 |
| 40. | Profiel van die ingangspoort-seksie. | 287 |
| 41. | Helpers besig met finale afronding aan die ingangspoort-seksie. | 288 |
| 42. | Plan van die ingangspoort-seksie. | 289 |
| 43. | Die ingangspoort D-seksie voor opgrawing. | 290 |
| 44. | Die ingangspoort B-seksie voor opgrawing. | 290 |
| 45. | Die drumpel tussen die ingangspoort- en ingangspoort B-seksie. | 291 |
| 46. | Metaalpyp, waaraan perde waarskynlik vasgemaak is. | 292 |
| 47. | Haak en ring waarmee die deur in posisie gehou is. | 293 |
| 48. | Plan van die ingangspoort B-seksie. | 294 |
| 49. | Die gang wat die ingangspoort en machinenkamer met mekaar verbind. | 295 |
| 50. | Plan van die ingangspoort se C-, E- en D-seksie. | 296 |
| 51-53 | Porseleinartefakte. | 297-298 |
| 54-62 | Glasartefakte. | 298-302 |
| 63-64 | Boumateriaal (metaal uitgesluit). | 303 |
| 65-68 | Knope. | 304-305 |
| 69-73 | Spykers. | 306-308 |
| 74-78 | Draad. | 307-310 |
| 79-83 | Blik. | 311-313 |
| 84-88 | Metaalstawe. | 313-315 |
| 89-94 | Geïdentifiseerde metaalartefakte. | 316-318 |
| 95-102 | Ongeïdentifiseerde metaalartefakte. | 319-322 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Bladsy**

Fort Daspoortrand vandag:


| | | |
|---|---|---|
| 103. | Die ingangspoort vanaf die buitekant. | 323 |
| 104. | Die ingangspoort vanaf die binnekant. | 323 |
| 105. | Die ingangspoort, ammunisieskag, tonnel en trappe aan die oostekant van die fort. | 324 |
| 106. | Reuse betonblokke, soos hierdie, is uit die ingangspoort verwyder. | 324 |
| 107. | Die hoop grond wat uit die ingangspoort verwyder is. | 325 |
| 108. | Die suidoostelike ammunisievertrek, waar 'n dakpilaar nog uitsteek. | 325 |
| 109. | Die ingang tot die oostelike tonnel. | 326 |
| 110. | Die dreineringsgat in die binnehof van die fort. | 326 |
| 111. | Dakpuin lê in die binnehof rond. | 327 |
| 112. | Die bouers van die fort het die muur gebou om saam met die natuurlike klip die suidelike muur van die fort te vorm. | 327 |
| 113. | Die oprit. | 328 |
| 114. | Die oostelike vertrek onder die oprit. | 328 |
| 115. | Die ingang tot die oostelike vertrek. | 329 |
| 116. | Die ingang tot die westelike vertrek onder die oprit. | 329 |
| 117-119 | Detail van puin by die oprit. | 330 |
| 120. | Die westelike ammunisieskag, trappe en tonnel. | 331 |
| 121. | Die ingang tot die westelike tonnel. | 332 |
| 122. | Reënwater het intussen weer in die westelike tonnel gespoel. Vanweë die sementvloer sak die watertafel baie stadig. | 332 |
| 123. | Die westelike skag. | 333 |
| 124. | Die proviandkamer. | 333 |
| 125. | Die vooraansig van die keuken (kombuis). | 334 |
| 126. | Die keuken. | 334 |
| 127. | Die vooraansig van die hospitaal. | 335 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 128. | Die hospitaal. | 335 |
| 129. | Die vooraansig van die westelike manschappenvertrek. | 336 |
| 130. | Die westelike manschappenvertrek. | 336 |
| 131. | Die vooraansig van die officierenkamer. | 337 |
| 132. | Die officierenkamer. | 337 |
| 133. | Die vooraansig van die middelste manschappenvertrek. | 338 |
| 134. | Die middelste manschappenvertrek. | 338 |
| 135. | Die vooraansig van die oostelike manschappenvertrek. | 339 |
| 136. | Die oostelike manschappenvertrek. | 339 |
| 137. | Die vooraansig van die telegraafkamer. | 340 |
| 138. | Die telegraafkamer. | 340 |
| 139. | Die vooraansig van die machinenkamer. | 341 |
| 140. | Die machinenkamer. | 341 |

**HOOFSTUK 6**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Evaluasie van die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902). | 352-353 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

## HISTORIESE AGTERGROND EN DOKUMENTASIE VAN DIE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA

### 1. Inleiding

Die fortifisering van Pretoria vorm deel van die laaste fase van 'n tydperk van konflik tussen Boer en Brit. Nadat die konflik tydens die twee Anglo-Boereoorloë 'n hoogtepunt bereik het, sou dit in 'n groot mate afneem na die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Veral na Uniewording het omstandighede in Suid-Afrika sodanig verander dat versoening en samewerking aan die orde van die dag was. Toekomstige verskille sou nie weer d.m.v. wapens besleg word nie. Dit is belangrik om kortliks na hierdie fase van konflik te kyk, sodat die omstandighede waarbinne die fortifisering van Pretoria plaasgevind het, beter begryp kan word.

Die Boererepublieke was sedert die ontstaan daarvan in wrywing met die Britse owerhede. Volgens J.T. du Bruyn het die Voortrekkers die Kaap juis verlaat met die doel om van die Britse owerheid weg te kom en om 'n onafhanklike republiek te stig. Aanvanklik is daar in Natal en die Vrystaat gevestig. Die Britte annekseer hierdie gebiede onderskeidelik in 1842 en 1848, sodat die Voortrekkers na Transvaal toe uitwyk.

Met die Sandrivierkonvensie van 1852 word Transvaal 'n onafhanklike republiek en die bakermat van die republikeinse ideaal van die Boere.[1] Dit het slegs 'n tydelike verslapping in die spanning tussen Boer en Brit teweeggebring, want die ontdekking van minerale sou die Britse regering met nuwe oë na die Zuid-Afrikaansche Republiek laat kyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pretoria is in 1855 gestig en het vanweë sy sentrale ligging spoedig as hoofstad van die ZAR gefunksioneer. Uit die geraadpleegde bronne is dit duidelik dat Pretoria, in sy hoedanigheid as hoofstad, die middelpunt van die wrywing tussen die ZAR en Brittanje was. Dit is om hierdie rede dat Pretoria so belangrik deur sowel Boer as Brit geag is en ook as militêre hoofkwartier ingerig is.

Pretoria is dan ook gedurende sy bestaan as hoofstad van die ZAR en die Britse kolonie Transvaal, by drie geleenthede gefortifiseer, nl. tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881), kort voor die Tweede Anglo-Boereoorlog (1896-1898) en tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1900-1902).[2] Vanweë die strategiese belangrikheid van Pretoria was dit voordelig om in beheer van die dorp te wees ten einde Transvaal te beheer. (Vergelyk punt 9 in hierdie hoofstuk vir 'n klassifikasie van Pretoria se fortifikasies).

## 2. Stand van dokumentasie en navorsing

### 2.1 Argivale dokumente

Dokumentêre inligting wat met die fortifikasies van Pretoria verband hou, is baie beperk. Slegs enkele primêre bronne was in die Kaapse en Transvaalse argiefbewaarplekke beskikbaar. Hierdie klein hoeveelheid dokumente het weinig bruikbare inligting omtrent die fortifikasies aan die lig gebring. Dit was gevolglik noodsaaklik om staat te maak op die inligting van die enkele skrywers wat reeds oor die fortifikasies geskryf het, om meer oor die geskiedenis daarvan vas te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2 Ander historiese inligting

Ander inligting omtrent die militêre fortifikasies van Pretoria is nie sonder leemtes nie, aangesien die fortifikasies nog nooit in enige wetenskaplike geskiedskrywing beskryf is nie. Werke wat oor die Eerste Anglo-Boereoorlog handel, het nietemin waardevolle inligting omtrent die tydgenootlike fortifikasies gehad. Dit is veral die werke van Lady Bellairs, J.E.H. Grobler en J. Nixon wat van groot waarde was.[3]

Slegs een werk het oor die Boereforte wat kort voor die Tweede Anglo-Boereoorlog gebou is, gehandel.[4] Dié werk, van kolonel (dr.) J. Ploeger en majoor H.J. Botha, plaas die klem in so 'n mate op Fort Klapperkop dat die ander forte ongelukkig slegs oorsigtelik aandag kry. Veral Fort Daspoortrand kry weinig aandag. Die werk het tog waardevolle addisionele inligting omtrent die toestande waartydens die fortifikasie plaasgevind het, gegee. Ander literatuur wat oor die Tweede Anglo-Boereoorlog handel, het sonder uitsondering die forte slegs gemeld of totaal uitgesluit. Dit geld ook die fortifikasies wat tydens die oorlog opgerig is.

'n Groot hoeveelheid inligting oor die fortifikasies van beide oorloë, is afkomstig van koerant- en tydskrifartikels, hoofstukke uit werke van groter omvang en ongepubliseerde brokkies inligting uit verskeie oorde. Die meeste van hierdie artikels het slegs op een van die fortifikasies gefokus, sodat dit moontlik was om oor feitlik elkeen van die fortifikasies iets meer te wete te kom. Sommige het slegs 'n oorsig van Pretoria se fortifikasies gegee en dan was die inligting weinig meer as die reeds bekende feite.

## 2.3 Argeologiese navorsing

Uit die bostaande is dit duidelik dat dit nodig was om ook aandag te gee aan die fisiese oorblyfsels van die fortifikasies op die grond. Verskeie van die fortifikasies is reeds vernietig en die grootste meerderheid van dié wat oorbly, verkeer in 'n baie swak toestand. (Die toestand van die oorblyfsels word in die betrokke hoofstukke (i.e. 2, 3 en 4) bespreek.) Voorts is geen wetenskaplike argeologiese navorsing nog tot dusver oor enige van hierdie fortifikasies onderneem nie. 'n Aantal amateurprojekte is wel onderneem, naamlik by Fort Wonderboompoort, Fort Tullichewan en die Eastern Redoubt, maar die resultate daarvan sal wetenskaplik gestaaf moet word.

## 2.4 Bevindings

Op grond van bostaande leemtes is dit duidelik dat daar 'n definitiewe behoefte ten opsigte van navorsing omtrent die fortifikasies van Pretoria bestaan. Dit is verder duidelik dat 'n tweeledige ondersoek nodig was.

Eerstens moes 'n literatuurondersoek gedoen word om soveel as moontlik van die historiese agtergrond omtrent elke fortifikasie vas te stel. Tweedens moes 'n opname van die fisiese oorblyfsels van die fortifikasies op die grond gemaak word, sodat daar vasgestel kon word wat die ligging en toestand daarvan is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar 'n behoefte aan histories-argeologiese navorsing ten opsigte van die fortifikasies van Pretoria bestaan. Hierdie studie is 'n evaluering hiervan en slegs 'n eerste fase gidsstudie waaruit ander histories-argeologiese studies kan voortvloei (vergelyk punt 11 in hierdie hoofstuk).

Omdat dit dus gesien kan word as die agtergrondstudie ten opsigte van 'n groter navorsingsprojek, sal aandag hoofsaaklik aan die opsporing van dokumentasie en fisiese oorblyfsels van die fortifikasies van Pretoria gegee word.

Uit die ontsluiting van argivale bronne en die verwerking van alle dokumentasie insake die forte, is ses belangrike afleidings gemaak wat bepalend sou wees in verband met die fortifikasies en navorsing in verband daarmee. Dit is naamlik:

a. dat daar meer as dertig fortifikasies in en om Pretoria opgerig is;
b. dat Pretoria se posisie as hoofstad van die ZAR grootliks die fortifisering van die stad beïnvloed het;
c. dat 'n groot hoeveelheid van die fortifikasies reeds vernietig of ernstig beskadig is;
d. dat argivale inligting beperk is;
e. dat min of geen planne van die fortifikasies bestaan nie, en
f. dat daar oor Fort Daspoortrand in vergelyking met die ander drie Boereforte opvallend minder argivale of gepubliseerde bronne bestaan.

Die implikasies van hierdie bevindinge is soos volg:

a. Omdat daar 'n duidelike verband tussen die fortifikasies en die plekke van oprigting is, behoort dit as 'n gesamentlike studie onderneem te word.
b. Elke fortifikasie het 'n spesifieke doel gehad wat bygedra het tot 'n gesamentlike doel, nl. die beveiliging van die stad.

Hierdie doel maak bv. die Pretoriase fortifikasies los van die blokhuislinies, wat so algemeen tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog opgerig is en wat 'n ander doel gedien het.

c. 'n Streeksopname is van kardinale belang, sodat al die fortifikasies van Pretoria ten minste op 'n kaart aangedui kan word, voordat almal dalk vernietig word.

d. 'n Argeologiese studie is op elkeen van die terreine nodig om die bestaande inligting aan te vul.

e. Planne moet as deel van so 'n studie opgestel word.

f. Fort Daspoortrand verdien besondere aandag vanweë sy argitektoniese uniekheid.

## 3. Literatuurondersoek: bronne i.v.m. die fortifikasies van Pretoria

Uit die aanvanklike literatuurverkenning is afgelei dat Pretoria by drie geleenthede tydens die twee Anglo-Boereoorloë gefortifiseer is. Volgens verskeie bronne is 'n indrukwekkende netwerk van fortifikasies opgerig om die stad teen aanvalle van buite te beskerm.

Hoewel daar by al drie fases van fortifisering groot klem op die oprigting van die militêre verdedigingstrukture geval het, het dit nie 'n beslissende rol tydens die oorloë vervul nie. Hierdie aangeleenthede word volledig in die betrokke hoofstukke (i.e. 2, 3 en 4) bespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.1 Die eerste fortifisering van Pretoria

Die eerste fortifisering van Pretoria het tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog plaasgevind (Ill. 2.34 in hoofstuk 2). Bronne wat in hierdie verband waardevolle inligting verstrek het, was die volgende:

Lady Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Cape Town, 1972); J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Pretoria, 1980) en J. Nixon, The complete story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London (Cape Town, 1972). Die meeste inligting oor hierdie fortifikasies is uit bogenoemde bronne afkomstig.

Dit moet gemeld word dat Pretoria in hierdie stadium deur die Britse militêre owerheid beset is en daarom deur hulle gefortifiseer is om die Boere-beleëraars af te weer. Transvaal is naamlik op 12 April 1877 deur Brittanje geannekseer. Bronne wat inligting hieroor verskaf het, was die bogenoemde drie, sowel as die volgende: L. Scott se hoofstuk, Boereweer-Stand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld, Die Eerste Vryheidsoorlog. Van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling, 1877-1884 (Pretoria, 1980); F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die geskiedenis van die RSA (Johannesburg, 1982) en die hoofstuk van D.H. Heydenrych, Die Boere-repubieke 1852-1880, in T. Cameron en S.B. Spies, Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld (Kaapstad, 1986).

Na onsuksesvolle pogings om die anneksasies deur middel van onderhandelings ongedaan te maak, het die Boere in Desember 1880 tot gewapende verset teen Brittanje oorgegaan. Pretoria is deur die Boere beleër en die Britte het die dorp gefortifiseer ten einde in staat te wees om moontlike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Boere-aanvalle af te weer. Hierdie basiese historiese agtergrond is deur al die genoemde bronne beskryf.

Die inligting, soos deur die bronne verstrek, verskil weinig van mekaar, hoewel daar soms klemverskuiwings voorkom. Bellairs, Grobler en Nixon laat die klem op die fortifikasies self val. Volgens Bellairs en Grobler is drie forte, naamlik Fort Royal, Fort Tullichewan en Fort Commeline gebou terwyl die militêre kamp, die tronk en die klooster versterk is. Grobler meld ook dat 'n blokhuis aan die noordekant van Pretoria, by die Eloff-deurgrawing, opgerig is (Ill. 2.34 in hoofstuk 2). Al drie hierdie bronne maak melding van nog 'n aantal blokhuise waarvan die ligging nie vasgestel is nie, omdat daar geen aanduiding daarvan gegee word nie.

Nixon meld dat dit slegs Fort Tullichewan is wat in enige aksie betrokke was, naamlik toe daar op 17 Januarie 1881 vanuit dié fort op Boere wat vee wou buit, gevuur is. Hierdie insident word in hoofstuk 2 volledig toegelig.

Die oorlog is beëindig met die Boere-oorwinning te Amajuba op 27 Februarie 1881, toe kommandant-generaal Piet Joubert se magte die Britse magte, onder aanvoering van generaal-majoor sir George Pomeroy Colley, oortuigend verslaan het. Die Boererepubliek het nou weer sy onafhanklikheid teruggekry. Hierdie roemryke slag is in vele bronne beskryf. Die werke van Van Jaarsveld en Heydenrych, asook die hoofstuk van J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in die werk van F.A. van Jaarsveld (Pretoria, 1980), is vir die doeleindes van hierdie verhandeling gebruik.

Bykomende bronne wat inligting omtrent hierdie fortifikasies verskaf het, was die tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria, <u>Pretoriana</u> (1955 en 1977-1980), asook <u>Lantern</u> (1989.05) en pamflette van die Raad vir Nasionale

Gedenkwaardighede. Hierdie inligting was meestal weinig meer as die reeds bekende feite.

Die Eerste Anglo-Boereoorlog het waarskynlik nie die Suid-Afrikaanse geskiedenis in so 'n groot mate soos die Tweede Anglo-Boereoorlog beïnvloed nie. Dit was grootliks 'n voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog. Die werke wat oor dié oorlog handel, het sonder uitsondering die Pretoriase fortifikasies gemeld. Dit was egter slegs Bellairs, Grobler en Nixon wat daarop uitgebrei het. Hierdie inligting is vol leemtes. Daarom is 'n argeologiese ondersoek na hierdie fortikasies nodig. Aangeleenthede rakende hierdie oorlog en die tydgenootlike fortifikasies word in hoofstuk 2 bespreek.

## 3.2 Die tweede fortifisering van Pretoria

Wat die fortifikasies van die Tweede Anglo-Boereoorlog betref, is die gebrek aan inligting nog groter. Die hoeveelheid werke wat oor hierdie oorlog verskyn het, is 'n bewys van die belang daarvan in die geskiedenis van Suid-Afrika. Vanweë die onbelangrike rol wat die fortifikasies tydens die oorlog vervul het, word dit in die meeste werke nie eens genoem nie. Wanneer daar wel hierna verwys word, is dit niks meer as 'n bloot toevallige verwysing nie.

'n Aantal skrywers het wel studies oor die fortifikasies onderneem, maar dit was dikwels niks meer as 'n kort oorsig of 'n fokus op enkeles daarvan nie. Hieronder tel die boek van J. Ploeger en H.J. Botha, Die fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag (Pretoria, 1968) en die hoofstuk van F.J. du T. Spies, Bladsye uit die militêre geskiedenis van Pretoria, in die boek van S.P. Engelbrecht, Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria (Pretoria, 1955). In hierdie gevalle was die inligting bloot 'n weergawe van enkele historiese feite rondom die fortifikasies en allermins volledig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie tweede fortifisering van Pretoria het kort voor die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog plaasgevind. Die omstandighede wat aanleiding hiertoe gegee het, word in die genoemde werk van Ploeger en Botha bespreek. Dit was veral die Jameson-inval wat die regering van die ZAR genoop het om die hoofstad te fortifiseer. Die Jameson-inval was 'n onsuksesvolle poging deur Brittanje om die regering van die ZAR oor te neem. Vier groot forte is tussen 1896 en 1898 rondom Pretoria as versterking opgerig, terwyl 'n verdere vier beplan is, maar vanweë 'n geldtekort nie opgerig is nie. Die vier forte is Fort Schanskop, Fort Wonderboompoort, Fort Klapperkop en Fort Daspoortrand (Ill. 3.50 in hoofstuk 3). Hierdie fortifisering word in hoofstuk 3 bespreek.

Volgens Ploeger en Botha het die Boere besluit om Pretoria nie te verdedig nie, omdat hulle geglo het dat die bemanning en geskut van die forte met groter doeltreffendheid in die veld aangewend kan word. Verskeie bronne wat in hierdie studie gebruik is, meld dat Pretoria op 5 Junie 1900 sonder slag of stoot deur die Britse magte ingeneem is. Vir die inligting rondom die aanloop tot en verloop van die oorlog is daar gebruik gemaak van die boek van T. Pakenham, Die Boere-oorlog (Johannesburg, 1981). Ander werke wat geraadpleeg is, is C.R. de Wet se Die stryd tussen Boer en Brit (Kaapstad, 1959); J. Selby se The Boer War. A study in cowardice and courage (London, 1969); die drie dele van J.H. Breytenbach se werk Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 (Pretoria, 1969-1973); P. Warwick en S.B. Spies se The South African War. The Anglo Boer War 1899-1902 (London, 1980); W. Grutter en D.J. van Zyl se The story of South Africa (Cape Town, 1981); die boek van F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die geskiedenis van die RSA (Johannesburg, 1982); F. Pretorius se werk 1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog (Kaapstad, 1985) en T. Pakenham se hoofstuk oor die Tweede Anglo-Boereoorlog in T. Cameron en S.B. Spies se Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beeld (Kaapstad, 1986). Hierdie bronne het weinig van mekaar verskil omdat almal getroue weergawes van die oorlog gee.

Omdat die beskrywing van die Tweede Anglo-Boereoorlog nie relevant vir die doel van hierdie studie is nie, word dit slegs in die inleiding van die betrokke hoofstuk (i.e. 4) gemeld. Vir hierdie breë oorsig is die werke van W.J. de Kock, Geskiedenis van Suid-Afrika (Pretoria, 1971) en F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 (Kaapstad, 1991) gebruik.

## 3.3 Die derde fortifisering van Pretoria

Nadat die Britse magte Pretoria ingeneem het, is dit vir 'n derde keer gefortifiseer (Ill. 4.41 in hoofstuk 4). Hierdie fortifisering deur die Britte sou Pretoria in 'n oninneembare vestingstad omskep, omdat dit die tekorte van die tweede (onvolledige) fortifisering aangevul het. Nie een van die bogenoemde bronne meld enige van hierdie Britse fortifikasies nie. Inligting hieroor is uit koerant- en tydskrifartikels, van ou kaarte, argivale dokumente en persoonlike onderhoude verkry. Op hierdie wyse is inligting oor sestien fortifikasies opgespoor. Hulle is die volgende: Cable Hill, Johnston, Eastern, Magazine, Quagga, Howitzer, Johannesburg Road en River redoubt asook Vesting, Wesfort, Klapperkop, Kwaggapoort, Wonderboompoort, Meintjies-kop, Hillcrest en Muckleneuk blokhuis. Hierdie fortifikasies word in hoofstuk 4 bespreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. Evaluering van die belangrikste bronne

Samevattend word die belangrikste bronne nou kortliks in oënskou geneem. Van die bronne wat inligting omtrent die fortifikasies van die Eerste Anglo-Boereoorlog gehad het, is die werke van Bellairs en Nixon en die proefskrif van Grobler die belangrikste. Slegs Bellairs het doelbewus baie aandag aan die fortifikasies gegee en was daarom baie bruikbaar. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat sy die beleg van Pretoria meegemaak het, omdat sy en haar man, kolonel W. Bellairs, die bevelvoerder van die Britse magte in Transvaal, hulle in daardie stadium in Pretoria bevind het. Haar weergawe van die gebeure kan as betroubaar aanvaar word, omdat dit strook met tydgenootlike en hedendaagse weergawes.

Grobler en Nixon se inligting was minder volledig, maar wel 'n getroue weergawe van die gebeure, omdat dit ooreenstem met ander bronne. Die drie bronne vul mekaar aan om 'n geheelbeeld van die gebeure te skep. Al drie hierdie bronne het ook agtergrondinligting oor die Eerste Anglo-Boereoorlog verskaf. Hiervoor is daar egter grootliks op die twee werke van F.A. van Jaarsveld en die hoofstuk van Heydenrych in die werk van Cameron en Spies gesteun. Hierdie werke het nie oor die fortifikasies verslag gelewer nie, maar het die oorlog in detail behandel. Die inligting uit die genoemde werke stem min of meer ooreen, sodat die bronne as betroubaar en volledig beskou kan word.

Die artikels van F.J. du Toit Spies in Pretoriana (1955 en 1980), die artikel van B. Thomson in Lantern (1989.05) en die pamflette van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het inligting omtrent die fortifikasies gehad. Hoewel dit juis en volledig is, het dit weinig nuwe feite aan die lig gebring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bitter min bronne wat oor die Tweede Anglo-Boereoorlog handel, het aandag aan die Boereforte en die Britse fortifikasies afgestaan. Slegs die werk van Ploeger en Botha en die hoofstuk van Spies in die Pretoriase Eeufeesjaarboek het enigsins die Boereforte behandel. Veral Ploeger en Botha se werk was bruikbaar. Spies het nie enige onbekende feite aan die lig gebring nie. Vir inligting oor die Boereforte moes daar teruggeval word op argivale dokumente, wat meestal die feite uit bogenoemde bronne bevestig het. Weinig addisionele inligting is uit argivale bronne verkry.

Enkele kort artikels uit koerante en tydskrifte het inligting omtrent die Britse fortifikasies van die Tweede Anglo-Boereoorlog verskaf. 'n Klein aantal argivale bronne het verdere inligting verskaf. Dit is om hierdie rede dat daar min oor hierdie fortifikasies in hierdie verhandeling gesê kan word. Dit wil voorkom asof meer volledige inligting slegs in die Public Record Office in Londen gekry sal word.

Die bronne wat gebruik is om die agtergrond van die Tweede Anglo-Boereoorlog te skets, is almal betroubaar aangesien almal dieselfde feite gee. Slegs in enkele uitsonderlike gevalle is inligting bygevoeg. Die werk van Pakenham (1981) verdien vermelding vanweë die gemaklike styl daarvan, wat tot gevolg het dat dit maklik bestudeer kan word.

## 5. Samevattende bevindings

Dit is duidelik dat daar groot leemtes ten opsigte van geskrewe bronne omtrent die fortifikasies van Pretoria bestaan.

### 5.1 Leemtes ten opsigte van geskrewe bronne

a. Min dokumente met min addisionele inligting oor die fortifikasies bestaan.

b. Die militêre fortifikasies van Pretoria is nog nooit volledig beskryf nie.

c. Min addisionele inligting omtrent die inrigting, bemanning en logistiek van die fortifikasies bestaan.

d. Geen wetenskaplik argeologiese navorsing is tot nog toe oor die fortifikasies onderneem nie.

5.2 Implikasies

Dit is derhalwe noodsaaklik dat daar aan hierdie leemtes aandag gegee word. 'n Historiese agtergrondstudie moet so ver moontlik uitgevoer word, sodat alle dokumentêre inligting oor die forte bekend word. Tweedens behoort die fisiese oorblyfsels van die fortifikasies argeologies ondersoek te word ten einde meer daaroor vas te stel.

Omdat hierdie studie slegs 'n gidsstudie is, waaruit verdere argeologiese navorsingsprojekte kan voortvloei, sal alle beskikbare dokumentêre inligting bestudeer word. Die oorblyfsels van die fortifikasies sal geëvalueer word t.o.v. die moontlikheid vir verdere navorsing in hierdie verband.

## 6. Doelstelling

Die bevindings wat in punt 2.4 en punt 5 bespreek is, bring ons direk by die doel van hierdie studie.

### 6.1 Doelwitformulering

Die doel van die studie is tweevoudig:

Eerstens is dit om 'n histories-argeologiese opname van militêre fortifikasies binne die munisipale grense van Pretoria te maak, en

tweedens om besondere aandag aan Fort Daspoortrand binne hierdie konteks te gee, deur 'n studie van die grondplan daarvan te maak.

6.2 Motivering van doelstelling

Daar is reeds op die belang van 'n streeksopname gewys. Dit is ook gestel dat geen sodanige navorsing vantevore gedoen is nie. Dit kan verder beklemtoon word deur daarop te wys dat hierdie inligting met vrug in die toekoms aangewend kan word. Elkeen van die geïdentifiseerde terreine kan as afsonderlike argeologiese navorsingsprojekte dien. Hierdie studie dien dus as 'n vroeë agtergrondstudie ten opsigte van 'n groter projek, naamlik die uiteindelike rekonstruksie van Pretoria se fortifikasies (vgl. punt 2.4). Omdat die inligting uit dokumentêre bronne grootliks hiermee afgehandel sal wees, sal die aandag in verdere studies hoofsaaklik aan die argeologie gewy kan word.

Dit is reeds beklemtoon dat Fort Daspoortrand besondere aandag verdien omdat dit 'n spesiale plek in die fortifisering van Pretoria het. Dit is ook die mees misterieuse van al die fortifikasies. Boonop is dit van al die vestings in Pretoria wat nog nie tot nasionale gedenkwaardighede verklaar is nie, verreweg die beste bewaar (dit beteken nie dat die fort in 'n goeie toestand is nie). Die fort is enig in sy soort en het nie sy gelyke in Suid-Afrika nie. Die planvorm daarvan verskil van en dit is groter as die ander drie Boereforte. Juis omdat dit 'n unieke argitektoniese struktuur is, verdien dit meer aandag as enige van die ander fortifikasies van Pretoria.

Dit is ook reeds aangetoon dat hierdie verhandeling 'n histories-argeologiese studie is. Die teoretiese benadering (punt 11) in hierdie hoofstuk werp meer lig op die werkswyse hiervan ten opsigte van historiese rekonstruksies.

## 6.3 Metode

### 6.3.1 Historiese data

Alle beskikbare inligting, i.e. brosjures, kaarte, planne, argivale dokumente, artikels, boeke, foto's, opinies ensovoorts, is bestudeer om die geskiedenis van Pretoria se fortifikasies so volledig en objektief moontlik te rekonstrueer. Hierdie historiese inligting is uit argiefbewaarplekke, privaatversamelings en biblioteke verkry. Enige dokumente of bronne wat enigsins iets met die twee Anglo-Boereoorloë te doen gehad het, is gebruik om die tersaaklike inligting te vind. Bronne is deurentyd met mekaar vergelyk as kontrolemaatreël om te verseker dat slegs deeglik gestaafde feite gebruik word. Argivale dokumente is ook gebruik om inligting te staaf (vergelyk punt 11.2, in hierdie hoofstuk).

Die bogenoemde is in ooreenstemming met die navorsingsdoel dat die inligting afkomstig uit dokumentêre bronne, grootliks deur hierdie studie afgehandel moet word.

Omdat daar van so 'n groot hoeveelheid dokumentêre inligting in hierdie studie gebruik gemaak is, was dit noodsaaklik om verwysing deur middel van voetnotas toe te pas, hoewel dit nie die algemene gebruik in argeologiese studies is nie. Om die Harvardmetode te gebruik om erkenning aan die bronne te gee sou lomp wees en die teks voortdurend onderbreek. Die rede hiervoor is dat daar dikwels na verskeie bronne verwys moet word omdat 'n enkele kultuurhistoriese feit uit verskeie bronne verkry is. Dit is veral ten opsigte van argivale dokumente dat verwysing deur middel van voetnotas meer prakties is.

## 6.3.2 Argeologiese veldwerk

### 6.3.2.1 Area-opname

Dit is nodig dat die ligging van die fortifikasies vasgestel word, sodat dit vir verdere studiedoeleindes besoek kan word. Hiervoor is ou kaarte bestudeer en persone wat kennis omtrent die ligging van die fortifikasies het, geraadpleeg. Hierna is die terreine besoek om enige oorblyfsels van die fortifikasies te vind.

### 6.3.2.2 Terreinondersoeke

Die doel van terreinondersoeke is eerstens om enige moontlike oorblyfsels van die fortifikasies te vind en dit te fotografeer.

Tweedens is dit om vas te stel wat die toestand van die fortifikasies is en om die moontlikheid vir argeologiese navorsing te bepaal. Opgrawings vind slegs by Fort Daspoortrand plaas en dan ook net in soverre dit help met die skets van 'n grondplan. Dit dra by tot die uiteindelike identifikasie, interpretasie en rekonstruksie van die fort.

6.3.2.3 Vondstemateriaal

Artefakte wat by Fort Daspoortrand gevind word, word geklassifiseer en gelys om as 'n voorlopige model vir soortgelyke aanverwante studies in die toekoms te dien. Die waarde van historiese artefakte vir datering sal hieruit afgelei kan word.

6.3.3 Vergelyking

Vergelykings tussen die verskillende fortifikasies word nie apart behandel nie. Die teks is van so 'n aard dat verskille en ooreenkomste tussen die fortifikasies voor die hand liggend sal wees.

Voldoende foto's word geplaas, sodat verskille en ooreenkomste duideliker geïllustreer sal wees.

6.3.4 Evaluasie

'n Evaluasie van die militêre fortifikasies van Pretoria word gemaak deur dit op 'n kaart van die omgewing aan te dui. Die fortifikasies word ook in klasse ingedeel op grond van die toestand van verval waarin dit verkeer (Ill. 6.1).

7. Samestelling van die verhandeling

Hoofstuk 1 dien as inleiding. Die studie word in perspektief geplaas ten opsigte van vorige studies in hierdie verband en die agtergrond waarteen die navorsing geskied het, word genoem.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die studie begin by die eerste fortifisering van Pretoria, nl. dié deur die Britse owerheid van 1880. Hoofstuk 2 behandel hierdie geskiedenis. Hierdie hoofstuk dien ook as voorbereiding vir die inligting omtrent die tweede en derde fortifisering van Pretoria, omdat sekere hoogliggende areas wat reeds in 1880 geïdentifiseer en gefortifiseer is, weer tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog gefortifiseer is. Dit dui op die hoogstaande gehalte van die beplanning, wat weer op die belang van Pretoria dui. Die eerste doelwit van die studie word bereik deur die identifisering van die fortifikasies.

Hoofstuk 3 handel oor die Boereforte van die Tweede Anglo-Boereoorlog. Deur die identifisering van die terreine word die eerste doelwit bereik. Die tweede doelwit word bereik deur die kontinuïteit met hoofstuk 5. Die klem van die studie val toenemend op Fort Daspoortrand, omdat dit 'n integrale deel van hierdie fortifiseringsplan uitgemaak het.

Hoofstuk 4 handel oor die Britse fortifikasies van die Tweede Anglo-Boereoorlog. Die eerste doelwit word weer eens bereik deur die identifisering van die fortifikasies. Dit word ook voltooi. Die hoofstuk dra by tot die tweede doelwit deurdat dit Fort Daspoortrand insluit, al is dit terloops.

Dit dien ook as agtergrond tot die algehele verdedigingsplan van Pretoria waarvan Fort Daspoortrand deel gevorm het. Die feit dat die Britte hulle fortifikasies op plekke wat reeds vroeër deur die Boere geïdentifiseer is, oprig, dui weer eens die kwaliteit van die beplanning aan beide kante aan. Dit toon ook die verband tussen die verskillende fortifikasies aan.

In hoofstuk 5 is die studieveld afgebaken tot Fort Daspoortrand waarna daar in groter detail gekyk word - die enigste van die vier Boereforte wat nie tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is nie, die unieke fort en die enigste wat nie deur 'n spesifieke instansie beheer word nie. Die tweede doelwit kry eers in hierdie hoofstuk werklik aandag en dit word dan ook voltooi.

Hoostuk 6 dien as samevatting en evaluering van die fortifikasies van Pretoria. 'n Opsomming van die toestand waarin die fortifikasies verkeer, word gegee.

## 8. Begripsomskrywing

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal gee die volgende definisies:

| | | |
|---|---|---|
| Blokhuis | - | Versterkte kliphuisie met skietgate. |
| Fort | - | 'n Versterkte militêre bouwerk; 'n vesting; 'n skans |
| Fortifiseer | - | Van vestingwerke voorsien, met forte versterk. |
| Skans | - | Militêre versterking bestaande meestal uit 'n opgeworpe wal. |
| Versterking | - | Wat sterker maak. |
| Vesting | - | Versterkte plek, fort.[5] |

Die Oxford Universal Dictionary gee die volgende definisie:

| | | |
|---|---|---|
| Redoubt | - | An outwork without flanking defences.[6] |

Volgens die Stigting Menno van Coehoorn se werk oor vestings word die volgende definisies gegee:

| | | |
|---|---|---|
| Fort | - | 'n Geslote vestingswerk wat na alle kante verdedigbaar is en sy verdediging selfstandig kan uitvoer. |
| Redout | - | 'n Eenvoudige reghoekige geslote veldwerk met grondwalle. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Reduit | - | 'n Selfstandige verdedigingswerk in 'n fort of vesting, bedoel as laaste toevlug. |
| Skans | - | 'n Selfstandige verdedigingswerk van grond gemaak en van uiteenlopende vorm. |
| Vesting | - | 'n Versterkte stad met permanente militêre besetting. [7] |

Volgens die Afrikaanse sinoniemwoordeboek is:

'n Fort =versterking =vesting
'n Blokhuis =fort =versterking
'n Vesting =fort
'n Skans =verdedigingsmuur =verdedigingswal. [8]

Hieruit kan ons die volgende afleidings maak:

a. 'n Fort is 'n gebou wat opgerig is om as vesting te dien, wat na alle kante verdedigbaar is en sy verdediging selfstandig kan uitvoer.
b. 'n Blokhuis is 'n klein fort, wat slegs met hand- en skouerwapens verdedig word.
c. 'n Skans is nie 'n gebou nie en is gewoonlik van grond gemaak.
d. Die term redoubt/redout/reduit is verwarrend. 'n Redoubt is 'n klein buitewerk van 'n fort. 'n Reduit is ook deel van 'n groter fortifikasie. Die Nederlandse redout blyk dieselfde as 'n skans te wees, behalwe dat die vorm verskil.
e. Al die bogenoemde is versterkings, maar 'n versterking kan ook 'n huis wees wat in 'n vesting omskep is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 9. Klassifikasie van Pretoria se fortifikasies

| FORT | BLOKHUIS | REDOUBT | SKANS | VESTING | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Fort Commeline<br>2. Fort Tullichewam | 1. Blokhuise in militêre kamp<br>2. Eloff-deurgrawing | | 1. Fort Royal | 1. Tronklaer<br>2. Convent Redoubt | Britse fortifikasies van die Eerste Anglo-Boere-oorlog (1880-1881) (I11.2.34) |
| 1. Fort Schanskop<br>2. Fort Wonderboompoort<br>3. Fort Klapperkop<br>4. Fort Daspoortrand | | | | | Boereforte van die Tweede Anglo-Boere-oorlog (1896-1898) (I11.3.50) |
| 1. Eastern redoubt<br>2. Magazine redoubt<br>3. Quagga redoubt | 1. Johnston redoubt<br>2. Vesting blokhuis<br>3. Wesfort blokhuis<br>4. Hillcrest blokhuis<br>5. Cable Hill redoubt<br>6. Muckleneuk blokhuis<br>7. River redoubt<br>8. Klapperkop blokhuis | 1. Wesfort blokhuis<br>2. Klapperkop blokhuis | | | Britse fortifikasies van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1900-1902) (I11. 4.41) |

Let daarop dat die Wesfort en Klapperkop blokhuis ook as redoubte geklassifiseer word. Die Klapperkop blokhuis voldoen bv. aan die definisie van 'n blokhuis, maar omdat dit waarskynlik 'n buitepos van Fort Klapperkop was, is dit ook 'n redoubt. Dieselfde geld vir die Wesfort blokhuis. Dit kom dus voor asof "blokhuis" dui op die tipe struktuur (hoewel dit ook 'n funksionele waarde kan hê) en "redoubt" op die funksie van die struktuur (nl. om 'n buitewerk te wees).

'n Dieperliggende studie na bv. verbindingspaaie, vervoerroetes en infrastruktuur kan die onsekerheid hieroor opklaar. Dit is egter nie die doel van hierdie studie nie.

Dit is interessant om daarop te let dat 'n aantal redoubte onder forte ingedeel is. Hierdie redoubte was van so 'n groot omvang en was duidelik nie buitewerke van 'n groter struktuur nie. Om hierdie rede word hulle as forte ingedeel. Omdat die naam redoubt oorspronklik aan hulle gegee is, sal daar in die teks steeds van hulle as redoubte gepraat word.

Sommige van die fortifikasies wat in die teks genoem word, kom nie op die tabel voor nie. Die rede hiervoor is dat die strukture hiervan vernietig is en dat daar geen dokumentêre afbeelding bestaan waarvolgens dit ingedeel kan word nie.

## 10. Die omgewing

### 10.1 Algemene omgewing van Pretoria

Pretoria is geleë op 25° 44' Suiderbreedte en 28° 11' Oosterlengte. Die stad is op 'n hoogte van 1310 meter bo seespieël en is dus op die Hoëveldse plato geleë.

Dit val binne die primêre plantegroeistreek van Suidelike Afrika wat bekend staan as die gematigde grasveld. Die kenmerkende natuurlike plantegroei van die omgewing is die kortgrastipes. Geologies is Pretoria op die Bosveldstollingskompleks geleë en spesifiek op die Transvaalse siklus daarvan. Die gebied is ryk aan minerale.

Die reënval in die gebied wissel tussen 500 en 750mm per jaar. Dit lê in die somerreënvalgebied en kry die meeste reën gedurende Januariemaand. Die gemiddelde daaglikse temperatuur wissel van 20°C gedurende die wintermaande tot 29°C gedurende die somermaande. [9]

Dit is belangrik om te onthou dat Pretoria 'n stad is, en boonop die administratiewe hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika. Die gevolge hiervan is dat snelle uitbreiding, ontwikkeling en verstedeliking aan die orde van die dag is.

Met die sensusopnames van 1985 was die bevolkingsgetal reeds 822 925 mense. [10] Daar kan aanvaar word dat Pretoria vandag 'n veel groter bevolking het.

Dit is noodwendig waar dat die moderne ontwikkeling 'n gevaar vir die historiese oorblyfsels bied. Dit geld nie net vir die fortifikasies nie, maar ook vir ander geboue en terreine wat bedreig word.

10.2 <u>Omgewing van die fortifikasies</u>

Die fortifikasies is gebou op strategiese, hoogliggende areas, soos toegangsweë tot Pretoria en naby spoorwegroetes in en om Pretoria (Ill. 6.1 in hoofstuk 6). Hoewel dit vandag nie so mag lyk nie, was Fort Royal, die militêre kamp, die tronklaer en die Convent redoubt op hooggeleë gebiede. In daardie dae (1880) was Pretoria 'n klein dorpie, beskut tussen die berge en in 'n kom geleë.

Daar was dus 'n goeie uitsig van hierdie punte. Vandag bestaan nie een van hierdie fortifikasies meer nie en is die terreine waarop dit gestaan het, toegebou.

Dit lyk ook nie of die Vesting blokhuis op 'n hoogliggende gebied opgerig is nie; tog is dit wel op die hoogste punt oos van die destydse militêre gebied opgerig vanwaar ook die Johannesburgpad bewaak kon word. Al die ander fortifikasies is op hoogliggende gebiede geplaas, vanwaar dit 'n goeie uitsig oor die omliggende gebied kon hê, as seinposte gebruik kon word of oor 'n pad- of spoorwegroete moes waak.

Die ligging van die fortifikasies bied voor- en nadele. Omdat hulle meestal op die hoogliggende koppe opgerig is, is hulle nie altyd so maklik bereikbaar nie. 'n Voorbeeld is die Cable Hill redoubt. Dit bied 'n mate van beskerming. Die nadeel aan hulle hoë ligging is dat dit 'n ideale plek vir die oprig van waterreservoirs is, sodat die fortifikasies beskadig of selfs vernietig word. Daar is legio voorbeelde hiervan in die teks. Radiomaste is ook by sommige opgerig, met die gepaardgaande skade aan die strukture.

Sommige van die hoë koppe is gesog vir moderne residensiële uitbreiding. 'n Hele aantal fortifikasies het al op dié wyse verdwyn. Omdat die fortifikasies ietwat afgeleë is, is toesig daaroor uiters moeilik. Dit is maklik vir boemelaars en vandale om daar vuur te maak en die mure te bekrap en af te breek. Baie van die klipmure is waarskynlik ook afgebreek en die klippe weggery om in rotstuine gebruik te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Paaie, spoorlyne en geboue staan vandag op plekke waar daar vroeër fortifikasies was. Dit is te wagte dat dit nie moontlik is om altyd historiese strukture tydens ontwikkeling in ag te neem nie. Indien daar doelbewus 'n poging aangewend word om soveel moontlik inligting t.o.v. elke terrein in te samel voor dit vernietig word, sal daar nie soveel inligting verlore gaan nie. Soms, soos in die geval van Fort Daspoortrand, weeg die historiese waarde van die terrein veel swaarder as dié van die moderne ontwikkeling.

Met die voltooiïng van hierdie studie is die terreine van 'n groot aantal van Pretoria se fortifikasies geïdentifiseer. Die studie kan as basis vir verdere studies in historiese argeologie dien. In sodanige studies moet die omgewing van die fortifikasie wat bestudeer word ook ondersoek word, omdat dit lig op o.m. die doel en verband van die fortifikasie t.o.v. ander fortifikasies, werp. Dit is nodig dat daar altyd 'n fyn balans tussen bewaring en ontwikkeling moet wees, sodat die belange van die gemeenskap die beste gedien sal word.

## 11. Teoretiese benadering

### 11.1 Omskrywing van historiese argeologie

Historiese argeologie is een van die hoof-onderafdelings van die vak argeologie, die ander is pre- en protohistoriese argeologie. Hierdie indeling is in ooreenstemming met die beskikbaarheid van historiese bronne. Prehistoriese argeologie werk met die tydperk voor skrif bestaan het en die argeoloog is dus slegs aangewese op materiële oorblyfsels op 'n gegewe terrein. By protohistoriese argeologie is daar beperkte historiese bronne beskikbaar waarvan die argeoloog gebruik kan maak in sy interpretasie van 'n terrein.

Hierteenoor word daar van baie historiese bronne gebruik gemaak in die historiese argeologie. Hieruit kan afgelei word dat dit die tydperk is nadat skrif ontstaan het.

Uit bostaande gegewens kan die volgende definisie van historiese argeologie gegee word:

> Historiese argeologie is die argeologie waar daar nie net van die kulturele oorblyfsels op 'n argeologiese terrein gebruik gemaak word nie, maar waar daar ook historiese bronne bestaan wat gebruik kan word in die interpretasie en rekonstruksie daarvan.

Dit is duidelik dat hierdie verhandeling 'n histories-argeologiese studie is.

## 11.2 Interdissiplinêre navorsing

### 11.2.1 Verband tussen argeologie en geskiedenis (kultuurgeskiedenis)

Die doelwitte van sowel argeologie as geskiedenis is dieselfde, nl. die objektiewe, feitelike weergawe van gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het. Dit kan ook rekonstruksie genoem word. Die rekonstruksie vind plaas na 'n interpretasie van die gebeure. Die twee dissiplines vul mekaar aan tydens interpretasie.

D.P. Dymond verklaar in dié verband soos volg:

> "The first obvious similarity between the two subjects is that the students of each attempt to write history in die broad sense, that is, they are trying to reconstruct as fully and accurately as possible the story of human life in the past."[11]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die skrywer is van mening dat dit juis die kombinasie van dissiplines is wat ons in staat stel om soveel moontlik oor die gebeure van die verlede vas te stel. Op hierdie wyse kom ons nader aan die waarheid en is ons in staat om die objektiwiteit van die studie te verhoog. Dit is op hierdie wyse wat die ligging van die Pretoriase fortifikasies in hierdie studie vasgestel is.

In hierdie verband konstateer Dymond dat sowel argeologie as geskiedenis bewyse hanteer wat onvolledig en vol leemtes is. Omdat baie van die argeologiese artefakte beskadig is en ook historiese dokumente net deels bewaar bly, kan dit aanvullend tot mekaar gebruik word. Hy wys daarop dat opgrawing nie die enigste metode is waarop argeologiese inligting verkry kan word nie. Omdat daar veel meer materiaal vir die historikus as vir die argeoloog beskikbaar is, moet die argeoloog by die historikus leen. Hy beskou die twee vakrigtings as komplementêr tot mekaar. [12] Daarom word daar in hierdie studie so 'n groot hoeveelheid historiese dokumente hanteer.

K.E. Lewis erken 'n groot voordeel in die gebruik van historiese data in argeologiese navorsing. Die dokumente kan sowel die interpretasie as die organisatoriese en gedragsaspekte van die bestudeerde sosio-kulturele stelsels vergemaklik. [13] Ook J.C Harrington huldig hierdie mening wanneer hy skryf dat argeologiese data saam met dokumentêre bewyse gebruik moet word om die terrein te interpreteer. [14]

Dymond ondersteun hierdie standpunt. Hy skryf dat 'n gekoördineerde benadering gewis 'n meer komplekse interpretasie tot gevolg sal hê. Dit is volgens hom die doel van die historiese waarheid. [15]

11.2.2 Voorbeelde

Enkele voorbeelde uit hierdie studie dien as motivering vir bogenoemde stellings. Die argeologiese oorblyfsels van Fort Daspoortrand toon 'n duidelik verskil vergeleke met enige van die ander drie Boereforte. Deur opgrawings te doen kan die verskille uitgewys en die omvang daarvan beklemtoon word. Geen verklaring kan egter uit die opgrawings daarvoor gegee word nie. Die argivale dokumente stel ons in staat om hierdie verklaring te lewer. Hieruit kan vasgestel word dat Fort Daspoortrand deur 'n ander firma as die orige drie Boereforte gebou is. Die verklaring kan veel verder gevoer word. Uit die dokumentasie is dit duidelik dat kommandant-generaal Piet Joubert 'n pro-Franse houding gehad het, waarskynlik vanweë sy Franse afkoms. Ons weet ook dat daar 'n mededinging tussen Duitse en Franse maatskappye in die Zuid-Afrikaansche Republiek was. Wanneer dit uit die dokumente opval dat 'n Duitse firma drie van die forte gebou het en 'n Franse firma Fort Daspoortrand gebou het, verklaar dit vir ons die verskille.

As 'n tweede voorbeeld dien die volgende. Die beskikbare bronne en dokumentasie meld dat Fort Daspoortrand groter as die ander drie Boereforte is. Die omvang van die verskil word nie aangetoon nie, onder meer omdat geen planne van die forte beskikbaar is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die dokumente tot ons beskikking kan miskien 'n verklaring vir die verskille gee (nl. dat 'n ander firma Fort Daspoortrand gebou het), maar dit kan die verskille nie spesifiseer nie.

Deur nou na die argeologiese oorblyfsels te kyk en dit te ondersoek sien ons dat Fort Daspoortrand drie manschappen- en drie ammunitiekamers het, terwyl die ander drie forte net een van elk het. Deur opgrawings te doen en 'n plan te teken kan ook aangetoon word dat die hospitaalvertrek van Fort Daspoortrand groter is as dié van die ander drie forte. Hier het die argeologiese oorblyfsels bygedra om die inligting, soos verkry uit kultuurhistoriese bronne, aan te vul.

Uit bogenoemde twee voorbeelde is dit duidelik dat 'n volledige rekonstruksie en verklaring van die geskiedenis van die forte, slegs moontlik is indien daar van beide dissiplines gebruik gemaak word.

11.2.3 Bydrae van argeologiese inligting tot historiese rekonstruksies

Die laaste van die voorafgaande voorbeelde toon dat die geskiedskrywing ook afhanklik van argeologiese navorsing is. W.S.Dancey stel dit soos volg:

> "Some facets of history, even in modern periods, are lacking in comprehensive or appropriate documentary records, and archaeology has made important contributions here also."[16]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In aansluiting hierby konstateer Dymond dat daar geen rede is waarom die wêrelde van argeoloë en historici eksklusief moet wees nie.[17]

M.B. Schiffer verklaar in hierdie verband die volgende:

> "Whether we consider ourselves to be historians, archeologists, or historical archeologists, our substantive research is likely to involve consideration of both historical and archeological evidence. If we are to achieve our particular research goals, then we need to consider the general processes that form evidence of the cultural past."[18]

C.R. Fish stel dit veel eenvoudiger wanneer hy skryf dat amper elke historikus ietwat van 'n argeoloog en elke argeoloog ietwat van 'n historikus moet wees.[19]

Die bostaande dui onteenseglik daarop dat daar 'n behoefte aan aanvullende argeologiese inligting met betrekking tot die fortifikasies van Pretoria bestaan ten einde die bestaande historiese rekonstruksies aan te vul.

11.2.4 <u>Belang van interdissiplinêre samewerking ten opsigte van historiese rekonstruksies</u>

Dit is nie vreemd nie dat daar in argeologie van ander dissiplines gebruik gemaak word om die rekonstruksie so volledig moontlik te maak. Etno-argeologie dien hier as 'n voorbeeld.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Stanley South wys daarop dat die argeoloog van data wat argeologies, histories, argivaal en etnografies is, gebruik maak. Hy beskou dit as 'n verbreding van die databasis.[20] Dit bevestig weer eens dat die verskillende historiese vakdissiplines mekaar aanvul en sodoende bydra tot die breë geskiedskrywing.

Bekende studies in hierdie verband is William A. Longacre se studie oor die Pueblo Indiane van die Carter Ranch Site in Arizona,[21] Lewis R. Binford se bekende studie oor die Eskimo's van Alaska,[22] M.B. en B.B. Stanislawski se werk oor die Hopi Indiane in Arizona[23] en Julius C.C. Pistorius se studie oor die metaalbewerkers van Phalaborwa.[24]

Op die gebied van historiese argeologie het daar verskeie werke verskyn. Stanley South het verskeie studies in hierdie verband onderneem, soos by Brunswick Town in Brits-Amerika.[25] Ander histories-argeologiese studies is James F. Deetz se werk by die La Purísima Mission,[26] J.C. Harrington se studie by Fort Necessity[27] en L.G. Ferguson se studie oor Fort Watson.[28]

Die hoeveelheid studies wat onderneem is, beklemtoon dat historiese argeologie beslis argeologie in die ware sin van die woord is. In hierdie verband konstateer South die volgende:

> "...use of ethnographic data and historical documentation by the archeologist does not result in a different kind of archeology ..."[29]

Hy verklaar voorts dat historiese argeologie slegs na 'n ander databasis verwys. Dit is argeologie wat op terreine van die historiese periode uitgevoer word.[30] Hy gee verskeie voorbeelde waaruit dit duidelik blyk dat die eindresultaat nie dieselfde sou gewees het as die twee vakdissiplines nie saamgewerk het nie.

C.E. Cleland en J.E. Fitting spreek hulle ook hieroor uit. Hulle konstateer soos volg:

> "...historic sites archaeology is not a different kind of archaeology but a field which requires the cooperation of a number of sub-disciplines." [31]

Dit is gevolglik noodsaaklik om interdissiplinêre samewerking te bevorder. Op hierdie wyse word interpretasies en rekonstruksies verbeter.

### 11.2.5 Samevatting

In hierdie studie is alle beskikbare historiese en reeds bestaande geskrewe inligting omtrent die fortifikasies van Pretoria saamgevoeg, sodat dit beskikbaar is vir verdere navorsing. Dit kan met vrug as aanvulling tot enige argeologiese navorsing ten opsigte van Pretoria se fortifikasies aangewend word. Sodoende sal die argeologie en kultuurgeskiedenis kombineer om betroubare, objektiewe historiese rekonstruksies te gee.

## 12. Voetnotas

1. J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron & S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, pp. 130-137.
2. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die militêre geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, pp. 91-107.
3. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk); J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.proefskrif, U.P.); J. Nixon, The Complete story of the Transvaal. From the Great Trek to the convention of London; J.E.H. Grobler, Die beleëring van Britse garnisoene, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling.
4. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag.
5. F.F. Odendal (red.) ea., Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, pp. 100, 228, 975 en 1279.
6. J.M. Hawkins, Oxford Universal Dictionary, p. 585.
7. Vestingbouwkundige termen in J. Sneep (red.) ea., Vesting. Vier eeuwen vestingbouw in Nederland, pp. 190-191.
8. L. Eksteen, Afrikaanse Sinoniemwoordeboek met Antonieme, pp. 68, 111, 313 en 407.
9. R. Heyns (red.) ea., South Africa 1987-1988, pp. 1-21.
10. Kaart, South-Africa, 1988.
11. D.P. Dymond, Archaeology and History. A plea for reconciliation, p. 75.
12. D.P. Dymond, Archaeology and History. A plea for reconciliation, pp. 76-85.
13. K.E. Lewis, Sampling the Archeological Frontier : Regional Models and Compact Analysis, in S. South (red.), Research Strategies in Historical Archeology, p. 152.
14. J.C. Harrington, Archaeology as an Auxiliary Science to American History, in R.L. Schuyler (red.), Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. D.P. Dymond, Archaeology and History. A plea for reconciliation, pp. 101-105.
16. W.S. Dancey, Archaeological field methods : an introduction, p. 4.
17. D.P. Dymond, Archaeology and History. A plea for reconciliation, p. 21.
18. M.B. Schiffer, Towards a Unified Science of the Cultural Past, in S. South(red.), Research Strategies in Historical Archeology, p. 34.
19. C.R. Fish, Relation of Archaeology and History, in R.L. Schuyler (red.), Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, p. 9.
20. S. South, Research Strategies in Historical Archeology : The Scientific Paradigm, in S. South (red.), Research Strategies in Historical Archeology, p. 1; S. South, Method and Theory in Historical Archeology, p. 2.
21. W.A. Longacre, Archaeology as Anthropology. A case study.
22. L.R. Binford, Nunamiut Ethnoarchaeology.
23. M.B. Stanislawski en B.B. Stanislawski, Hopi and Hopi-Tewa ceramic tradition networks, in I. Hodder (red.), The Spatial organisation of Culture, pp. 61-76.
24. J.C.C. Pistorius, Die Metaalbewerkers van Phalaborwa (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.).
25. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, pp. 47-82.
26. J.F. Deetz, Archaeological Investigations at La Purísima Mission, in R.L. Schuyler(red.), Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, pp. 160-190.
27. J.C. Harrington, New light on Washingtons Fort Necessity, in R.L. Schuyler(red.), Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, pp. 91-138.
28. L.G. Ferguson, An Archeological - Historical analysis of Fort Watson : December 1780 - April 1781, in S. South(red.), Research Strategies in Historical Archeology, pp. 41-70.
29. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, p. xiii.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



30. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, pp. 1-2 en 25.
31. C.E. Cleland en J.E. Fitting, The Crisis of Identity : Theory in Historic Sites Archaeology, in R.L. Schuyler (red.), Historical Archaelogy : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, pp. 243-244.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2
# FORTIFIKASIES VAN DIE EERSTE ANGLO-BOEREOORLOG (1880 - 1881)

## 1. Inleiding

Pretoria is in 1855 deur M.W.Pretorius gestig. Teen 1877, die jaar toe Brittanje die ZAR geannekseer het, was dit reeds lankal die hoofstad van die republiek. Geen fortifikasies is voor die aanvang van die Eerste Anglo-Boereoorlog in Pretoria opgerig nie. (Ill. 2.3)

Alvorens daar na die eerste fortifikasie van Pretoria gekyk word, is dit nodig dat die agtergrond waarbinne dit plaasgevind het, aandag geniet. Om hierdie rede sal 'n kort voorspel tot die Eerste Anglo-Boereoorlog en 'n saaklike verloop daarvan weergegee word. Dit word gevolg deur 'n beskrywing van Pretoria tydens die beleg, waarna die fortifisering behandel sal word.

## 2. Voorspel tot die Eerste Anglo-Boereoorlog

Die presidentskap van M.W.Pretorius is gekenmerk deur verskeie flaters. Dit is nie tersaaklik vir hierdie studie nie en word daarom nie hier bespreek nie. As gevolg van hierdie flaters, besluit die regering van die ZAR om 'n nuwe staatshoof te kies. Omdat die geleerde president J.H. Brand van die Vrystaat 'n goeie beeld teen Brittanje geskep het, word daar op 'n geleerde president besluit. [1] Die teoloog, Thomas Francois Burgers van die Kaapkolonie, word tot president verkies en hy word op 1 Julie 1872 in Pretoria ingesweer. [2]

Verskeie gronddispute het daartoe aanleiding gegee dat die ZAR die Britse regering gewantrou het. Brittanje wou verhoed dat die twee Boererepublieke te sterk word, omdat hulle dan makliker sou instem om deel van 'n Britse federasie te word.[3] 'n Federasie sou die roete na die Noorde vir Brittanje oophou sodat kontak met die binneland van Afrika gehandhaaf kon word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die idee om die grense van die Britse Ryk tot teen die Limpopo uit te brei, is amptelik deur die Britse Minister vir Kolonies, lord H. Carnarvon, gesteun.[4] Die twee Boererepublieke het egter as gevolg van hulle wantroue, standpunt teen 'n federasie ingeneem. Dit was vir Carnarvon duidelik dat hy op 'n ander wyse sy federasieskema sou moes uitvoer.[5]

Hy sou sy plan verwesenlik deur die Transvaalse Republiek te annekseer. Dit sou nie net die grensgeskille met die ZAR oplos nie, maar ook die weerbarstige Zoeloes met Britse gebied omring. Die Vrystaat sou ook sodoende omring wees deur Britse gebied, sodat die Republiek geen ander keuse sou hê as om by 'n federasie aan te sluit nie.

'n Hele aantal faktore het die Britse anneksasie van Transvaal bevoordeel. Die Transvaal moes baie jare met pionierstoestande worstel, daar was nie 'n gevoel van samehorigheid of eensgesindheid onder sy Afrikanerbevolking nie, Britse handelaars en gouddelwers het die land negatief voorgestel in die pers, die land was brandarm en kon nie sy potensiële rykdomme ontgin nie en die Pedi met sy opperhoof Sekhukhune was opstandig. Voorts kon president Burgers nie met sy idealistiese en liberale beleid die vertroue van sy burgers wen nie. Hierdie faktore het Boereweerstand verswak. 'n Felle propagandaveldtog is boonop vanuit Britse kringe teen die Republiek se onafhanklikheid geloods.[6]

Sir Theophilus Shepstone van Natal word deur Carnarvon as spesiale kommissaris na Transvaal gestuur. In Januarie 1877 kom hy in Pretoria aan, begelei deur 'n paar amptenare en vyf-en-twintig man van die Natal Mounted Police.[7]

Shepstone het veral op twee probleme gehamer. Die swak finansiële posisie van die regering en sy onvermoë om die swart groepe te beheer, is uitgewys. Hy het samesprekings met die regering gevoer, maar was ontwykend oor die doel van sy sending, naamlik om die Transvaal te annekseer. Aan die einde van Januarie erken hy sy opdrag teenoor Burgers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Burgers het vergeefs probeer om die erns van die situasie aan die Volksraad oor te dra. Die hervormingsmaatreëls wat hy voorgelê het om Shepstone se besware tegemoet te kom, is aanvanklik nie eens bespreek nie. Toe dit blyk dat die staatskuld reeds 192 399 pond beloop en dat daar selfs 'n aantal Volksraadslede was wat nie hulle belastings betaal het nie, het Shepstone aangevoer dat anneksasie onvermydelik is.[8] Die teenwoordigheid van verskeie Britse burgers in die ZAR (bv. gouddelwers) het die Britse regering van 'n houvas op die regering van die ZAR verseker.

Om 11:00 op Donderdag 12 April 1877 word die Republiek sonder slag of stoot geannekseer. 'n Proklamasie is op Kerkplein voorgelees wat die Zuid-Afrikaansche Republiek nietig verklaar het. Dit was nou die Britse kolonie Transvaal.[9]

Shepstone het aangevoer dat hervormings nutteloos sou wees omdat die regering inherent swak was. Hy het beweer dat hy oor meer as 3 000 handtekeninge ten gunste van anneksasie beskik.[10]

Daar moet onderskei word tussen die ware motiewe en die skynredes vir die anneksasie. Die ware motiewe was Carnarvon se federasieplanne, die potensiële rykdomme van Transvaal en president Burgers se spoorwegplanne wat sy land ekonomies en polities meer onafhanklik van die Britse kolonies sou maak. Die redes wat vir propagandadoeleindes voorgehou is, was bankrotskap, onvermoë tot selfbestuur, inherente swakheid, om die swartes teen die Transvaalse regering te beskerm en om die blankes teen die sogenaamde Zoeloebedreiging te beskerm.[11]

Burgers het sy laaste toevlug tot 'n protesskrif geneem. Die Volksraad besluit ook om 'n afvaardiging na die buiteland te stuur om die Republiek se besware teen anneksasie wêreldkundig te maak. Hierdie eerste deputasie is in Mei 1877 deur Paul Kruger gelei. 'n Beroep is op die landsburgers gedoen om nie met geweldpleging te begin nie, daar dit die land se saak in die buiteland sou benadeel. Onsekerheid oor die hoeveelheid steun wat hulle geniet het, het bestaan.[12] Voorts was die burgers oortuig daarvan dat die Britse oormag te groot was om teen te veg en dat die republikeine oor te min ammunisie beskik het. Hulle het ook geen grofgeskut gehad nie.[13]

Die eerste deputasie het misluk. 'n Reeks vergaderings is nou gehou, waardeur die wil om onafhanklik te wees verder versterk is. Vir die eerste keer was daar nou 'n gevoel van eenwording onder die burgers. Die protes was steeds vreedsaam.[14]

In 1878 word 'n tweede deputasie onder leiding van Paul Kruger na Brittanje gestuur. Kruger was nou verseker van die burgers se steun, maar het steeds baie diplomaties opgetree. Hierdie deputasie was ook onsuksesvol.[15]

Verskeie ontmoetings het met die Kaapse hoëkommissaris plaasgevind. In April 1880 deel hy die Boereleiers by Kleinfontein mee dat daar geen hoop op die herroeping van die anneksasie is nie.[16]

Druk om tot gewapende verset oor te gaan, het algaande verhoog.[17] 'n Veldtog van lydelike verset is nou gevolg, maar ook dit het niks opgelewer nie. Ook Afrikaners in Natal, die Vrystaat en die Kaapkolonie was gegrief oor die onreg wat die Transvalers aangedoen is. Dit was veral die positiewe gesindheid van die Kaapse Afrikaners wat die hoop laat opvlam het dat die onafhanklikheid herstel sou kon word.[18]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Regeringsverandering in Brittanje het bygedra tot hierdie hoop en 'n brief is aan die nuwe Britse Eerste Minister, W.E. Gladstone, geskryf. Hy het intussen tot ander insigte oor Transvaal gekom en toe 'n deputasie na die Kaapkolonie onverrigter sake teruggekeer het, het die laaste fase van verset, dié van militêre optrede, aangebreek. [19]

## 3. Verloop van die Eerste Anglo-Boereoorlog

Die Britte het algaande onder die besef gekom dat die Boere hulle vir 'n gewapende verset voorberei. Daarom is troepe vroegtydig na die belangrikste dorpe in Transvaal (ook Pretoria) gestuur om die orde te handhaaf.

P.L. Bezuidenhout van Potchefstroom het geweier om sekere kostes behalwe sy belastingaanslag te betaal, waarop die Britse owerheid op sy wa beslag lê. Op 11 November 1880 word die wa op gewelddadige wyse deur P.A. Cronje en 100 man van die balju afgeneem en aan Bezuidenhout terugbesorg. 'n Volksvergadering wat vir 8 Januarie 1881 beplan was, is met 'n maand vervroeg tot 8 Desember 1880. Op dié dag daag daar tussen 8 000 en 10 000 man by Paardekraal op.[20]

Voorbereidings vir oorlog is getref en veldkornette is aangewys. Op 12 Desember word die leiding in die hande van 'n driemanskap, bestaande uit Paul Kruger (vise-president), Piet Joubert (kommandant-generaal) en M.W.Pretorius (oud-president) geplaas. Hulle reik op 13 Desember 'n proklamasie uit wat die herstel van republikeinse regering aankondig. Die regeringsetel is na Heidelberg verskuif, waar die vierkleur op 16 Desember 1880 gehys is.

Daar is geëis dat die regering aan die driemanskap oorhandig moes word. Die Britse administrateur, sir Owen Lanyon, wat Shepstone in Maart 1879 vervang het, het dit geweier. Stappe is deur die Britse owerheid gedoen om die opstand te onderdruk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die eerste skote van die oorlog het op 16 Desember te Potchefstroom geklap, nadat kommandant P.A. Cronje en sy kommando soontoe gestuur is om die eerste proklamasie van die driemanskap te laat druk. 'n Britse patrollie het hulle opgemerk en skote is gewissel. Na 'n hewige geveg is die Britse garnisoen in die fort beleër. [21]

Boeremagte is na sewe dorpe in Transvaal gestuur om die Britse garnisoene daar te beleër. Die dorpe wat deur die Boere beleër is, was Potchefstroom, Pretoria, Standerton, Wakkerstroom, Lydenburg, Rustenburg en Marabastad (naby die huidige Pietersburg) [22] (Ill. 2.1-2.2). Die Britse troepe in Transvaal was vasgekeer.

Die bevelvoerende offisier van die Britse magte in Transvaal was kolonel W. Bellairs. Hy wou die garnisoen in die hoofstad (Pretoria) versterk en het daarom reeds vroeg in November troepe vanuit Lydenburg na Pretoria ontbied. Terwyl hulle onderweg was, het die oorlog uitgebreek [23] (III. 2.4). 'n Kompanie van die 94ste Regiment wat na Pretoria toe onderweg was, is op 20 Desember naby Bronkhorstspruit deur die kommando van kommandant Frans Joubert verras en groot verliese toegedien.

Omdat die Britse troepe in Transvaal beleër is, kon kommandant-generaal Piet Joubert op 27 Desember 1880 met 800 perderuiters na die Natalse grens vertrek. [24] Hier het hy by Laingsnek gereed gemaak vir die Natal Field Force onder aanvoering van generaal-majoor sir George Pomeroy Colley. Twee keer het Colley sonder sukses probeer om by Laingsnek verby te kom. Hy is op 28 Januarie 1881 by Mount Prospect teruggedryf. Ook op 8 Februarie is hy deur generaal Nicolaas Smit se magte by Schuinshoogte teruggedryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende die nag van 26/27 Februarie 1881 beset Colley die berg Amajuba. Teen dagbreek gewaar die Boere die Britse magte op die berg en kommandant-generaal Joubert kry dadelik vrywilligers gereed om die berg te bestorm. Om 06:00 het 150 vrywilligers onder dekkingsvuur teen die berghang begin opklim. Teen 11:00 was die Boere se vuur baie akkuraat op die Britse soldate. Colley was egter so oortuig daarvan dat sy posisie oninneembaar was dat hy selfs gaan slaap het.

Teen 12:30 is hy deur geweervuur gewek en moes verbaas aanskou hoe sy manskappe rondom hom retireer. Die Boere het die kruin bereik en sommige Britse soldate het op die vlug geslaan. Tydens die geveg het die Boere slegs twee man verloor, terwyl meer as 90 Britse soldate, insluitende Colley, gedood is en meer as 50 gevange geneem is.

Op 6 Maart is 'n wapenstilstandsooreenkoms gesluit, wat op 21 Maart deur 'n vredesooreenkoms gevolg is.[25] Dit lei tot die herstel van die gedeeltelike onafhanklikheid van die Republiek op 3 Augustus 1881, met die sluiting van die Pretoriase konvensie. Hierdie susereine onafhanklikheid was onprakties, sodat 'n derde deputasie onder leiding van Paul Kruger in 1884 na Brittanje is. Dit lei tot die sluiting van die Londense konvensie wat die onafhanklikheid van die ZAR op 'n stewiger grondslag geplaas het. Alhoewel Brittanje nog toesig oor die ZAR se buitelandse betrekkinge behou het, was die staat nou soewerein onafhanklik.[26]

Die oorlog het Transvaal op die wêreldkaart geplaas. Die staat het nou vir die eerste keer vaste grense, wat duidelik omskryf is, gekry. In die Kaapkolonie is daar van die federasiegedagte afgesien. Afrikanernasionalisme wat uit die oorlog gespruit het, het die verdeeldheid van vroeër geheel. 'n Samehorigheidsgevoel het onder die burgers van die ZAR ten opsigte van die vaderland ontwikkel. Brittanje sou in later jare deeglik hiermee rekening moes hou.[27]

Die gedagte van 'n federasie in Suidelike Afrika het egter nie gesterf nie. Dit sou later weer na vore tree. Alhoewel 'n samehorigheidsgevoel ten opsigte van die vaderland nou bestaan het, was daar tog wye, verskillende interprestasies hiervan. Tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog sou hierdie verskille tot uiting kom in die verskillende groeperinge byvoorbeeld bittereinders, hendsoppers en joiners.

## 4. Pretoria tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog

Die Pretoria van 1880 was mooi beskut tussen die berge rondom die dorp geleë.[28] Dit was dus in 'n kom geleë tussen die Daspoortrand in die noorde en die Timeball Hill reeks in die suide (Ill. 2.6).

Die Britse owerhede het nooit werklik geglo dat hulle moeite met die Boere sou hê nie, sodat hulle aanvanklike voorbereidings vir oorlog onvoldoende was.[29]

Op 21 Desember 1880 bereik die nuus in verband met die slag van Bronkhorstspruit, Pretoria. Vir die eerste keer besef die militêre owerheid nou die omvang van die gevaar wat die Boere vir hulle inhou. Hulle besef ook dat hulle nie daarop kon vertrou dat die versterkings wat ontbied is, wel sou opdaag nie. Krygswet is afgekondig as maatreël om beheer in die dorp uit te oefen.

Al die inwoners is in die militêre kamp gehuisves wat ook die militêre hoofkwartier was. Die kamp was links van die Heidelbergpad geleë. Dit was die hoofpad van die Suide na die dorp.

Dit sou nie net die inwoners beveilig nie, maar ook Boere-simpatiseerders verhoed om in kontak met die Boere te kom. Hierdie mense is openlik rebelle genoem. 'n Verdere voordeel was dat dit op hierdie wyse nie nodig was om die wydsverspreide nedersetting te beskerm nie. Die beskerming van vrouens en kinders sou dan ook makliker wees.[30]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die soldate moes hulle hutte ontruim sodat die inwoners van die dorp daar kon woon. Tente is vir soldate opgeslaan.[31] Voedsel is gerantsoeneer en water is met waterkarre aangery. Water is ook verkry deur die Apiesrivier wat van die fonteine loop en 'n put is by die klooster gesink.[32] Voorbereidings is ook by die tronk, wat langs die militêre kamp geleë was, getref om mense te akkommodeer. Die gebied tussen die tronkgebou en die klooster is as 'n kamp vir die Pretoria Rifles ingerig.

Volgens 'n berekening van kolonel Bellairs, die bevelvoerder van die Britse magte in Transvaal, wat hom in Pretoria bevind het, sou die beleg drie maande duur. Pretoria is gevolglik op 'n beleg van drie maande voorberei. Genoeg proviand en ander benodigdhede is vir hierdie tydperk opgeberg.[33]

Ook is alle wapens, buskruit en ammunisie bymekaargemaak en na die sentrale magasyn in die militêre kamp geneem. 'n Boodskapper is na Natal gestuur om verslag te doen oor die stand van sake in Pretoria. As 'n tydelike maatreël is heelwat huise gefortifiseer, totdat die militêre kamp in gereedheid gebring is. Teen 21 Desember was die voorbereidings voltooi. Dit word gesien as die dag waarop die beleg begin het.[34]

Skanse is in die dorp gebou, loopgrawe is op Kerkplein uitgesteek en die strate is versper[35] (Ill. 2.31-32).

Die Britse magte in Pretoria het uit die volgende bestaan: Vier kompanies van die tweede bataljon van die 21ste Regiment, ook genoem die Royal Scots Fusiliers; twee kompanies van die 94ste Regiment, onder aanvoering van kaptein F.B. Campbell; 'n aantal artilleriste en berede artilleriste; die Pretoria Carbineers, 'n vrywilligerskorps ook genoem D'Arcy's Horse, na hulle bevelvoerder kaptein D'Arcy; Nourse's horse, 'n vrywilligerskorps te perd, genoem na hulle bevelvoerder, kaptein H. Nourse; 450 infanterie vrywilligers, die Pretoria Rifles, wat in vyf

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kompanies verdeel is, onder aanvoering van majoor Le Mesurier; en 'n geniekompanie, die 2de Veldkompanie. Die totale getalsterkte van die Britte is op sowat 2 000 man geskat[36] (Ill. 2.5).

Die Britse soldate se wit helms en gordels is rooibruin gekleur om hulle minder sigbaar vir die Boere-beleëraars te maak. Die inwoners van die kamp is slegs toegelaat om soggens tussen 06:30 en 09:30 hulle skuilings te verlaat. Uitgange uit die kamp is beheer en is om 21:00 gesluit. Slegs persone wat 'n pas gehad het, kon die kamp verlaat. Hierdie maatreëls is mettertyd verslap sodat die winkels en skole in die dorp vir kort tye daagliks kon heropen.[37]

Die belangrikste aktiwiteit tydens die beleg was om wagdiens te verrig. Daar is ook van swartmense gebruik gemaak om verkenningswerk te doen.[38] 'n Aantal fortifikasies is opgerig. Dit word later in hierdie hoofstuk behandel (Ill. 2.8).

Die Boere het die dorp met sowat 800 - 1 000 man beleër. Die doel van die beleg was om te verhoed dat 'n groot Britse mag saamtrek. Hulle wou die Britte verhonger totdat hulle oorgee. Dit was nie die plan om die dorp te verower nie.[39]

Daar was agt Boerelaers rondom Pretoria. Kommunikasie van en na die dorp is feitlik afgesny omdat daar gedurig tussen die laers gepatrolleer is. Van die belangrikste Boerekampe was dié by Doornkloof (Irene), Zwartkopje aan die Pienaarsrivier, oos van die dorp, Elandsfontein aan die westekant en Wonderboompoort aan die noordekant. Die bevelvoerders was onderskeidelik kommandant D.J.E. Erasmus, veldkornet J.P. (Hans) Botha, veldkornet H.P.N. Pretorius en assistent kommandant-generaal H.J. Schoeman.[40]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Aantal noemenswaardige gevegte het rondom Pretoria plaasgevind. Die eerste hiervan was op 6 Januarie 1881 toe die Britte die Boerelaer by Zwartkopje aanval en verwoes. 'n Aantal Boere is gedood en 'n aantal, waaronder veldkornet Botha, is gevange geneem.[41]

Op 17 Januarie probeer die Boere vee aan die oostekant van Pretoria wegvoer. Hierdie poging is afgeweer deur die vierponder (1,82 kg) Kruppkanonne van die Britse forte.[42] Hierdie kanonne het vroeër aan die ZAR behoort.

Die kamp by Elandsfontein word op 18 Januarie deur die Britte aangeval, maar dit is afgeweer.[43] Een bron maak melding daarvan dat hierdie kamp met 'n blokhuis versterk was. Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.[44]

Op 12 Februarie ruk die Britte na die suide toe op en ontmoet die Boere by Rooihuiskraal. Luitenant-kolonel F. Gildea onderskei hom tydens die geveg as krygsman. Hy was Bellairs se tweede-in-bevel. Die Britte moes egter halsoorkop terugval.

Tydens verskeie verkenningstogte van die Britte het hulle ook in kleiner skermutselings met die Boere betrokke geraak.[45]

Die beleg was so effektief dat die beleërdes teen die middel van Maart nog nie van die slag van Amajuba verneem het nie. Op 15 Maart is hulle hieroor ingelig en op 28 Maart 1881 van die vredesluiting. Die beleg van Pretoria is na 98 dae beëindig.[46]

Die nuus van die vrede is baie negatief deur die Britte ontvang, omdat die algemene gevoel was dat die Britse bewakers van Pretoria die vyand (Boere) suksesvol verhoed het om die dorp in te neem. Tydens die beleg is 6 Boere gedood en 7 gewond, teenoor die 17 dood en 36 gewond aan Britse kant.[47]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5. Fortifikasies tydens die beleg van Pretoria

Kort na die Bezuidenhout-voorval op Potchefstroom is daar begin om voorbereidings te tref om 'n moontlike Boere-aanval op Pretoria die hoof te bied. Militêre versterkings is van Marabastad en Lydenburg ontbied. Majoor Le Mesurier is aangesê om 'n verdedigingsplan vir Pretoria op te stel. Alle ammunisie en voorrade moes in die sentrale magasyn in die militêre kamp bewaak word en die kanonne moes op geskikte posisies geplaas word ten einde die dorp en die kamp te beskerm.[48]

### 5.1 Militêre kamp

Die militêre kamp is versterk om die hooffortifikasie te vorm. Dit was geleë in die omgewing waar die huidige Verdedigingshoofkwartier in Potgieterstraat is. Dit het bestaan uit drie of vier lang grasdakhutte en 'n aantal verspreide hutte, verbind deur middel van mure, slote en geïmproviseerde skanse. 'n Binne- en buitelyn van verdediging het bestaan. Die buitenste is saamgestel uit draadheinings en -versperrings en die binneste uit mure, sandsakke, planke en vate.

Baie tente is ook in die kamp opgeslaan. 'n Kruitmagasyn aan die westekant is as 'n uitkykpos ingerig om die kamp te beskerm.[49]

Die grofgeskut waaroor die Britte beskik het, het bestaan uit 'n verouderde Franse kanon (Mitrailleuse), vier klein vierponder (1,82 kg) Kruppkanonne en 'n drieponder (1,36 kg) Whitworth, wat vroeër aan die ZAR behoort het en wat met die anneksasie in Britse hande geval het.[50]

Verder was daar die N-battery van die 5de brigade van die Royal Artillerie wat met twee negeponder (4,08 kg) kanonne beman was. Die orkes van die 21ste Regiment is met 'n seweponder (3,18 kg) kanon bewapen.[51] 'n Seinkanon is ook elke dag om 12:00 afgevuur om die tyd aan te gee.

Aan die noordwestekant van die kamp het die Pretoria Carbineers en Nourse's Horse hulle ingerig. Burgerlike gesinne met waens het 'n laer, die sogenaamde Civil Laager, aan die westekant van die kamp getrek. Dit is mettertyd met tydelike hutte vervang. Verkenningswerk om die dorp te beveilig is deur die Pretoria Carbineers gedoen.[52]

Vandag huisves die terrein die Verdedigingshoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Weermag. Dit is in so 'n mate verbou dat geen oorblyfsels uit hierdie tydperk meer bestaan nie.

5.2 Tronklaer

Die tronkgebou, wat oos van die huidige munt geleë was, is ook in 'n vesting omskep. Dit is met versperrings en sandsakke versterk.[53] 'n Muur is rondom die tronk gebou en 'n sandsakskuiling is op die dak gebou. Dit is snags beman.[54] 'n Hospitaal is ook hier opgerig.

'n Bastion of Martellotoring is aan die suidoostekant opgerig (Ill. 2.7). 'n Vierponder (1,82 kg) Kruppkanon is hierop geplaas. Dit is deur die Transvaal Artillery Corps beman. Hulle taak was om met die hulp van die Pretoria Rifles die Convent Redoubt en die tronklaer te beskerm.[55] Vandag is daar moderne geboue op hierdie terrein in Visagiestraat en bestaan geen oorblyfsels meer uit hierdie tyd nie.

5.3 Convent redoubt

Die Lorettahuis of -klooster was aan die oostekant van die pad wat Pretoria van die suide binnegekom het, geleë - dit is ongeveer waar die huidige munt vandag is. Dit is ook in 'n fortifikasie omskep.[56]

Proviand is hier geberg en die mure is van skietgate voorsien om verdediging moontlik te maak. Die Convent Redoubt is beman deur die Pretoria Rifles en die Transvaal Artillery Corps onder aanvoering van majoor Le Mesurier (Ill. 2.9-2.12).

'n Muur is tussen die klooster en die tronk opgerig om dit te verbind. Die spasie tussenin is as kamp gebruik. 'n Hospitaal is ook hier opgerig[57] (Ill. 2.13-2.15)

Die Suid-Afrikaanse Munt se gebou in Visagiestraat is vandag op hierdie terrein geleë. Geen oorblyfsels van die Convent Redoubt bestaan meer nie.

5.4 Fort Royal (Fort Campbell)

Op 4 Desember 1880 is daar met die bou van die fort onder toesig van luitenant C.E. Commeline begin. Teen 18 Desember was die fort reeds voltooi. Dit was die grootste fortifikasie in Pretoria gedurende die beleg. Dit was min of meer op die suidwestelike hoek van die huidige Paul Kruger- en Jacob Maréstraat geleë[58] (Ill. 2.16-2.19).

Dit is van grondmure voorsien, met sandsakke bo-op en 'n diep sloot rondom. Dit het twee paaie en die suidelike poort na die stad toe bewaak. Die paaie was die Lydenburg/Middelburg en Heidelberg/Potchefstroom paaie. Die 94ste Regiment, onder aanvoering van kaptein F.B. Campbell, is hier gestasioneer. Hy was ook die assistent provoosgeweldiger. Die fort is soms ook Fort Campbell genoem. 'n Vierponder (1,82 kg) Kruppkanon is in die fort geplaas.[59]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie kanon is op 17 Januarie teen die Boere wat vee probeer wegvoer het, aangewend. 'n Bronsplaat is in 1980 deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede op die plek aangebring [60] (Ill. 2.20).

Dit is vandag 'n moderne winkelkompleks. Van die oorspronklike fort het geen oorblyfsels behoue gebly nie.

5.5 Fort Commeline

Die fort is in Desember 1880 suid van die militêre kamp op Magasynheuwel gebou.[61] Dit was 'n klein, ruwe klipfort. Die doel van die fort was om saam met Fort Tullichewan te verhoed dat die Boere die suidelike bergreeks beset, omdat geweervuur van daar die militêre kamp kon bereik. Van hier was daar ook 'n goeie uitsig oor die omliggende gebied[62] (Ill. 2.21).

Die fort was goed beskut en is met grond en sandsakke versterk. Die fort het die weste vir moontlike gevaar gemonitor en het oor die Rustenburgpad gewaak. Die fort kon vyf-en-twintig man huisves en is deur die Royal Scots Fusiliers beman. 'n Vierponder (1,82 kg) Kruppkanon is vir artillerieverdediging in die fort geplaas[63] (Ill. 2.22-2.23).

Die fort is ook as seinstasie gebruik. Boodskappe is deur middel van heliografie, vlae en lampe na die militêre kamp gesein. Die terrein rondom die fort is versterk deur 'n taklaer en draadversperrings daaromheen op te rig. Pootjiefakkels met handgranate en helder ligte is gestel om die moontlike naderende vyand te verras.[64]

Proviand vir drie weke is aan die soldate uitgereik. Die fort is vernoem na luitenant C.E. Commeline, die ingenieur wat aan die hoof van die span gestaan het wat die forte gebou het. Hy was ook die bevelvoerder van Fort Commeline. Kolonel Bellairs het met groot lof oor die luitenant verslag gedoen.[65]

Die fort is waarskynlik vernietig met die bou van die Magazine Redoubt op dieselfde plek tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog. Daar is vandag nog ruïnes op Magasynheuwel, maar dit is te betwyfel of dit dié van Fort Commeline is, aangesien die omvang daarvan te groot is.

Die oorblyfsels bestaan uit 'n netjies geboude vierkantige klipstruktuur met 'n ruwe ovaalvormige klipmuur daaromheen. Opgrawings is noodsaaklik om te bepaal of die oorblyfsels deels dié van Fort Commeline is en of dit slegs dié van die Magazine Redoubt is. Planne kan hiervan geteken word en dit kan met die bestaande plan van Fort Commeline vergelyk word ten einde die probleem op te los (Ill. 2.24).

5.6 Fort Tullichewan

Fort Tullichewan is in Desember 1880 op Salvokop, aan die oostekant van die suidelike poort tot die dorp, gebou.[66] Net soos Fort Commeline, was dit 'n goed beskutte, ruwe klipfort wat met grond en sandsakke versterk is[67] (Ill. 2.25-2.27).

Die terrein rondom die fort is met 'n taklaer en draadversperrings versterk. Ook hier is pootjiefakkels, met handgranate en helder ligte daarin, gestel om moontlike vyande te verras.[68]

Die primêre doel van Fort Tullichewan was om gevaar vanuit die suidooste te monitor en om die Apiesrivier, wat water aan die militêre kamp verskaf het, te beskerm. Die fort het vanweë sy goeie uitsig ook as seinstasie gedien. Inligting oor Boerebewegings is voortdurend na die militêre kamp gesein.[69]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die fort is deur vyf-en-twintig infanteriste van die Royal Scots Fusiliers beman. 'n Vierponder (1,82 kg) Kruppkanon is ook hier geplaas en proviand vir drie weke is aan elke manskap uitgereik. [70]

B. Thomson publiseer in sy artikel 'n plan wat volgens alle aanduidings dié van Fort Tullichewan is. Hy bewys hierdie aanname as foutief en noem as 'n moontlikheid dat dit die plan van 'n blokhuis kan wees wat op Daspoort-rand gebou sou word.[71]

Hierdie blokhuis is nooit opgerig nie. Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen hierdie plan en die plan wat Thomson geteken het. Moontlik is daar met die bou van die fort van die plan afgewyk as gevolg van 'n natuurlike hindernis, soos 'n rotsbodem (Ill. 2.28). Wetenskaplike opgrawings is nodig en planne moet geteken word ten einde dié teenstrydighede op te klaar.

Op 17 Januarie 1881 word vanuit Fort Tullichewan op die Boere gevuur wat gepoog het om Britse vee te buit. Die vuur is in die rigting van die hedendaagse Sunnyside gelewer. [72]

Die fort is na die Skotse kasteel van die skoonvader van luitenant-kolonel F. Gildea, die bevelvoerder van Pretoria se garnisoen, vernoem. Luitenant Commeline het ook hierdie fort ontwerp. Die Raad vir Nasionale Gedenk-waardighede het in 1980 'n baken en bronsplaat by die oorblyfsels van die fort opgerig.[73] Die bronsplaat is intussen ongemagtigd verwyder (Ill. 2.29). Slegs die min of meer reghoekige fondamente van die fort is vandag nog sigbaar (Ill. 2.30).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.7 Blokhuise

'n Aantal blokhuise is tydens die beleg van Pretoria opgerig. Die meeste hiervan het deel van 'n reeds genoemde fortifikasie uitgemaak en sal daarom net genoem word. Inligting oor hierdie blokhuise is ook baie skaars.

'n Blokhuis wat twee-en-dertig man kon huisves, is by die suidpoort-ingang van die militêre kamp opgerig.[74] Volgens Thomson is dit aan die voet van Magasynheuwel, reg langs die pad, gebou. Dit het as die 'South Poort blockhouse' bekend gestaan (Ill. 2.21).

Twee parallelle klipmure, sowat twee meter uitmekaar en ongeveer 'n halwe meter hoog, het van Fort Commeline na die blokhuis geloop. Dit het die soldate in staat gestel om sonder gevaar na die blokhuis te beweeg, waar padblokkades uitgevoer is.[75] Presies waar dit geleë was, is onseker, maar met die verbreding van die moderne paaienetwerk het die blokhuis waarskynlik in die slag gebly.

Lady Bellairs meld in haar werk dat 'n blokhuis vir twaalf man aan die oostekant van die poort gebou is om te help met die verdediging van die suidelike poort. Dit is snags deur die Royal Scots Fusiliers beman. Dit moes reg langs die pad geleë gewees het, want draadversperrings is vanuit die blokhuis oor die pad getrek.[76] Dit strook ook met die plasing van die 'South Poort' blokhuis.

Daar is voorts sprake van 'n buitepos op Klapperkop, maar omdat dit min of meer in dieselfde rigting as bogenoemde blokhuis is,[77] kan aanvaar word dat dit dieselfde blokhuis is. 'n Deeglike soektog is ook te Klapperkop op tou gesit en geen spoor van nog 'n struktuur of enige oorblyfsels kon gevind word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Reghoekige struktuur kom wel teen die oostelike hang van Klapperkop voor, maar dit word duidelik op kaarte uit die Tweede Anglo-Boereoorlog as 'n blokhuis uit dié oorlog aangedui. Dit sal in hoofstuk 4 aandag kry.

Die 'civil guard', wat uit sowat veertig man bestaan het, het op 'n eie blokhuis aangedring. Of hulle dit gekry het, is nie seker nie. Daar is ook sprake van 'n blokhuis aan die noordwestelike kant van die militêre kamp, wat met die verdediging daarvan gemoeid was. Hierdie blokhuis kon 120 man huisves.[78] Ook hieroor bestaan daar geen verdere inligting nie. Oorblyfsels van hierdie blokhuis sal hoogs onwaarskynlik gevind word, as gevolg van die uitbreiding en verbouings by vandag se Verdedigingshoofkwartier.

Ten einde die verdediging van Pretoria te verbeter is daar op 26 Maart 1881 begin met die oprig van 'n blokhuis. Dit sou vyf-en-twintig man van die Pretoria Rifles huisves. Of dit wel voltooi is, is onseker. Omdat berig van die vrede op 28 Maart ontvang is, lyk dit onwaarskynlik. Grobler meld dat die blokhuis op die rant naby die Eloff-deurgrawing opgerig is. Dit is met ander woorde op die rant waar Paul Krugerstraat tussen die Hoërskool Langenhoven en die Nasionale Dieretuin deurloop. Die fondament van 'n struktuur wat deur middel van opgrawing ondersoek kan word, kom wel hier voor. Dit is egter nie naastenby groot genoeg vir vyf-en-twintig mense nie. Dit is 'n vierkantige struktuur en kom wel voor op die plek wat Grobler op 'n kaart in sy werk aandui (Ill. 2.34).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is natuurlik moontlik dat die blokhuis self nie vyf-en-twintig man moes kon huisves nie, maar dat hulle volgens plan daar naby gekampeer het. Dit kan dieselfde blokhuis wees waaraan op 26 Maart 1881 begin bou is. Die Britse owerheid het dalk nie die vrede vertrou nie en besluit om die blokhuis te voltooi. Dit klink na die mees waarskynlike verklaring (Ill. 2.33).

'n Blokhuis is ook naby die destydse begraafplaas opgerig.[79] Hieroor bestaan geen verdere inligting nie.

Skildwagte is snags om die fortifikasies geplaas om dit nog beter te beskerm. Die wagte is verdubbel wanneer 'n aanval verwag is. Perderuiters het die patrolleerwerk tussen die fortifikasies gedoen.[80]

## 6. Samevatting

Gedurende die Eerste Anglo-Boereoorlog is daar elf fortifikasies opgerig, waarvan daar slegs oor ses inligting beskikbaar is. Ontwikkeling in Pretoria het die meeste hiervan in die slag laat bly. Gelukkig is planne en foto's van sommige van die strukture opgespoor, sodat 'n idee daarvan verkry kan word (verwys na illustrasies).

Sommige van die strukture word net terloops in die geraadpleegde werke genoem, terwyl daar oor party geen bevestiging is dat dit wel gebou is nie. Daar is dus fortifikasies waarvan die lokaliteit nie bekend is nie.

Uit een van die planne is dit bekend hoe die bastion van die tronklaer daar uitgesien het. Vandag is die plek verbou en is daar niks van die bastion oor nie. Ook die plan van Fort Royal en die Convent redoubt gee ons 'n idee van hoe hulle gelyk het. Die ligging is bekend, maar ook dié strukture bestaan nie meer nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Skets van die 'South Poort' blokhuis bestaan wel. Dat daar ook van hom geen oorblyfsels meer te vinde is nie, is seker.

Die enigste fortifikasies waarvan daar moontlik wel oorblyfsels op die grond bestaan, is Fort Commeline, die blokhuis by Eloff-deurgrawing en Fort Tullichewan.

Dit is moontlik dat 'n argeologiese opgrawing op Magasynheuwel tog dele van die struktuur van Fort Commeline sal uitwys, bo en behalwe die oorblyfsels van die Tweede Anglo-Boereoorlog se Magazine Redoubt. Dit kan vergelyk word met die plan van die fort wat in hierdie werk verskyn.

By die Eloff-deurgrawing is daar wel oorblyfsels. Slegs opgrawings sou aan die lig kan bring of dit wel dié van 'n fortifikasie uit die Eerste Anglo-Boereoorlog is.

Dit is reeds bewys dat die oorblyfsels op Salvokop verskil van die plan van Fort Tullichewan. 'n Meer wetenskaplike opgrawing kan moontlik antwoorde hierop verskaf.

Van die Britse fortifikasies van die Eerste Anglo-Boereoorlog in Pretoria het daar weinig oorgebly. Die inligting hieroor is relatief goed bewaar. Dat daar interessante argeologiese navorsing uit hierdie studie kan spruit, is seker. Slegs dan sal daar nader aan die oplossing van die vrae, wat steeds onbeantwoord bly, gekom word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. Illustrasies




2.1 'n Kaart wat die sewe beleërde dorpe in Transvaal, tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog, aandui. (J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 14).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.2 'n Skets van Fort Campbell, Marabastad. (T.A.B. Foto 910).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






2.3 'n Britse kaart van Pretoria in 1879. (T.A.B. Kaart 3/209; J. Ploeger en H.J. Botha, <u>Die Fortifikasie van Pretoria</u>. <u>Fort Klapperkop gister en vandag</u>, p. 13).




2.4 Die hoofkwartierpersoneel tydens die beleg van Pretoria. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3091).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.5 Britse artilleriste tydens die beleg van Pretoria. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3097).




2.6 Pretoria en die militêre kamp tydens die beleg. (L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, Faksimilee herdruk, p. 1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.7 Plan van 'n ronde bastion by die tronklaer. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






.8 Pretoria tydens die beleg: A - Militêre kamp
B - Fort Commeline
C - Convent redoubt
D - Fort Royal

T.A.B. Foto 4562)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.9 Die Pretoria Rifles, garnisoen van die Convent redoubt. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3098).



2.10 Die 2^e^ Kompanie van die Pretoria Rifles. (K.A.B. Elliot-versameling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.11 Die 4e Kompanie van die Pretoria Rifles (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3089).



2.12 Die 6e Kompanie van die Pretoria Rifles (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3092).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.13 Plan van die Convent redoubt. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.14 Die Convent redoubt tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 10612).



2.15 Die plaat van die RNG teen die heining van die munt, waar die Convent redoubt gestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.16 Plan van Fort Royal. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA








2.17-2.19 Fort Royal tydens die beleg van Pretoria (T.A.B. Foto 886 en 936 en K.A.B. Elliot-versameling Foto 3100).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA








2.20 Die plaat van die RNG op die plek waar Fort Royal gestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





2.21 Plan van Fort Commeline en die South Poort blokhuis. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.22 Fort Commeline tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 883).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





2.23 Die artillerie van Fort Commeline. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3099).



2.24 'n Deel van die oorblyfsels op Magasynheuwel. Dit is onseker of dit dié van Fort Commeline of dié van die Tweede Anglo-Boereoorlog, Magazine redoubt is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.25 Plan van Fort Tullichewan. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






2.26-2.27 Fort Tullichewan tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 945 en 4302).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





2.28 Plan van Fort Tullichewan, geteken deur B. Thomson. (<u>Lantern</u> 1989.05, p.77)




2.29 Hierdie plaat van die RNG is opgerig by die oorblyfsels van Fort Tullichewan. Die plaat is intussen ongemagtigd verwyder. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.30 Die oorblyfsels van Fort Tullichewan soos dit vandag daar uitsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.31-2.32 Planne van verdedigingstrukture tydens die beleg van Pretoria.
(P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.33 Die fondament van die blokhuis by die Eloff-deurgrawing, bokant die Hoërskool Langenhoven.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.34 Kaart van Pretoria, waarop die Britse fortifikasies van die Eerste Anglo-Boereoorlog aangedui word. (J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif, U.P.), p. 125). Oorspronklike is onduidelik.

## 8. Voetnotas

1. F.A. van Jaarsveld, Van van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die R S A, p. 196.
2. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 155; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 194-196.
3. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 194-196.
4. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 196.
5. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 196.
6. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 156-157; L. Scott, Boere-weerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2.
7. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 97; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1880, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2.
8. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9. F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 74; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 197-198.
10. D.H. Heydenrych, Die Boerepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157.
11. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 198-199; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 3.
12. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 157-158; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
13. L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 4 en 10.
14. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke. 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 15-16 en 53.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 31; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
16. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 44-50.
17. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 141; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 60.
18. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 90; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
19. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T.Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158.
20. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek tot the Convention of London, p.156; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur onderhandeling, 1877-1884, pp. 98-99.

21. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 107-108; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 159.
22. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 130.
23. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) p. 121; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 111.
24. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 118, 120-123 en 130; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 159; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 212-215.
25. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 143-156, 169, 180-181 en 184-194; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 159-160; M. Hugo en J.E.H. Grobler, Skikking deur Onderhandeling: Transvaal herwin sy onafhanklikheid, 1881-1884, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 211; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 241-242 en 246-251.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



26. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 160 en 183; M. Hugo en J.E.H. Grobler, Skikking deur Onderhandeling : Transvaal herwin sy Onafhanklikheid, 1881-1884, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 214-222; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
27. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 184; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 199-201.
28. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 97.
29. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld, (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 113.
30. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 97-101; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheids-oorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 122; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek tot the Convention of London, pp. 167-168. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18); F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16, p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



31. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p.105; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 122.
32. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 105-106 en 141-142; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 180-181.
33. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 105-106.
34. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, (Faksimilee herdruk), pp. 106-107; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 121-122; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.), ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 168; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18); F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16, p. 67.
35. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 167.
36. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 127-128; L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 119 en 129; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 112-113 en 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 177.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



37. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 118-119; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 126-127.
38. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, (Faksimilee herdruk), pp. 110-111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 121 en 126.
39. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 130.
40. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 118; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 128-132; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 179; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 75.
41. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 129-137; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 195-196.
42. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 155-156; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).

43. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee her-druk), pp. 146-157 en 183; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134.
44. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 149.
45. J.F. van Ewyk, Die slag van Rooihuiskraal : 'n Argeologiese benadering tot 'n historiese probleem, Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1 (1) 1986, pp. 1-23; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 159-167; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 135; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 203-205.
46. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.- proefskrif, U.P.), p. 173; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 134-135; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 207-208; L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 225 en 230-231.
47. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 231 en 238; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 175 en 177; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheiodsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 135; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



48. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884, p. 134; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).
49. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, Faksimilee herdruk), pp. 115-116 en 457; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.P.), p. 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 174-176.
50. L. Bellairs, The Tranvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 108; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
51. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 126.
52. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp. 107-108, 110 en 116; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, p. 82.
53. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 99 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 123; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansing om Pretoria, Preto-riana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 77; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884 p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London p. 170.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



54. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 114; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 171-183 en 181; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoria (16 en 17) 1955.07-1977.09, p. 77.
55. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 107, 110 en 114.
56. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 99, 114-115 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset een Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red) e.a., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 171; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05 p. 77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16,p. 67.
57. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp. 114-115; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 121 & 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 181; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 80 en 82.
58. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884 p. 134; J. Nixon, The Comlete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1981.03.18); H.M. Rex, Lig-ging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, pp. 74-75 en 79-80; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05. p.77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16, p. 69.

59. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 114,216 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 121 en 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 168-169 en 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 71, 75 en 80; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77.

60. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 200; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet 1981.03.18); H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 78 en 80.

61. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884 p. 134; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80), 1980.11.16, pp. 69 en 75; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76.

62. L. Bellairs,The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-112; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175.

63. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 112-113; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
64. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 113-114 en 463; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881 (81) 1981.07, p. 79.
65. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 113 en 240; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76; F.J. du T.Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17),1955-.07-1955.09, p. 77.
66. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.),p. 125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884,p. 134; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16 pp. 69 en 75.
67. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif U.P.), p.125; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
68. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp.113-114 en 463; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
69. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-114; J.Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, p. 79; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).

70. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-113; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
71. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history Lantern 1989.05, p. 77.
72. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 200; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
73. Raad vir Nasionale Gedenkwaardhighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18); B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 77; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77.
74. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
75. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76.
76. L. Bellairs The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 114.
77. H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 p. 80.
78. L. Bellairs The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 110-111 en 117; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125.
79. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.P.), p. 174.
80. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 175-176.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7. Illustrasies 




2.1 'n Kaart wat die sewe beleërde dorpe in Transvaal, tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog, aandui. (J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 14).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.2 'n Skets van Fort Campbell, Marabastad. (T.A.B. Foto 910).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






2.3 'n Britse kaart van Pretoria in 1879. (T.A.B. Kaart 3/209; J. Ploeger en H.J. Botha, <u>Die Fortifikasie van Pretoria</u>. <u>Fort Klapperkop gister en vandag</u>, p. 13).




2.4 Die hoofkwartierpersoneel tydens die beleg van Pretoria. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3091).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.5 Britse artilleriste tydens die beleg van Pretoria. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3097).




2.6 Pretoria en die militêre kamp tydens die beleg. (L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, Faksimilee herdruk, p. 1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.7 Plan van 'n ronde bastion by die tronklaer. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






.8 Pretoria tydens die beleg: A - Militêre kamp
B - Fort Commeline
C - Convent redoubt
D - Fort Royal

T.A.B. Foto 4562)



2.9 Die Pretoria Rifles, garnisoen van die Convent redoubt. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3098).



2.10 Die 2$^{e}$ Kompanie van die Pretoria Rifles. (K.A.B. Elliot-versameling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.11 Die 4[e] Kompanie van die Pretoria Rifles (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3089).



2.12 Die 6[e] Kompanie van die Pretoria Rifles (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3092).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.13 Plan van die Convent redoubt. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.14 Die Convent redoubt tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 10612).



2.15 Die plaat van die RNG teen die heining van die munt, waar die Convent redoubt gestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.16 Plan van Fort Royal. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA








2.17–2.19 Fort Royal tydens die beleg van Pretoria (T.A.B. Foto 886 en 936 en K.A.B. Elliot-versameling Foto 3100).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







2.20 Die plaat van die RNG op die plek waar Fort Royal gestaan het.




2.21 Plan van Fort Commeline en die South Poort blokhuis. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.22 Fort Commeline tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 883).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





2.23 Die artillerie van Fort Commeline. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3099).



2.24 'n Deel van die oorblyfsels op Magasynheuwel. Dit is onseker of dit dié van Fort Commeline of dié van die Tweede Anglo-Boereoorlog, Magazine redoubt is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.25 Plan van Fort Tullichewan. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






2.26-2.27 Fort Tullichewan tydens die beleg van Pretoria. (T.A.B. Foto 945 en 4302).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





2.28 Plan van Fort Tullichewan, geteken deur B. Thomson. (<u>Lantern</u> 1989.05, p.77)




2.29 Hierdie plaat van die RNG is opgerig by die oorblyfsels van Fort Tullichewan. Die plaat is intussen ongemagtigd verwyder. (T.E. Andrews-versameling).



2.30 Die oorblyfsels van Fort Tullichewan soos dit vandag daar uitsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.31-2.32 Planne van verdedigingstrukture tydens die beleg van Pretoria. (P.A. Digby-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.33 Die fondament van die blokhuis by die Eloff-deurgrawing, bokant die Hoërskool Langenhoven.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




2.34 Kaart van Pretoria, waarop die Britse fortifikasies van die Eerste Anglo-Boereoorlog aangedui word. (J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D. Phil-proefskrif, U.P.), p. 125). Oorspronklike is onduidelik.

8. Voetnotas

1. F.A. van Jaarsveld, Van van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die R S A, p. 196.
2. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 155; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 194-196.
3. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 194-196.
4. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 196.
5. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 196.
6. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 156-157; L. Scott, Boere-weerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2.
7. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 97; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1880, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2.
8. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157.

9. F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 74; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 2; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 197-198.
10. D.H. Heydenrych, Die Boerepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 157.
11. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 198-199; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 3.
12. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.) Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 157-158; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
13. L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 4 en 10.
14. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke. 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 15-16 en 53.

15. L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 31; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
16. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 44-50.
17. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 141; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 60.
18. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 90; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, p. 199.
19. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T.Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158.
20. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 158; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek tot the Convention of London, p.156; L. Scott, Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal, 1877-1880, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur onderhandeling, 1877-1884, pp. 98-99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



21. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 107-108; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 159.
22. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 130.
23. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) p. 121; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 111.
24. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 118, 120-123 en 130; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 159; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 212-215.
25. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 143-156, 169, 180-181 en 184-194; D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 159-160; M. Hugo en J.E.H. Grobler, Skikking deur Onderhandeling: Transvaal herwin sy onafhanklikheid, 1881-1884, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 211; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 241-242 en 246-251.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



26. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, <u>in</u> T. Cameron en S.B. Spies (reds.), <u>Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld</u>, pp. 160 en 183; M. Hugo en J.E.H. Grobler, Skikking deur Onderhandeling : Transvaal herwin sy Onafhanklikheid, 1881-1884, <u>in</u> F.A. van Jaarsveld (red.) ea., <u>Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884</u>, pp. 214-222; F.A. van Jaarsveld, <u>Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA</u>, p. 199.
27. D.H. Heydenrych, Die Boererepublieke, 1852-1881, <u>in</u> T. Cameron en S.B. Spies (reds.), <u>Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld</u>, p. 184; F.A. van Jaarsveld, <u>Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA</u>, pp. 199-201.
28. L. Bellairs, <u>The Transvaal War 1880-1881</u> (Faksimilee herdruk), p. 97.
29. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, <u>in</u> F.A. van Jaarsveld, (red.) ea., <u>Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884</u>, p. 113.
30. L. Bellairs, <u>The Transvaal War 1880-1881</u> (Faksimilee herdruk), pp. 97-101; J.E.H. Grobler, <u>Die Eerste Vryheids-oorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering</u> (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 122; J. Nixon, <u>The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek tot the Convention of London</u>, pp. 167-168. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : <u>Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria</u> (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : <u>Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria</u> (pamflet, 1981.03.18); F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, <u>Pretoriana</u> (80) 1980.11.16, p. 69.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



31. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p.105; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 122.
32. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 105-106 en 141-142; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 180-181.
33. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 105-106.
34. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, (Faksimilee herdruk), pp. 106-107; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 121-122; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.), ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 168; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18); F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16, p. 67.
35. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 167.
36. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 127-128; L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 119 en 129; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 112-113 en 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 177.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



37. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 118-119; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 126-127.
38. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, (Faksimilee herdruk), pp. 110-111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.) pp. 121 en 126.
39. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 130.
40. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 118; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 128-132; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 179; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 75.
41. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 129-137; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 195-196.
42. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 155-156; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).

43. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee her-druk), pp. 146-157 en 183; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 134.
44. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 149.
45. J.F. van Ewyk, Die slag van Rooihuiskraal : 'n Argeologiese benadering tot 'n historiese probleem, Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1 (1) 1986, pp. 1-23; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 159-167; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 135; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 203-205.
46. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.- proefskrif, U.P.), p. 173; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, pp. 134-135; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 207-208; L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 225 en 230-231.
47. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 231 en 238; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 175 en 177; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheiodsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884, p. 135; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).

48. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884, p. 134; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet, 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet, 1981.03.18).
49. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881, Faksimilee herdruk), pp. 115-116 en 457; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.P.), p. 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 174-176.
50. L. Bellairs, The Tranvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 108; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
51. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 126.
52. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp. 107-108, 110 en 116; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, p. 82.
53. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 99 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881. 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 123; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansing om Pretoria, Preto-riana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 77; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884 p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London p. 170.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



54. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 114; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 171-183 en 181; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoria (16 en 17) 1955.07-1977.09, p. 77.
55. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 107, 110 en 114.
56. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 99, 114-115 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset een Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red) e.a., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884, p. 134; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 171; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05 p. 77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16,p. 67.
57. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp. 114-115; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.),pp. 121 & 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 181; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 80 en 82.
58. J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884 p. 134; J. Nixon, The Comlete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18); Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede,Pretoria : Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1981.03.18); H.M. Rex, Lig-ging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, pp. 74-75 en 79-80; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05. p.77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16, p. 69.

59. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 114,216 en 456; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), pp. 121 en 125; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 168-169 en 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 71, 75 en 80; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77.

60. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 200; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria (pamflet 1981.03.18); H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 pp. 78 en 80.

61. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884 p. 134; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80), 1980.11.16, pp. 69 en 75; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76.

62. L. Bellairs,The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-112; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175.

63. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 112-113; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
64. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 113-114 en 463; J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881 (81) 1981.07, p. 79.
65. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 113 en 240; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76; F.J. du T.Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955-.07-1955.09, p. 77.
66. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125; J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes, Gewelddadige verset teen Britse oorheersing, 1880-1881, in F.A. van Jaarsveld (red.) ea., Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884, p. 134; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76; F.J. du T. Spies, Pretoria in 1880-1881, Pretoriana (80) 1980.11.16 pp. 69 en 75.
67. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 111; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif U.P.), p. 125; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
68. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk) pp. 113-114 en 463; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
69. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-114; J.Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 175; H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07, p. 79; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



70. L. Bellairs, The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 111-113; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
71. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history Lantern 1989.05, p. 77.
72. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, p. 200; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria: Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18).
73. Raad vir Nasionale Gedenkwaardhighede, Pretoria : Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria (pamflet 1980.11.18); B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 77; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07-1955.09, p. 77.
74. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p. 125.
75. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 76.
76. L. Bellairs The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), p. 114.
77. H.M. Rex, Ligging van Fort Royal, 1880-1881, Pretoriana (81) 1981.07 p. 80.
78. L. Bellairs The Transvaal War 1880-1881 (Faksimilee herdruk), pp. 110-111 en 117; J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881,'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P.), p.125.
79. J.E.H. Grobler, Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering (Ongepubliseerde D.Phil.-Proefskrif, U.P.), p. 174.
80. J. Nixon, The Complete Story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London, pp. 175-176.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

## BOEREFORTE VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1896-1898)

### 1. Inleiding

Die belangrikste rede vir die fortifisering van Pretoria deur die Boere was waarskynlik die Jameson-inval van 1895/96. Hierdie studie het nie ten doel om die Jameson-inval te beskryf nie. Om meer inligting oor die inval te bekom, kan die aangehaalde bronne geraadpleeg word. Die redes wat aanleiding tot die fortifisering van die hoofstad gegee het, word wel bespreek.

### 2. Redes vir die fortifikasie van Pretoria

Die Jameson-inval in die Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende 1895/96 is algemeen bekend. Hierdie gebeurtenis en die daarmee gepaardgaande onrus onder Uitlanders aan die Rand, het die regering van die ZAR laat besef dat daar 'n toenemende bedreiging uit die buiteland teen die vrede in die voormalige Boererepubliek was.[1] Die omsingelingsbeleid van die Britse regering het ook bygedra tot die besef van sameswering teen die Boererepublieke. [2]

Dit is minder bekend dat daar ook planne was om Pretoria te oormeester. Die 'Reformers' het 'n voorradekamp naby Irene ingerig en was van voorneme om op 27 Desember 1895 daarvandaan na Pretoria op te ruk. Tweehonderd-en-vyftig perde is vermoedelik vir die doel by Halfweghuis aangehou. Kommandant-generaal Piet Joubert het herhaaldelik sy vrees uitgespreek oor 'n moontlike opmars na Pretoria. Op Nuwejaarsdag 1896 het kommandant D.E. Schutte hom versoek om die paaie tussen Pretoria en Johannesburg te bewaak.[3]

Ploeger beweer dat 'n onbekende opruier in Johannesburg sou gesê het :

> "We must have a new Government - boys. I say we must settle this matter at Pretoria ourselves and Jameson must take us there ...".[4]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 'n beëdigde verklaring het 'n voormalige lid van een van die Uitlanderkorpse getuig dat sy korps heel eerste die stryd teen die Boere in Pretoria sou aanknoop.

Dat die Pretorianers 'n inval verwag het, blyk uit die indeling van verdedigingswyke en die instelling van 'n waaksaamheidskomitee in die hoofstad. Al die kommandante in die Republiek is gelas om hulle burgers gereed te hou en Johannesburg is deur Boerekommando's ingesluit.[5]

Die erns van die situasie is versterk met die vind van 'n spioenasiekaart van Pretoria in die trommel van 'n Britse spioen, kaptein Robert White. Hy het die kaart reeds in April 1895 opgestel. Ander bewyse van spioenasiewerksaamhede is ook by hom gevind[6] (Ill. 3.1).

Dit kan as 'n feit gestel word dat die Jameson-inval direk daarvoor verantwoordelik was dat Pretoria gefortifiseer is.

## 3. Besluite rondom die bou van die forte

Daar is allerweë besef dat die hoofstad beveilig moes word. 'n Verdedigingsplan moes vir Pretoria opgestel word. Die taak is opgedra aan 'n lid van die Uitvoerende Raad van die regering, naamlik J.M.A. Wolmarans. Hy sou bygestaan word deur kaptein P.E. Erasmus van die Staatsartillerie. Die plan is uiteindelik deur 'n voormalige Franse artillerie-offisier, Leon Grunberg, opgestel, wat dit aan kaptein Erasmus voorgelê het.

Daar is ook met stadsingenieur E. Lutz, siviele ingenieur Heinrich C. Werner en luitenant P.C. Paff hieroor beraadslaag. Op 24 Maart 1896 is die plan deur die Uitvoerende Raad goedgekeur[7] (Ill. 3.2-3.4).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.1 Grunberg se verdedigingsplan vir Pretoria

Leon Grunberg het aanbeveel dat gepantserde, draaibare koepeltorings, wat van geskut voorsien is, op strategiese plekke opgerig moes word. Die strategiese plekke wat hy in gedagte gehad het, was Schanskop, Kwaggaspoort, Daspoortrand, Magaliesberg-wes, Wonderboompoort, Derdepoort en Strubenkop. 'n Uitkykpos wat van elektriese ligte voorsien moes word, moes opgerig word om die nagtelike bewegings op die Johannesburgpad dop te hou.[8] Hier is met ander woorde sprake van agt strukture, hoewel baie bronne net sewe noem. Die uitkykpos word deur die meeste bronne uitgelaat.

Grunberg se voorstelle was onaanvaarbaar, aangesien die koepeltorings nie genoegsame skuiling en huisvesting vir 'n groot aantal manskappe gebied het nie.[9] Daar is besluit om eerder die plan van twee Duitse ingenieurs, Otto Albert Adolph von Dewitz en Heinrich C. Werner, te aanvaar [10] (Ill. 3.6-3.7).

Volgens 'n verslag van die Duitse ingenieur, Von Dewitz, (gedateer Augustus 1896) sou Pretoria nie net beveilig wees nie, maar dan ook as basis kon dien waarvandaan operasies teen die vyand onderneem kon word.[11]

## 3.2 Finale besluite

Melding word gemaak van agt forte, naamlik Kwaggaspoort, Schanskop, Klapperkop, Wonderboompoort, Daspoortrand, Strubenplaats, Magaliesberg-wes en Derdepoort. Dit stem basies ooreen met Grunberg se plan, maar die verskil sou die vorms van die forte raak.

'n Boukommissie insake die forte, onder voorsitterskap van kommandant-generaal Joubert, is deur die regering aangestel. Nadat vier van die voorgestelde agt forte voltooi is, het die kommissie in 1899 ontbind aangesien die nodige fondse om met die plan voort te gaan, ontbreek het. Twee

wapenmagasyne, die Centrale- en Groenmagasyn is ook in die artilleriekamp opgerig (I11. 3.21-3.22). 'n Fort is ook in Johannesburg gebou[12] (Ill. 3.5).

Omdat die fort te Johannesburg nie deel van die studie uitmaak nie, sal daar nie veel inligting oor die fort verskaf word nie. Die aangehaalde bronne kan vir meer inligting geraadpleeg word.

## 3.3 Doel en plekbepaling van die forte

Soos reeds gemeld, moes die nagtelike bewegings op die Johannesburgpad dopgehou word. Sodoende kon 'n verrassingsaanval van Johannesburg verhoed word. Die forte het ook as afskrikmiddel gedien. Laasgenoemde feit word geïllustreer deur die huiwering van die Britse troepe om Pretoria sonder meer aan te val.[13]

Werner en Von Dewitz het 'n studie van soortgelyke werk van die verlede gemaak ten einde die regte ligging vir die forte vas te stel. Die Britse fortebou van 1880-81 het reeds groot waarde aan Elandspoortrand toegeken. Fort Schanskop en Fort Klapperkop sou hierdie suidelike toegang tot Pretoria beheer. 'n Fort by Wonderboompoort sou die noordelike toegang tot die stad beheer.

Die Britse spioen, kaptein Robert White, het in sy spioenasieverslag op die belang van die poorte by Wonderboom, Schanskop, Klapperkop, Daspoortrand en Magasynheuwel gewys as moontlikheid om Pretoria te beleër. Schanskop sou ook die pad- en spoorwegverbindings met Johannesburg en Lourenco Marques beheer. Fort Daspoortrand sou saam met Fort Wonderboompoort ook die westelike toegangsroete tot die stad beheer. Die paaie na Soutpansberg en Middelburg (Tvl.) en die spoorlyn na Lourenco Marques sou deur Fort Derdepoort beheer word. Die netwerk van verdedigingswerke sou deur die fort op Strubenkop voltooi wees.[14]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is reeds genoem dat slegs vier forte uiteindelik deur die regering van die ZAR opgerig is, naamlik dié by Schanskop, Wonderboompoort, Klapperkop en Daspoortrand (Ill. 3.50).

Nadat die Britse magte Pretoria ingeneem het, het hulle blokhuise opgerig om die verdediging van die stad te verbeter. Twee van hierdie blokhuise is, soos in die vorige hoofstuk vermeld, op Kwaggasrand en Strubenkop opgerig, wat die strategiese belang van hierdie plekke onderstreep. [15]

### 3.4 Redes waarom die forte nie voltooi is nie

Dit is reeds vroeër genoem dat daar nie genoeg fondse beskikbaar was vir die bou van agt forte nie. Kommandant-generaal Joubert was ook gekant teen die bou van verdere forte. Hy het dit as oorbodig beskou. Hy het getwyfel of daar genoeg manskappe gevind sou kon word om al die forte te beman. [16]

Dit het mettertyd geblyk dat hy, sover dit laasgenoemde aangeleentheid betref, reg was, maar dat hy verkeerd was wat die oorbodigheid van verdere forte betref. Die vraag kan wel gevra word waarom die oorspronklike plan van Grunberg onaanvaarbaar was, aangesien die koepeltorings deur veel minder man as forte beman sou word en waarskynlik nie veel doeltreffendheid sou inboet nie.

## 4. Bou van die Duitse forte

Fort Wonderboompoort, Fort Schanskop en Fort Klapperkop is deur Von Dewitz en Werner van die Duitse ingenieursfirma, Krupp, ontwerp met die hulp van die argitek, Christiaan Kuntz (Ill. 3.8). Celso Giri was die bou-ondernemer. Dit verklaar die groot mate van ooreenkoms tussen die drie. [17] Al drie is van die vyfhoekige

versterkingstipe forte wat as gevolg van hulle baie vlakke beter frontvuurmoontlikhede bied. Draaibare geskut op die fortwalle sou aanvalle uit enige rigting kon afweer.

Skietgate is in die mure ingebou om infanterieverdediging moontlik te maak. Loopgrawe en doringdraadversperrings is ter versterking opgerig. Die kasematte (versterkte vertrekke) het basies dieselfde doel gedien. Daar was offisier- en manskapkamers, kombuise, hospitale, masjien- en telegraafkamers, stalle, ammunisiemagasyne en opslagplekke vir lewensmiddels. Die manskapkamers het ook as eetvertrekke gedien.[18]

Dit moet vermeld word dat die forte van Pretoria van die mees moderne strukture van hulle tyd was en dat hulle die eerste forte ter wêreld was met so 'n moderne kommunikasiemiddel soos die telefoon.[19] Fort Klapperkop het 'n grag aan die voorkant gehad om dit verder te beveilig.[20]

Daar is hoofsaaklik van swart arbeiders (bandiete) gebruik gemaak om die forte te bou. Sowat 400 blanke bouers, van wie die meerderheid Italianers was, was ook betrokke by die bouwerk. Duitse en Nederlandse deskundiges is vir tegniese aspekte soos die elektrisiteits- en ander verbindingswerke tussen die forte gebruik. Die blankes moes almal 'n eed van geheimhouding aflê.[21]

Ongelukkig is daar min feitelike gegewens oor die forte beskikbaar. In die meeste lêers wat oor die forte handel wat die skrywer in die Transvaalse Argiefbewaarplek geraadpleeg het, was die inligting verwyder. Heelparty persone bespiegel dat dokumentasie insake die forte vernietig is vanweë die spioenasiebedrywighede voor en tydens die Anglo-Boereoorlog. 'n Tweede moontlikheid wat genoem word, is dat die regering van generaal Louis Botha dit kon vernietig het vanweë die vrees dat dit in rebellehande kon val tydens die Rebellie van 1914.[22]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.1 Fort Schanskop

Fort Schanskop is teen 'n koste van 47 500 pond opgerig.[23] Die fort is op 6 April 1897 deur die bouers aan die regering oorhandig.[24] In September 1897 is die fort tydelik bewapen met twee 37mm-Maxim-Nordenfeldt-snelvuurkanonne en 'n Martini Henry-handmaxim.[25] Teen 1899 was daar twee 37 mm-Maxims en 'n Long Tom-kanon in die fort.[26] Teen 23 Oktober daardie jaar is die wapens reeds verminder na een 37mm-Maxim-Nordenfeldt en een Martini Henry-handmaxim. Ses dae later is die 37mm-Maxim-Nordenfeldt na die Vrystaatse front gestuur.[27] 'n Long Tom is intussen weer in Fort Schanskop geplaas, maar dit is op 6 November 1899 na die Natalse front verskuif.[28]

Die garnisoen van Fort Schanskop het aanvanklik uit 'n offisier en 30 man bestaan. Die bevelvoerder was luitenant A. Carlblom[29] (Ill. 3.30). Op 23 Oktober 1899 was slegs 17 man nog in die fort gestasioneer.[30] Die bemanning van die fort was ten tye van die oorname van Pretoria, op 5 Junie 1900, reeds onttrek[31] (Ill. 3.9-3.10).

Die fort was toegerus met elektriese beligting en elektriese soekligte. Die krag hiervoor is verskaf deur 'n paraffienenjin. 'n Heliografiese en bogrondse telegrafiese verbinding het met die ander drie forte en met Johannesburg bestaan. Die fort het ook oor 'n telefoon beskik. Dit het 'n pompstasie in die Fonteinedal met Fort Klapperkop gedeel en het 'n wateropgaartenk naby die ammunisiekasemat gehad. Weerligafleiers is ook aangebring.[32]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.2 Fort Wonderboompoort

Wanneer die fort presies voltooi is, is nie bekend nie, maar op 4 September 1897 het die Staatspresident Fort Wonderboompoort namens die regering oorgeneem.[33] Die koste verbonde aan die oprigting van die fort was 49 000 pond.

'n Spesiale fortekorps, die Corps Vesting Artillerie van 100 man, is in die lewe geroep nadat vertoë in dié verband deur luitenant-kolonel H.P.N. Pretorius, sy opvolger S.P.E. Trichard en majoor (vroeër kaptein) P.E. Erasmus tot die Uitvoerende Raad gerig is.

Hoeveel van hulle by Fort Wonderboompoort gestasioneer was, is nie bekend nie. 'n Versoek is wel tot kommandant-generaal Joubert gerig dat 44 manskappe en agt offisiere in elke fort geplaas moet word, maar hieraan is nie voldoen nie. Op 23 Oktober 1899 was daar 18 man in hierdie fort gestasioneer. Die bevelvoerder van die fort was luitenant J. Wolmarans.[34]

Verskeie voorstelle oor die bewapening van die forte is ook ingedien en geskut is uit Frankryk en Duitsland bestel. Van hierdie wapens het nooit hulle bestemming bereik nie. Majoor P.E. Erasmus het drie kanonne vir Fort Wonderboompoort voorgestel. Een hiervan was 'n Long Tom, soos gesien kan word in 'n rapport van luitenant N.P. Oelofse in Augustus 1899.[35] Op 23 Oktober van dieselfde jaar, was daar 'n 37mm-Maxim-Nordenfeldt en 'n Martini Henry-handmaxim in die fort.[36] Op 23 Maart 1900 is 'n Long Tom weer op bevel van kommandant-generaal Joubert na die fort geneem. Op 26 Maart was dit gereed om te skiet.[37]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Telegraafverbinding het tussen Fort Wonderboompoort en die artil-leriekamp bestaan. Die fort was ook telefonies in verbinding met die kantoor van die kommandant-generaal.[38] Instrumente vir draadlose telegrafie is bestel, maar dit is in die Kaap gekonfiskeer.[39] Elektriese krag vir beligting het bestaan en is deur 'n paraffienenjin voorsien. Fort Wonderboompoort het sy eie pompstasie gehad om water uit die Apiesrivier te pomp. Dit is in 'n reservoir, wat onder die fort se vertrekke voorkom, gepomp. Weerligafleiers is ook geïnstalleer. Doringdraadversperrings is ook ter beveiliging van die fort opgerig[40] (Ill. 3.11-3.12).

4.3 Fort Klapperkop

Die koste verbonde aan die oprigting van Fort Klapperkop was 50 000 pond en die fort is op 18 Januarie 1898 aan die regering oorgedra; dieselfde dag waarop die regering ook die Sentrale Magasyn in besit geneem het.[41]

In Januarie 1899 was daar 'n bemanning van 17 in die fort, maar teen Julie daardie jaar was die getal reeds 30. Slegs 16 was nog op 23 Oktober 1899 in Fort Klapperkop gestasioneer.

In Februarie 1898 is 'n Long Tom-kanon op 'n houtplatform hier gemonteer. Op 1 Oktober 1899 was die fort met 'n Long Tom, 'n 37mm-Maxim-Nordenfeldt en drie Martini Henry-handmaxims bewapen.[42] Teen 23 Oktober 1899 was die Long Tom reeds verwyder. Dit is op 6 November 1899 per trein na Ladysmith gestuur.[43] Die 37mm-Maxim-Nordenfeldt is op 29 Oktober 1899 uit die fort verwyder. Slegs twee Martini Henry-handmaxims en een 65mm-Krupp-bergkanon was teen 7 November nog in Fort Klapperkop.[44]

Heliografiese en bogrondse telegrafiese verbindings, sowel as 'n telefoon, is hier aangebring.[45] Draagbare optiese telegraaftoestelle is ook in Europa bestel, maar dit is in Mei 1900 in Lourenco Marques gekonfiskeer.[46] 'n Paraffienenjin het elektrisiteit vir beligting verskaf. 'n Pompstasie in die Fonteinedal is met Fort Schanskop gedeel en het die fort van water voorsien. Weerligafleiers is aangebring.[47]

Doringdraadversperrings is opgerig om die fort te beveilig. Dit is reeds gemeld dat die fort aan sy voorkant van 'n grag en valbrug voorsien is om hom verder te beveilig.[48] Dit is dan ook die unieke eienskap van Fort Klapperkop (Ill. 3.13-3.15).

## 5. Spioenasiebedrywighede rondom die forte

Daar is reeds melding gemaak van die spioenasiekaart wat na die Jameson-inval in die trommel van kaptein Robert White gevind is. Ander spioenasiebedrywighede het ook aan die lig gekom.

Al die verslae wat deur die Britte oor die forte opgestel is, kan nie noodwendig as spioenasie beskou word nie, maar uit die feite blyk dit duidelik dat Brittanje baie in die bou van die forte belang gestel het. Die geheimhouding rondom die forte van die kant van die regering van die ZAR laat onwillekeurig die vraag ontstaan in watter mate spioenasie wel 'n rol gespeel het in die insameling van hierdie inligting deur Britse agente.

Daar is breedvoerig oor die bewapening van die forte berig. Kaptein C. Delmé Radcliffe het verskeie verslae oor die ZAR se bewapening aan die Britse militêre inligtingsdiens deurgestuur. Ook majoor H.P. Northcott het verslae deurgestuur.

Verskeie verslae is deur die Britse agent, W. Conyngham Greene, opgestel waarin hy oor die bou en bewapening van die forte verslag doen. Ook luitenant R.J. Vernon en majoor A.E. Altham het verslae in dié verband opgestel. Hierin is onder meer verslag gedoen oor die oordrag van die forte aan die regering van die ZAR.[49]

Die spioenasie-aktiwiteite rondom Fort Daspoortrand is besonder interessant en verdien afsonderlike vermelding. Daar is sprake van die inhegtenisneming van 'n sekere F. Zotier op 25 Julie 1897. Hy was in besit van die planne sowel as 'n houtmodel van genoemde fort. Met sy vrylating het Zotier weer eens probeer om planne van die fort te verkoop. Op 21 September 1897 is sy huis in Johannesburg deurgesoek en is afdrukke van die planne van die fort gevind.[50]

'n Tweede model van Fort Daspoortrand is by G.H. van Winsen gevind. Hy was die raadgewende ingenieur-sekretaris van die ZAR en het beweer dat hy met Zotier onderhandel het ten einde die planne terug in die hande van die regering te kry. Zotier het weer beweer dat hy die planne opgestel het en dat Grunberg 'n bedrieër is wat dit op oneerlike wyse van hom verkry het.[51] Meer inligting oor die aangeleentheid ontbreek ongelukkig, behalwe dat Zotier glo land uit gevlug het (Ill. 3.16).

W. Conyngham Greene het in 'n spioenasieverslag melding gemaak van die andersheid van Fort Daspoortrand, omdat dit nie soos die ander drie forte in 'n Duitse styl gebou is nie, maar wel in 'n Franse styl. Hy het ook sketsplanne van die forte aan die Britse Militêre Inligtingsdiens verskaf. Die feit dat daar so min argivale inligting oor die forte beskikbaar is, mag dalk 'n gevolg wees van die vernietiging van dokumentasie om die spioenasiebedrywighede te probeer kortwiek. Dit is bekend dat die ZAR-regering wel dokumente verwyder het voor die Britte Pretoria ingeneem het[52a] (Ill. 3.17).

## 6. Die Franse fort - Fort Daspoortrand (Wesfort)

Hierdie fort is, soos reeds in die inleiding vermeld, 'n unieke fort. Die belangrikste rede hiervoor is dat dit in 'n Franse styl gebou is. Dit wil voorkom asof sowel kommandant-generaal Joubert se pro-Franse gevoelens as die Frans-Duitse mededinging in die ZAR die deurslag gegee het dat die bou van Fort Daspoortrand aan die twee militêre-ingenieurs, Leon Grunberg en Sam Léon, toegeken is en nie weer aan die Duitse firma nie.[53] Hierdie besluit het tot 'n geskil tussen die kommandant-generaal en die Duitse kontrakteur, Heinrich C. Werner, gelei. Die Uitvoerende Raad het die betrokke partye na 'n bespreking oor die geskil genooi, waar dit besleg is.[54]

In Julie 1897 was die bouwerk reeds aan die gang en op 12 November 1898 is die fort amptelik deur die regering van die ZAR in ontvangs geneem. Die fort se totale koste was 46 500 pond[55] (Ill. 3.18-3.20).

Die ingenieur wat vir die bou van die fort verantwoordelik was, was Edgar Cassen en van die Franse en Italiaanse werktuigkundiges wie se name bekend is, was Carlo Prina, Petro Testan en Joseph Allias. Hulle spesifieke take is nie bekend nie.

Grunberg en Léon sou ook die fondamente vir kanonne by al vier forte lê en die kanonne opstel. Dit het wel by forte Daspoortrand en Schanskop plaasgevind, maar uit die beskikbare dokumentasie is daar nie sekerheid oor die ander twee forte nie. Majoor Erasmus het twee kanonne vir Fort Daspoortrand voorgestel.[56] Geen inligting is beskikbaar oor hoeveel geskut uiteindelik in dié fort geplaas is nie, behalwe vir 'n verwysing van Louis F. de Souza, waar hy vra of die platform vir die 155mm-kanon (Long Tom) in orde is.[57] Dit is wel bekend dat daar op 23 Oktober 1899 twee 37mm-Maxim-Nordenfeldt-kanonne sowel as 'n Long Tom in die fort aanwesig was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op hierdie datum was daar ook 20 man in die fort.[58] Die skrywer het tydens sy navorsing die volgende name van manskappe wat in Fort Daspoortrand gestasioneer was, raakgeloop: die bevelvoerder - luitenant F. Townsend, adjudant P.J. van der Merwe, E.A. Venter, E.A. Pretorius, C. van den Bogaarde, A. Fenske en R. Hirsch.[59] Volgens 'n foto in die Pretoriase Eeufeesjaarboek het die bemanning 25 getel.[60]

Die fort is 'n seskantige verdedigingswerk met bastions.[61] Die ammunisiekamers is ondergronds en gange lei uit die binnehof daarheen.[b] Die ammunisie is deur middel van twee skagte, een aan die ooste- en een aan die westekant van die fort, na bo gehys.[62]

'n Telegraafkabel is tussen die fort en die sentrale telegraafkantoor gelê. 'n Bogrondse telegrafiese verbinding is ook aangelê en 'n telefoonverbinding het voorgekom.[63] Twee dinamo's het elektriese beligting binne die fort verskaf en het ook die twee soekligte van krag voorsien. Fort Daspoortrand het sy eie pompstasie en pomphuis met stoomaandrywing gehad. Weerligafleiers is aangebring.[64]

## 7. Bewapening deur die ZAR

Ernstige bedenkinge het bestaan oor die moontlikheid of die ZAR sy grense kon verdedig. In sy verslag oor 1895 meld kommandant-generaal Joubert dat ongeveer 41% van die burgers nie gewere besit nie en dat die oorblywendes met verouderde gewere toegerus was. Dit was duidelik dat hierdie situasie reggestel moes word.

Voor die Jameson-inval het die ZAR oor die volgende kanonne beskik:

Een 80mm-Krupp-kanon;
Vier 65mm- Veldkanonne;
Vier 65mm-Krupp-bergkanonne;
Een 160mm-voorlaaier-houwitser;
Een Mitrailleuse;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Een 37mm-voorlaaier-bergkanon;

Een mortier;

Een Martini Henry-Maxim op wiele;

en 'n paar Whitworth- en Armstrong-voorlaaierkanonne van uiteenlopende kaliber[65] (Ill. 3.23).

Die bedrag bestee aan militêre uitgawes was sedert 1896 aansienlik hoër as vroeër. Die gemiddelde bedrag van 57 284 pond per jaar het verander na 495 618 pond (1896), 396 384 pond (1897) en 163 451 pond (1898). Geskut en ammunisie is aangekoop en kanon- en waenhuise is in die Pretoria artilleriekamp opgerig. Alle dienspligtige burgers is bewapen.[66]

Die artilleriekorps is van 100 na 400 man uitgebrei.[67] Perde is aangekoop en 'n groot versterkte magasyn, die Centrale Magazijn, is naby die artilleriekamp opgerig. Die sogenaamde Groen Magasyn is ook opgerig (Ill. 3.21-3.22).

Wapens wat aangekoop is, het Martini Henry-, Guedes- en Mausergewere en -patrone ingesluit. Mausergewere was die modernste geweer van die tyd. 'n Battery van ses 75mm-veldkanonne en 'n battery van vier 155mm-beleëringskanonne (Long Toms) met ammunisie is ook aangekoop.

'n Bestelling van 'n battery 120mm-snelvuurkanonne, vier 37mm-pom-poms en 11 handmaxims is ook geplaas. Sommige van die wapens het nooit in die ZAR aangekom nie.[68]

'n Volledige lys van kanonne wat na die Jameson-inval aangekoop is, is die volgende:

Vier 120mm-Krupp-snelvuurhouwitsers,

Agt 75mm-Krupp-snelvuurkanonne,

Vier 155mm-Creusot-vestingkanonne (Long Toms) (Ill. 3.25),

Ses 75mm-Creusot-snelvuurkanonne (Ill. 3.26),

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vyf 75mm-Maxim-Nordenfeldt-snelvuurders (Ill. 3.24),
Vyf-en-twintig 37mm-Maxim-Nordenfeldt-Vickerskanonne (pom-poms),
Ses 37mm-Krupp-snelvuurbergkanonne en
Een 75mm-Maxim-Nordenfeldt-Vickers-bergkanon.

Masjiengewere wat aangekoop is, was 2 Lee Metford-Maxims (7,7mm) en 10 Martini Henry-Maxims (11,4mm).[69]

7.1 Bewapening van die forte

Op 23 Februarie 1897 lê majoor P.E. Erasmus sy bewapeningsvoorstelle aan die kommandant-generaal voor. Hiervolgens moes elkeen van die Duitse forte met drie swaar kanonne bewapen wees en die Franse fort met twee. Elke fort moes dan ook nog van twee ligte kanonne voorsien word.

Die swaar kanonne sou die 155mm-Long Toms en die 120mm-snelvuurkanonne wees, terwyl die ligte kanonne die 75mm-snelvuurkanonne sou wees (Ill. 3.27-3.28).

In April 1898 besluit luitenant-kolonel A. Schiel, die fortkommandant van die fort te Johannesburg, en majoor Erasmus op die volgende bewapening : Elkeen van die forte (dit sluit die fort te Johannesburg in) moes oor twee Long Toms, twee 75mm-kanonne en twee 37mm-maxims beskik. Hierdie voorstel is deur kommandant-generaal Joubert goedgekeur. Van die geskut wat bestel is, het die ZAR nooit bereik nie, daarom kon hierdie voorstel slegs gedeeltelik uitgevoer word.

Majoor Erasmus se gewysigde plan het soos volg daar uitgesien:

Fort Schanskop - Twee 155mm-kanonne
Een 150mm-kanon op 'n draaibare affuit

Fort Klapperkop - Twee 155mm-kanonne, een op 'n wiel affuit en een op 'n draaibare affuit
Een 150mm-kanon
Fort Wonderboompoort - Drie kanonne
Fort Daspoortrand - Twee kanonne
Johannesburg fort - Vier kanonne

Hierdie plan is ook nie ten volle uitgevoer nie, omdat al die kanonne nie die ZAR bereik het voordat die oorlog uitgebreek het nie.

Op 15 September 1899 het luitenant-kolonel S.P.E. Trichard opdrag gegee dat twee houwitzers uit die forte verwyder moet word. Dit was die begin van die ontwapening van die forte. [70] Die forte is ontwapen omdat die Boere besluit het om eerder die vyand in die veld, op die verskillende fronte te probeer stuit, eerder as om te wag totdat die vyand die belangrike dorpe, soos Pretoria en Johannesburg, bedreig. Die omvang van hierdie ontwapening is reeds aangetoon.

## 7.2 Bemanning van die forte

J.H. Breytenbach stel die getal vestingsartilleriste (wat vir die forte beoog is) op 157.[71] Hoeveel hiervan wel in die forte diens gedoen het, is onseker. Dit was gewis minder. Aanvanklik het die Rijdende Artillerie by die forte diens gedoen.

Na verskeie beroepe op die kommandant-generaal gedoen is, is daar uiteindelik op 7 November 1898 tot die stigting van 'n Corps Vesting Artillerie van 100 man toegestem. Dit was veel minder as wat deur luitenant-kolonel Trichard voorgestel is. Hierna het werwing plaasgevind. [72]

Dit wil voorkom asof die Duitse forte beplan is om dertig man te huisves, maar omdat die artillerie ook in die veld benodig is, was die getal minder. [73]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die garnisoen van Fort Schanskop het aanvanklik uit 'n offisier en 30 man bestaan.[74] Die bevelvoerder was luitenant A. Carlblom. Slegs 17 hiervan was op 23 Oktober 1899 nog in die fort gestasioneer.[75] Met die Britse oorname van Pretoria op 5 Junie 1900 was die hele bemanning reeds onttrek[76] (Ill. 3.29).

Die enigste aanduiding van die grootte van Fort Wonderboompoort se garnisoen is dat daar 18 man op 23 Oktober 1899 gestasioneer was.[77] Die bevelvoerder was luitenant J. Wolmarans[78] (Ill. 3.31).

Fort Klapperkop se garnisoen het in Januarie 1899, 17 getel, maar teen Julie daardie jaar was die getal reeds 30. Op 23 Oktober 1899 was net 16 man nog teenwoordig.[79] Daar kon nie vasgestel word wie die bevelvoerder van Fort Klapperkop was nie.

In Fort Daspoortrand was daar op 23 Oktober 1899, 20 man aanwesig. Die bevelvoerder was luitenant F. Townsend.[80] Volgens J. Meintjes was hy die man wat die eerste skoot van die oorlog afgevuur het. Hy is later van sy rang onthef.[81] Volgens 'n foto in die Eeufeesjaarboek van Pretoria, het die bemanning 25 getel[82] (Ill. 3.32-3.34).

Geen verdere inligting oor die bemanning van die forte is beskikbaar nie, behalwe dat slegs een man in elke fort teenwoordig was toe lord F.S. Roberts se magte Pretoria op 5 Junie 1900 ingeneem het.

## 7.3 <u>Proviandering in die forte</u>

Die Uitvoerende Raad besluit op 4 Maart 1898 om 'n tender van T.W. Beckett van Pretoria, ten bedrae van 3 659 pond, 12 sjielings en 6 pennies te aanvaar, om voedsel aan die forte te voorsien. Die voedselsoorte wat aangekoop is, is onbekend. Ploeger gee wel 'n lys van die tipes voedsel wat in 1899 beskikbaar was, soos dit uit Staatsartillerie-aankope blyk.

Blikkieskos was die volgende:

| | |
|---|---|
| Een pond (0,45kg) gebraaide` skaapvleis | (8 ½pennies) |
| Vier pond (1,82kg) Australiese pekelvleis | (7 ½pennies/pond) |
| Ander pekelvleis | (7 ½pennies/pond) |
| Een pond (0,45kg)koffie | (5 ½pennies) |
| Groente | |

'n Rantsoeneringsoorsig gee ons 'n verdere idee van die tipes kos, asook hoeveelhede per persoon. Elke manskap van die Staatsartillerie (wat die bemanning van die forte ingesluit het) het daagliks die volgende ontvang:

1 1/2 pond (0,68kg) koffie of tee
1 pond (0,45kg) suiker
1 1/2 pond (0,68kg) rys

Aartappels, patats en uie is twee of drie keer per week uitgedeel. Peper, sout en asyn is ooreenkomstig persoonlike behoeftes uitgedeel. Ander groente is een keer per week op die mark aangekoop en is op Saterdae uitgedeel.

Die voedsel per man het die Staatsartillerie ongeveer 1 pond, 12 sjielings en 5 1/4 pennies per maand gekos.[83]

## 7.4 Opleiding in die forte

Sowel die manskappe as die offisiere van die Staatsartillerie het onderwys ontvang. Die onderwys is verpligtend gemaak en die vakke wat aangebied is, sou in ooreenstemming met die Wet vir die Staatsartillerie van 1892 wees. Onderwysers is van buite gekry om die onderrig te gee en die Volksraad het 'n wakende oog oor die werksaamhede gehou. In 1896 is dit deur die Wet bepaal dat onderwys op 'n gereelde grondslag aan die Staatsartillerie gegee moes word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Meneer Susan is reeds in November 1890 as onderwyser van die Staatsartillerie aangestel. Th.Kroon word in 1893 as luitenant-onderwyser aangestel. Die leerlinge is in lees en skryf onderrig en vir aanneming voorberei [84] (Ill. 3.35).

In 1896 word Kroon tot eerste luitenant-adjudant bevorder. Dit het tot gevolg gehad dat hy minder aandag aan die onderwys kon gee sodat sake nie te vlot verloop het nie.[85] Met die aanstelling van L.L. Steen as onderwyser in 1897, het sake verbeter. Op 13 Oktober van dieselfde jaar open kommandant-generaal Joubert 'n kampskool. Hierdie skool is in samewerking met die Superintendent van Onderwys, dr. N. Mansvelt, bestuur.

Die manskappe van die forte Wonderboompoort en Schanskop het van 09:30 tot 11:30 daar onderrig ontvang en dié van die artilleriekamp om 14:00. Die onderoffisiere is teen laatmiddag onderrig.[86]

Die skoolgeboutjie was van sink. Wanneer die wind waai, het die los sinkplate geraas en wanneer dit reën, het die dak gelek.[87] Die omstandighede was dus nie van die allerbeste nie.

Teen 1898 is onderrig tussen 09:00 en 11:00 by Fort Schanskop self gegee. H.S. du Toit word op 12 April 1898 as tweede onderwyser aangestel. Die onderrig is nou na Fort Klapperkop uitgebrei. Die manskappe van die forte te Wonderboom en Daspoortrand is steeds in die artilleriekamp onderrig.[88]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Steen merk in sy verslag van 1898 op dat die vordering by die leerlinge van die forte beter is, omdat die manskappe meer tyd vir huiswerk het as dié in die artilleriekamp. [89] In November 1890 is 90 leerlinge deur die inspekteur getoets. Op versoek van Steen is tydelike skoolgeboutjies vroeg in 1899 by al vier forte opgerig. [90] Manskappe wat oor nege maande diens en oor 'n skoon strafregister beskik het en wat in die hoogste standerd sit, kon aan die korporaalseksamen deelneem. In die loop van 1899 is al die skole gesluit. [91]

Die onderrig waarvan tot dusver melding gemaak is, het militêre onderrig uitgesluit. [92] Al wat hieroor bekend is, is dat 'n neutrale militêre waarnemer, kaptein J.H. Ram, diep deur die optrede van Staatsartilleriste in die veld getref is. Hoewel goed gedissiplineerd, was daar ruimte vir die inisiatief van ondergeskiktes.

Die Uitvoerende Raad het op 21 Februarie 1899 besluit om 'n opleidingskool vir artilleriste in die lewe te roep. Die skool het op 17 Julie 1899 begin met elf leerlinge. Op 24 Julie 1899 is nog vier leerlinge ingeskryf. Meer inligting is nie bekend nie. [93]

## 8. Die val van Pretoria

Voordat die beoogde bewapening van die vier forte voltooi is, het die ontwapening daarvan reeds begin. [94] Die omvang van die ontwapening is reeds aangetoon. Die vernaamste rede vir die ontwapening was die tekort aan grofgeskut aan Boerekant. Hierdie geskut het 'n noodsaaklikheid op die verskillende fronte geword en is daarom uit die forte verwyder en na die front gestuur. Namate die Staatsartilleriste in die veld benodig was, is ook hulle uit die forte onttrek. Reserviste is daarna ingespan om die forte te beman. Hulle was eintlik niks meer as bewakers van onbewapende forte nie. [95]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Britse magte, onder bevel van lord F.S. Roberts, het op 3 Junie 1900 uit Johannesburg vertrek. Op 4 Junie het gevegte rondom die hoofstad uitgebreek en op 5 Junie het die onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria gevolg. Die forte het geen rol in die gevegte gespeel het, behalwe om die aanvallers tydelik af te skrik, omdat hulle nie geweet het dat die forte feitlik onbewapen was nie.[96]

Fort Klapperkop is reeds op 3 Junie 1900 met liddiet bestook. 'n Artilleris, Frits Rothmann, beskryf in sy dagboek dat tien tot twaalf bomme in Sunnyside ontplof het en dat twee op die fort geval het.[97]

Fort Schanskop het ook in die gevegte gedeel. 'n Kanonskoot is deur Britse troepe op die fort afgevuur en dit het die deure getref. Omdat die fort onbeman was, is die vuur nie beantwoord nie, waarop die aanvallers Pretoria ingeneem het. Slegs een persoon was in elke fort teenwoordig om dit amptelik aan die Britse militêre owerheid te oorhandig[98] (Ill. 3.36).

Om 10:00 op 5 Junie 1900 het 'n afdeling van die elfde kavalleriebrigade Fort Daspoortrand beset. Foutiewe inligting op Britse kaarte het die fort as Zandfontein beskryf. Die Britte het die fort tot Wesfort herdoop. Die Britse bevelvoerder van die fort op 24 Desember 1900 was kaptein H.W. Margesson. Wanneer die ander drie forte ingeneem is, is nie seker nie, maar Britse infanterie- en artilleriesoldate het Forte Schanskop en Wonderboompoort beset.

Daar word reeds op 7 Junie 1900 in Britse verslae van die water- en elektrisiteit-stelsel in al vier forte melding gemaak. Die watervoorsieningstelsels van Forte Klapperkop en Schanskop was in orde, terwyl geringe herstelwerk by die ander twee nodig was. Die elektriese soekligte was slegs nog op Forte Wonderboompoort en Daspoortrand teenwoordig, by laasgenoemde nog in werkende toestand. Die telefoonverbindings is, waar nodig, herstel. Doringdraadversperrings is net by Forte Klapperkop en Wonderboompoort gevind.[99]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 9. Die forte na 1900

Die Britse magte het die forte weer bewapen. Twee kompanies infanterie is op 7 Junie 1900 in Fort Wonderboompoort gehuisves. Op 19 Januarie 1901 was kaptein C. Blackburn die bevelvoerder van die fort. Fort Klapperkop is voorsien van twee Britse 9,45 kaliber-houwitsers. Of die ander aanbevelings van hoofingenieur Elliot Wood insake die forte uitgevoer is, is onbekend[100] (Ill. 3.37).

Die Britte het 'n hele aantal fortifikasies ter verdediging van die stad op-gerig.[101] Hierdie fortifikasies word in die volgende hoofstuk behandel.

Aanvanklik was die forte onder die Britse bewind kroonbesit. Op 7 Julie 1904 is Fort Wonderboompoort vir openbare doeleindes voorbehou en was dit nie meer 'n militêre verdedigingswerk nie. Die skrywer kon nie vasstel wat bedoel word met "openbare doeleindes" nie.

Fort Klapperkop en Fort Schanskop is vir militêre doeleindes behou.[102] Wanneer die Britse militêre aansprake op Fort Daspoortrand verval het, kon nie vasgestel word nie, maar teen 1913 is dit nie meer vir militêre doeleindes gebruik nie.[103]

Daar word melding gemaak van die vernietiging van ammunisie wat in 1913 in Fort Klapperkop gevind is. Die moontlikheid dat daar nog ammunisie versteek kon gewees het en die gevare daaraan verbonde, het daartoe gelei dat Fort Klapperkop en Fort Schanskop in 1922 aan die Suid-Afrikaanse Weermag oorgedra is.[104] Tot 1929 is die twee forte slegs vir sein- en waarnemingsdoeleindes gebruik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Toeriste het in Fort Schanskop begin belang stel en in 1929 het die Stadsraad van Pretoria aangebied om die fort skoon te maak, maar so iets het nie gebeur nie. In 1932 is 'n bronsplaat deur die Historiese Monumentekommissie aan die poort van Fort Schanskop aangebring. Op 8 Julie 1938 is Fort Schanskop sowel as Fort Klapperkop tot nasionale gedenkwaardighede verklaar. Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die twee forte as ammunisie-opslagplekke gebruik (Ill. 3.38-3.39).

Gedurende die laat vyftigerjare het die gedagte aan 'n militêre museum ontstaan, maar die nodige fondse hiervoor het ontbreek. Daar was ook die gedagte om Fort Klapperkop in 'n restourant te omskep.[105] In 1962 is besluit om voort te gaan met die oprigting van 'n militêre museum en die keuse het op Fort Klapperkop geval. Op 23 Mei 1966 is die Militêre Museum Fort Klapperkop geopen (Ill. 3.40 en 3.47-3.48). In 1978 is ook die Militêre Museum Fort Schanskop geopen.[106] Vandag word die twee forte steeds as museums in stand gehou[107] (Ill. 3.49).

Inligting oor hoe dit gedurende hierdie tydperk met die twee oorblywende forte, Fort Wonderboompoort en Fort Daspoortrand, gesteld was, is baie skaars. Hier en daar het 'n brokkie inligting in dié verband onder die skrywer se aandag gekom.

In Januarie 1905 was daar planne om beide forte in gevangenisse te omskep. 'n Inspeksie is by Wesfort (Fort Daspoortrand) uitgevoer en daar is gevind dat al die vensters gebreek was, dat sommige van die deure en vensterrame verwyder was en dat die pad in 'n swak toestand was. Die planne is toe laat vaar. Wesfort sou nou aan die Stadsraad van Pretoria oorgedra word,[108] maar dit is te betwyfel of dit wel gedoen is (Ill. 3.41).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit wil voorkom asof die dakke van die forte met plofstof vernietig is. Daar word beweer dat generaal J.C. Smuts tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n opdrag in dié verband uitgereik het.[109c] Dit kon nie bevestig word nie, maar dit moes voor 1954 gewees het, aangesien foto's uit die jaar reeds aantoon dat die forte dakloos is[110] (Ill. 3.42-3.46).

Fort Wonderboompoort is in 1954 deur die staat aan die Stadsraad van Pretoria geskenk. Gedurende 1986 is die fort oopgegrawe en is die rommel opgeruim en in 1987 is dit tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Dit word in die vooruitsig gestel om 'n restourasiekomitee vir die fort in die lewe te roep.[111] Die veranderinge (klipmure ens.) wat die Britte aangebring het, is steeds duidelik te onderskei van die res van die fort.[112]

Nieteenstaande die feit dat 'n aansoek om die verklaring van Fort Daspoortrand as nasionale gedenkwaardigheid reeds in 1988 deur die skrywer ingedien is, is dit nog nie as sodanig verklaar nie.

## 10. Samevatting

Die Boereforte is tussen 1896 en 1898 gebou vanweë die vrees vir 'n opstand onder die Uitlanders aan die Rand. Terwyl die ZAR bewapen is omdat die moontlikheid van 'n oorlog met Brittanje al groter geword het, is die forte ook hiervoor voorberei. Tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog het die Boere met groot sukses die dorpe waar Britse garnisoene gestasioneer was, beleër (vergelyk hoofstuk 2) en hulle wou verhoed dat dieselfde taktiek nou deur Brittanje teen die ZAR toegepas word.

Daar is gou besef dat die vyand eerder op die verskillende fronte gestuit moet word en nie die kans gegun moet word om naby Pretoria en Johannesburg te kom nie. Daarom is die forte ontwapen sodat die geskut teen die Britse magte wat die ZAR

probeer binnekom, gebruik kon word. Die Boere het juis tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog die Britte by die Natalse front gestuit (vergelyk hoofstuk 2).

Die vier forte het gevolglik nie 'n aktiewe rol tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog vervul nie. Tog is dit waardevolle monumente uit 'n interessante verlede en behoort dit bewaar te word.

Fort Klapperkop en Fort Schanskop word bewaar en dien vandag as militêre museums. Hoewel beide tot nasionale gedenkwaardighede verklaar en gerestoureer is, is argeologiese navorsing steeds daar moontlik. Verskeie strukture is byvoorbeeld in die binnehof en buitekant die mure van die forte opgerig. Oorblyfsels hiervan kan gesoek en bestudeer word. Omdat die forte nie tot 'n spesifieke periode gerestoureer is nie, kan navorsing hieroor gedoen word en dit as sodanig gerestoureer word.

Fort Wonderboompoort is ook tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Ongelukkig is dit in 1986 op 'n onwetenskaplike wyse opgeruim. Argeologiese opgrawings is steeds moontlik hier, sodat gegewens wat daaruit afgelei word in 'n uiteindelike restourasie gebruik kan word.

Fort Daspoortrand is nie 'n nasionale gedenkwaardigheid nie. Dit is deels onder die grond en behoort so gelaat te word totdat dit deeglik bewaar kan word. As unieke struktuur is dit van besondere kultuurhistoriese belang. Hoofstuk 5 behandel hierdie fort as 'n sentrale onderwerp in hierdie studie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11. Illustrasies



3.1 Spioenasiekaarte, gevind in die trommel van kaptein R. White. (T.A.B. Groenboek nr. 2, 1896).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.2 Leon Grunberg, opsteller van die fortifikasieplan van Pretoria.
(T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.3 Kaptein (later majoor) P.E. Erasmus, wat nou betrokke was by die besluitneming rondom die forte. (T.A.B. Foto 9093).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.4 Luitenant (later kaptein) P.C. Paff, wat ook betrokke was by die fortebou. Hy was stigter en bevelvoerder van die veldtelegrafie afdeling van die Staatsartillerie. (T.A.B. Foto 9846).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.5 Plan van die Johannesburg fort. (J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 15).



3.6 Otto A.A. von Dewitz, ingenieur en mede-ontwerper van die drie Duitse forte. (T.A.B. Foto 10555 en T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.7 Heinrich C. Werner, ingenieur en mede-ontwerper van die drie Duitse forte. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.8 Christiaan Kuntz, argitek en bouer van die drie Duitse forte. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






3.9–3.10 Fort Schanskop, tydens Britse besetting. (T.A.B. Foto 385 en 383). Die sinkplaatmure is waarskynlik deur die Britte aangebring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





3.11–3.12 Fort Wonderboompoort, voor die dak vernietig is. (K.A.B. Morrison-versameling Foto 883 en Elliot-versameling Foto 3497). Die klipmure op die dak is waarskynlik deur die Britte aangebring.



3.13 Fort Klapperkop, tydens Britse besetting - 9 Oktober 1900. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





3.14-3.15 Fort Klapperkop in 1931. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3498 en 3502). Op die eerste foto is die grag sigbaar. Let op die sinkstrukture op beide foto's. Dit is waarskynlik deur die Britte opgerig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


CR1626/97

Le 8 Novembre 1897.

CR 6090

Monsieur le Docteur Krause
Prosecutor public à Johannesburg

je prends la liberté de protester auprès de vous contre les nouvelles infamies que l'on veut jeter sur moi en attendant que je puisse me rendre moi même à Johannesburg asquer ces gens sans aveu qui ne reculent ant aucun procédé pour couvrir leurs auvaises actions:

1° Affaire des fortifications.

De quel droit le Gouvernement par l'entremise sieur Grunberg a-t-il fait saisir des ans de fortifications que j'ai faits et qui nt ma propriété, on ne pouvait faire d'actes arbitraires, surtout vis à vis de moi qui a fait les premiers plans dont se le Gouvernement par l'entremise du Grunberg qui a réussi à tromper ma foi, pourquoi ne les a-t-on pas fait alors que j'étais encore à Johannesburg berg le savait que j'avais des plans, crit à M. Van Winsen que si il les

3.16 'n Gedeelte van die brief van F. Zotier, in die oorspronklike Frans, waarin hy aanvoer dat hy onskuldig en Grunberg 'n bedrieër is. (T.A.B. KG,CR 1662/97).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

E. R.

Office of the Registrar of Crown Titles.

WINCHESTER HOUSE,

Pretoria. ~~Johannesburg~~, 21st.Feb. 1903.

Director of Public Works,

Pretoria.

Klapper Kop and Schantz Kop.

The forts referred to were built upon portions of the Townlands of Pretoria. No entry appears in the registers of the Deeds Office setting aside any Town Lands for that purpose.

The Minutes relative hereto were treated as "Confidential" and all such confidential minutes were removed by the late Government S.A.R. before the occupation of Pretoria by the British in 1900.

After the occupation, so I am given to understand, the late L.F.de Souza - formerly Chief Clerk in the Commandant Generals Office of the S.A.R. - was sent for by the Military Governor and gave him all the information he had with reference to the building of the Forts, the ground so assigned etc.

Wonderboom Fort was built on ground purchased by the Government as stated in the letter of the D.G. R.E.

West Fort is built upon portion of the farm "Brookscheur" No.616 ( a farm belonging to the Government ) and on the Northern boundary thereof.

Law No.8 of 1898 prohibits the visiting of grounds set aside for forts Military purposes etc. but does not refer to any individual places.

[signature]

R.C.T. Pretoria Office.

3.17 Volgens hierdie brief is alle vertroulike dokumente deur die regering van die Z A R verwyder, voordat die Britte Pretoria ingeneem het. Dit het dokumente rakende die forte ingesluit. (T.A.B. PWD 72, 1092/03).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





3.18-3.20 Fort Daspoortrand in aanbou. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.21 Die Centrale Magazijn. Dit is later vernietig. (T.E. Andrews-versameling).



3.22 Die Groen Magasyn, vandag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.23 'n Drieponder Whitworth-kanon van die ZAR. (T.A.B. Foto 3421).



3.24 'n 75mm-Maxim-Nordenfeldt-snelvuurkanon. (T.A.B. Foto 3429).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.25 'n Replika van 'n 155mm-Creusot-vestingkanon by die militêre museum Fort Schanskop. Die kanon het as die Long Tom beroemdheid verwerf.




3.26 Die Franse Battery - ses 75mm-Creusot-snelvuurkanonne - in die artillerie-kamp. (T.A.B. Foto 10606 en 5121).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.27 Oorlogskaart van die grond rondom die vier forte van Pretoria. (K.A.B. Kaart M1/270).



3.28 Majoor P.E. Erasmus se voorgestelde bewapeningsplan vir die forte.

3.28 Majoor P.E. Erasmus se voorgestelde bewapeningsplan vir die forte. (T.A.B. S3/1750).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A. R., 19-/2-97

Den WelEd. Heer

Commdt Generaal
Pretoria

WelEd. Heer!

Aangezien fort Schanskop binnen eenige dagen aan ons zal worden afgegeven, zoo verzoek ik UEdgestr. om het meubilair voor genoemd fort bij het hoofd van P.W. werken aan te vragen.
Het zal moeten bestaan uit:
40 krikken (katels)
40 matrassen
80 dekens (kombaarsen)
1 schrijftafel } voor kantoor.
1 Copieërpers. }
1 Lessenaar. }
en verdere kleine benoodigdheden.
Het is niet raadzaam om katels en kussens, die in het kamp ingebruik waren daarheen te zenden, aangezien zij vol weegluizen zitten, waardoor spoedig het fort besmet zal zijn.

De Majoor Wdn Commt.
Erasmus

ONTVANGEN
22 FEB. 97
KOMMANDANT GENERAAL

3.29 Volgens hierdie aanvraag van maj. Erasmus, moes 40 beddens en matrasse na Fort Schanskop gestuur word. (T.A.B. SS6235, R3102/97). Dit wil dus voorkom of die fort bestem was vir 'n bemanning van 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fort Schanskop
den 24 Junij 1897.

Den WelEd. Gestr. Heer
Majoor Wolmarans Commandant S.A.

WelEd. Gestr. Heer!

Beleefd verzoek ik UEd. Gestr. om autorisatie te willen verleenen, tot het ontvangst van:

10 pak Arrestanten kleederen.
10 paar schoenen.
10 borden, messen en vorken
10 hoeden

ten behoeve der arrestanten te Fort Schanskop werkzaam.

De Fort Commandant
A. Carlblom.

3.30 Hierdie dokument bewys dat luitenant A. Carlblom die bevelvoerder van Fort Schanskop was. (T.A.B. SS6562, R10020/97). Die oorspronklike argivale dokument is baie onduidelik.



van Com: off: Wonderboom

aan Majoor S.A.

Gestr.
WelEd. Heer!

Hiermede heb ik de eer UEd.Gestr. mede te deelen, dat den heer Booysens eigenaar van de gronden gelegen om het fort alhier, mij belet heeft om kweekgodes buiten de draad te nemen, Ik had toen probeer om de kweek van hem te koopen, doch hij vraagd mij £25.- voor een oppervlakte van 150x150 dan moet ik het nemen, waar hij mij zal aanwijzen, hetwelk voor mij ohnmogelijk is om te doen.
Ik wacht UEd.Gestr. orders in deze af.

De Com: off W.B.
J. Wolmarans

Overste Commdt. S.A.

De zoden door Luit. Wolmarans bedoeld zijn volstrekt nodig om de wallen v/h fort er mede te beleggen. Ik zou dus voorstellen, dat hierover zoo spoedig mogelijk met Booysen onderhandeld wordt.

De Majoor S.A.
[illegible]

26/1/98.

3.31 Hierdie dokument bewys dat luitenant J. Wolmarans die bevelvoerder van Fort Wonderboompoort was. (T.A.B. KG274, CR529/98).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PR [blot]/98

C.R. 6589/98

Pretoria den 25e November 1898.

MINUTE

van Command. Officier D.P.R.
aan dd. Commandant S.A.

Gestr.
WelEd. Heer!

Bij deze heb ik de eer UEd. Gestr. om authorisatie te verzoeken tot het ontvangen van een schrijftafel en twee stoelen ten behoeve van mijn kantoor op Fort Daspoortrand.

De Command Off. D.P.R.
F. Townsend

Commandant Genl
Aan UEdGestr.
Kapt Brandmuller
dd Comdt SA

26/11/98

...NSEN,
25 NOV. 98

3.32 Hierdie dokument bewys dat luitenant F. Townsend die bevelvoerder van Fort Daspoortrand was. (T.A.B. PW78, PR499/98).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.33 Luitenant F. Townsend, bevelvoerder van Fort Daspoortrand. (T.A.B. Foto 9860 en 8310).



3.34 Die bemanning van Fort Daspoortrand. (F.J. Du Toit Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 101). Die persoon met die swaard is die latere luitenant C.J. Uys, hier in die uniform van 'n adjudant-onderoffisier. Luitenant Townsend is nie op die foto nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.35 Luitenant Th. Kroon (hier al 'n kaptein) die eerste onderwyser van die staatsartillerie. (T.A.B. Foto 8101 en 9847).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




R. ________ 189

B.B. ________ 189

Gelieve bij eventueele referte naar dezen brief, bovenstaande nummers aan te halen.

W 42/1

BIJLAGEN

Confidentieel

Gouvernements-Kantoor

PRETORIA 1 Juni 1900

Majoor Wolmarans
S.A. Pretoria

Gy wordt hierby opgedragen om de noodige regelingen te treffen om het Kamp en de forten rond om Pretoria aan den betrokken Britschen officier eventueel af te doen geven.

Louis Botha
Wd. Comdt. Generaal.

3.36 Die bevel van generaal Louis Botha om die forte in Britse hande oor te gee. (T.A.B. Departement van Verdediging, Oorlogsrekords, Mnr. C.T. Bergsma-versameling, W42/1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






3.37 'n Britse kanon, na die Britse oorname, in een van die forte. (T.A.B. Foto 24100).



3.38 Fort Schanskop in 'n vervalle toestand. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.39 Fort Klapperkop tydens 'n besoek van generaal Louis Botha aldaar in 1916. (T.A.B. Foto 20908).



3.40 Fort Klapperkop tydens restourasie gedurende 1966. (T.E. Andrews-versameling)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.G.
427
05

Office of the Director of Prisons,

31 JAN. 1905
T... ...AL

Pretoria, 30th January 1905

THE SECRETARY TO THE LAW DEPARTMENT,

P r e t o r i a.

2/186

---

WEST FORT, PRETORIA.

I inspected the West Fort, Pretoria, on the afternoon of the 28th instant, and found the interior very much damaged. All the windows are broken; some of the doors and frames have been removed, and, altogether it would require a good sum to put the place in a sufficiently secure condition to receive convicts.

The road leading to the Fort is in a very bad state and would require a great deal of labour to be expended upon it before it could be used by carts.

The Fort is a considerable distance from the Leper Asylum, and the convicts would have to waste a great deal of time marching to and from their labour in the fields.

If the Colonial Secretary is of opinion that convict labour is required to work to land around the Leper Asylum, for the purpose of raising cereals and improving the property, I would recommend that a small Prison, of the

3.41 Volgens hierdie brief was Fort Daspoortrand reeds teen Januarie 1905 in 'n vervalle toestand. (T.A.B. LD 1002, AG 427/05).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





3.43 'n Lugfoto van die vervalle Fort Wonderboompoort. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.44 Die staaldeure van Fort Wonderboompoort is gedurende 1988 weer in posisie geplaas.



3.45 Die indrukwekkende ingangspoort van Fort Daspoortrand. (T.A.B. Foto 20909).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.46 Fort Daspoortrand in vervalle toestand. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PRETORIA KLAPPERKOP




Plan oorgeteken
van oorspronklike

1 Toegangspad
2 Uitstalarea
3 Ingangspoort en valbrug
4 Binnehof
5 Oprit vir kanonne
6 Grondwal
7 Grag

3.47–3.48 Hedendaagse planne van Fort Klapperkop. (Militêre Museum Fort Klapperkop).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






VOORGESTELDE KRYGSHISTORIESE MUSEUM IN
FORT KLAPPERKOP

Plan oorgeteken van oorspronklike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SKANSKOP FORT




1 Oprit vir kanonne
2 Trappe na dak
3 Watervoor

SKAAL: 8'-0" TOT 1"

Plan oorgeteken van oorspronklike

3.49 Die militêre museum Fort Schanskop. (Militêre Museum Fort Klapperkop).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3.50 Kaart van Pretoria, geteken in 1899, waarop die vier Forte aangedui word. (K.A.B. M2/423). Onleesbare letterwerk kom net so op die oorspronklike argivale kaart voor.

## 12. Voetnotas

1. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 1; J. van der Merwe, 'Niggling mystery of the forts', Pretoria News (1985.10.12); C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 50; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 20; D. Panagos-versameling, 'West Fort; Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), pp. 1-2; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 99; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07. - 1955.09, p. 77; T.E.Andrews-versameling, Johannesburg in beroering (1895-1896), Militaria 3 (5), 1972, p.18.
2. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 20; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 3; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 1.
3. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 2; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 7; T.E. Andrews-versameling, Dae vol spanning in 1895-1896: Die Jameson-inval. Pretoria bedreig, Militaria 3(5), 1972, pp. 6-9.
4. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 7.
5. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 7.
6. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria : 92, 1749 : 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 2; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Petoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 5; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 99; T.E. Andrews-versameling, Dae vol spanning in 1895-1896 : Die Jameson-inval. Pretoria bedreig, Militaria 3 (5), 1972, pp. 1-2.

7. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749; 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 4; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 1, 14 en 21; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 5; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 20; D. Panagos-versameling, West Fort; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 100; T.E. Andrews-versameling, Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die Fort te Johannesburg, Militaria 3 (5), 1972, p. 24.
8. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria : 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 3; Suid- Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 25 : 'Fort Klapperkop' (brosjure, g.d.); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 14; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 20; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 5; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 100; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 77; Fort Wynyard-versameling, The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, p. 371.
9. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop, Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 20.
10. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 5; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 21.
11. T.E. Andrews-versameling, Duitse Amptelike Korrespondensie in verband met die Verdediging en Fortebou in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 36.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



12. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 21-23 en 40-42; C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop' Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; G.S. Preller, Ons Militêre tradiesie, in G.S. Preller, Historiese opstelle, p. 156; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 100; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 78; T.E. Andrews-versameling, Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die Fort te Johannesburg, Militaria 3(5), 1972, pp. 22 en 24-30; T.E. Andrews-versameling, Die bewapening, bewaking en voltooiing van die Fort, Militaria 3(5), 1972, pp. 33-42.
13. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 14; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22.
14. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7; J. Ploeger en H.J. Bohta, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 25.
15. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop, Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), pp. 22-23 en 59.
16. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 42-43; Fort Wynyard-versameling, The Story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, p. 371.
17. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 25; T.E. Andrews-versameling; G.S. Preller, Ons Militêre tradiesie, in G.S. Preller, Historiese opstelle, p. 156.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



18. R. Wood, 'Historical forts round city' Pretoria News (1960.10.22); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 25-27 en 83; Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
19. J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : MGP 13, 1560/00, pp. 123-124 : Lt. D.H. McLean - Militêre Goewerneur, 1900.08.03.
20. R. Wood, 'Historical forts round city', Pretoria News (1960.10.22); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp.25-27, 65 en 83; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
21. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), pp. 6-7; Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 25: Fort Klapperkop' (brosjure, g.d.); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 29; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 6; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SS 6562, R10020/97: Die Fortkommandant-Waarnemende Kommandant Staatsartillerie, 1897.06.24.
22. Persoonlike mededeling: Kol. A.F. Malan en mnr. T.E. Andrews, Fort Klapperkop, Pretoria, 1987.09.05.
23. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 27.
24. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: CR 6339/97: pp. 7 en 16: 1897; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 31; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure 1978), p. 7; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 100.
25. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 31.
26. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: CR 6339/99: p. 34: 1899; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 67. D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65.
28. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
29. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 67; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 100; Fort Schanskop militêre museum (brosjure, 1978), p. 7; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : SS 6562, R10020/97 : A. Carlblom - Waarnemende Kommandant Staatsartillerie, 1897.06.24.
30. D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 31.
31. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7; Fort Wynyard-versameling, The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, p. 373.
32. Transvaalse Argiefplek, Pretoria: CR 6339/97: pp. 21-24: 1897; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 55-57 en 63-64; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
33. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SS829, R4601/7: pp. 12-13: 1897; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 31; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
34. D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG274, CR529/98: J. Wolmarans - Majoor Erasmus, 1898.01.24; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SS6788, R14699/97: J. Wolmarans - Majoor Erasmus, 1897.10.01.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



35. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 27, 45-47, 51-53 en 67; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : CS 829:1900.
36. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 27, 45-47, 51-53 en 67.
37. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SS829, R4601/0: pp. 28-29: 1900; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 71; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG421, CR4005/00: L.F. De Souza - Waarnemende Kommandant Staatsartillerie, 1900.03.26; D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65.
38. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 57; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
39. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), pp. 7-8; C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 59-62; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), pp.7-8.
40. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: LDE 193, 1012/8: p. 2; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: CS 829, 186 203141: pp. 5 en 15: 1897; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 35 en 63-64; C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; R. Wood, Historical forts round city, Pretoria News, (1960.-10.22); J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
41. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: TPB797, TA3/4032: pp. 17-22: 1898; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



42. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), pp. 8-9; Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 25: 'Fort Klapperkop' (brosjure, g.d.); C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 47, 53 en 67; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200; D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65.
43. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop' Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51.
44. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 67; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
45. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop' Die Huisgenoot (1968.04.19), p.51; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 55-57.
46. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 57.
47. Suid Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 7; C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 63-64; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
48. R. Wood, 'Historical forts round city', Pretoria News (1960.10.22); C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 50; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 27.
49. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 2; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 30-35 en 47-53; Fort Wynyard-versameling, The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some

mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, p. 371; T.E. Andrews-versameling, Uiteenlopende verslae en berigte, Militaria 3 (5), 1972, pp. 45-50; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: SP882, GCPM 138/96: Josef - Kommissaris van Polisie, 1896.09.08.

50. A. van Zyl, Fort Daspoortrand, D. Panagos-versameling; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 39; T.E. Andrews-versameling, Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die Fort te Johannesburg, Militaria 3(5), 1972, p. 28.

51. Transvaalse Argiefbewarplek, Pretoria: KG, CR1626/97: F. Zotier - Dr. Krause, 1897.11.08.

52. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG7556, 15151/98: p.2: 1989.11.21; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 41; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: PWD72, 1092/03: Registrateur van kroontitels - Direkteur van Openbare Werke, 1903.02.21.

53. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG255, Cr 3928/99: p. 17: 1899.06.14; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22; "Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 35; D. Panagos-versameling, West Fort; J. Ploeger, Die Franse Militêre ingenieurs L. Grunberg en S. Leon, p. 1; G.S. Preller, Ons Militêre tradiesie, in G.S. Preller Historiese opstelle, p. 156; T.E. Andrews-versameling, Duitse Amptelike Korrespondensie in verband met die Verdediging en Fortebou in die Zuid-Afrikaanche Republiek, pp. 30 en 37.

54. T.E. Andrews-versameling, Duitse Amptelike Korrespondensie in verband met die Verdediging en Fortebou in die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp. 37-38.

55. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG319, CR5913/98: p. 9: 1898.11.12; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 27 en 35; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7; A. van Zyl, Fort Daspoortrand, D. Panagos-versameling; F.J. du T. Spies, Bladsye uit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 102; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 78.

56. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 41 en 53.

57. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG359, CR3928/99: p. 17: 1899.06.14.

58. D.J. Haupt, Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.) p. 65; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 67.

59. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG301, CR 3725/98: p. 7: 1898.08.03; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 301, CR 3714/98: p. 6: 1898.08.02; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 7556, 15151/98: p. 2: 1898.11.21; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 360, CR 4071/99: p. 18: 1899.06.20; A. Van Zyl, Fort Daspoortrand, D. Panagos-versameling; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : PW78, PR 4991/98: F. Townsend - Kommandant Staatsartillerie, 1898.11.25.

60. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 101.

61. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 27 en 49.

62. R. Wood, 'Historical forts round city', Pretoria News (1960.10.22); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 53 en 85; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22.

63. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 57.

64. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: PWD 17, 150/02: p.18: 1901.01.20; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria KG 262, CR 5612/97: p. 4: 1897.11.19; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 360, CR 4071/99: p. 18: 1899.06.20; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 367, CR 5283/00: p. 19:1899.08.11; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 41 en 63; A. van Zyl, Fort Daspoortand, D. Panagos-versameling; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
65. J.H. Breytenbach, Deel I. Die Boere-offensief Oktober-November 1899, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, pp. 85-86; T.E. Andrews-versameling, Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die fort te Johannesburg, Militaria 3(5), 1972, pp. 22-23; F. Pretorius, Kommando-lewe tydens die Anglo-Boereorlog 1899-1902, p. 26.
66. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 11; T.E. Andrews-versameling, Die reaksie op die Jameson-inval. Die bou van die Fort te Johannesburg, Militaria 3(5), 1972, p. 23; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG198, CR 6992(3)/96: C. van den Burg - Kommandant-generaal, 1896.10.27.
67. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 21; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 11; T.E. Andrews-versameling, Duitse Amptelike Korrespondensie in verband met die Verdediging en Fortebou in die Zuid-Afrikaansche Republiek, p. 34.
68. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 11-12 en 51; Fort Wynyard-versameling, The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, pp. 371-373; F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, pp. 27-29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



69. J.H. Breytenbach, Deel I Die Boere-offensief Oktober-November 1899, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, pp. 86-87; G.S. Preller, Ons militêre tradiesie, in G.S. Preller, Historiese opstelle, p. 159; F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902, pp. 27-28.
70. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 49-53.
71. J.H. Breytenbach, Deel I Die Boere-offensief Oktober-November 1899, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, p. 54.
72. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 102; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 45-47.
73. J.H. Breytenbach, Deel I Die Boere-offensief Oktober-November 1899, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, p. 54; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, p. 200.
74. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 67; 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
75. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 31.
76. 'Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 7.
77. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 27, 45-47, 51-53 en 67.
78. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: K274, CR529/98:J. Wolmarans - Majoor Erasmus, 1898-01-24; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 71.
79. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51.
80. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG301, CR 3725/98: p. 7: 1898.08.03; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG301, CR 3714/98: p. 6: 1898.08.02; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 7556, 15151/98: p. 2: 1898.11.21;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: KG 360, CR 4071/99: p. 18: 1899.06.20; A. van Zyl, Fort Daspoortrand, D. Panagos-versameling.

81. J. Meintjes, De la Rey. The Lion of the West, p. 105; J. Malan, Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), p. 213.
82. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 101.
83. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 64.
84. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65; A.C. van Vollenhoven, Onderwys aan die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Museum (28) 1990.04, p. 4.
85. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65.
86. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65; A.C. van Vollenhoven, Onderwys aan die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Museum (28) 1990.04, p. 4.
87. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65.
88. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65; A.C. van Vollen-hoven, Onderwys aan die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Museum (28) 1990.04, p. 4.
89. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65.
90. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65; A.C. van Vollenhoven, Onderwys aan die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Museum (28) 1990.04, p. 4.
91. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



92. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65; A.C. van Vollenhoven, Onderwys aan die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Museum (28) 1990.04, p. 4.
93. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 65.
94. R. Wood, 'Historical forts round city', Pretoria News (1960.10.22); J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 53; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 102.
95. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoira. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 76.
96. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 50; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), p. 22; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 81-83; Fort Wynyard-versameling, The Story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, p. 372.
97. C.J. Scheepers-Strydom, Spieëlbeeld. Oorlog 1899-1902, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur II, p. 43; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1643 vol. 37, pp. 123-126 : Notas aangaande swaar wapentuig in posisie rondom Pretoria.
98. R. Wood, 'Historical forts round city', Pretoria News (1960.10.22); D. Panagos-versameling, West Fort; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretira, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 102; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 78; G.S. Preller, Ons Militêre tradiesie, in G.S. Preller, Historiese opstelle, p. 157; Fort Wynyard-versameling, The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points, The Navy and Army illustrated, 1901.12.28, pp. 372-373; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria:

W42/1 : Waarnemende Kommandant-generaal L. Botha - Majoor Wolmarans - Majoor Ersamus, 1900.06.01-1900.06.02.

99. R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), pp. 22-23 en 59; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 83; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : IOP5, IOMG 722/00 : E.W. Margesson - Kommissaris van Polisie, 1900.12.24.

100. J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 85; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: IOP6, IOMG 341/01, p. 7: C. Blackburn - Hoofstafoffisier.

101. C. Barnard, 'Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop', Die Huisgenoot (1968.04.19), p. 51; R.H.J. Holzhausen, 'Die ou forte om Pretoria', Kommando (1956.03), pp. 22-23 en 59.

102. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria : 92, 1749 : Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966) p. 14; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 87; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : CS 829, 13482 : Assistent Koloniale Sekretaris - Sekretaris van land, 1908.01.20.

103. A. van Zyl, Fort Daspoortrand, D. Panagos-versameling; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 87.

104. Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria : 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), pp. 14-15; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 87-88; J. van der Merwe, 'Niggling mystery of the forts', Pretoria News (1985.10.12); Fort Schanskop militêre museum (brosjure, 1978), p. 10.

105. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : PWD 304/1550/05 : p. 16 : 1929; Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria: 92, 1749 : 'Fort Klapperkop gister en vandag (brosjure, 1966), p. 15; Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), pp. 12-13; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, pp. 88-91; J. van der Merwe, 'Niggling mystery of forts', Pretoria News (1985.10.12); H.P.H. Behrens, The Wonderboom Fort, Fauna and Flora (g.d.) pp. 43-45; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p.99; F.J. du T. Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 78; T.E. Andrews-versameling, Rindel-lêer.

106. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : TPB 797, TA3/4032: pp. 6-9: 1966.05.23; Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria : 92, 1749: 'Fort Klapperkop gister en vandag' (brosjure, 1966), p. 16; Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria 92, 1740: S.A. Digest (1972.07.07); Fort Schanskop militêre museum' (brosjure, 1978), p. 13; J. Ploeger en H.J. Botha, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop gister en vandag, p. 94; J. van der Merwe, 'Niggling mystery of the forts', Pretoria News (1985.10.12).

107. Fort Klapperkop en Schanskop, Pretoria : Militêre musea, besoek : 1987.09.05, 1988.05.24 en 1988-1991 as navorsingsoffisier daar werksaam.

108. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : LD1002, AG427/05: Waarnemende Sekretaris Departement Justisie - Onder-sekretaris vir land, 1905.02.03.

109. J. van der Merwe, 'Niggling mystery of the forts', Pretoria News (1985.10.12); Persoonlike mededeling: Kol. A.F. Malan en mnr. T.E. Andrews, Fort Klapperkop, Pretoria, 1987.09.25.

110. F.J. du Spies, Forte en Verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 78.

111. H.P.H. Behrens, The Wonderboompoort Fort, Fauna en Flora (g.d.), pp. 43-45; Restourasiekomitee vir Fort Wonderboompoort, Stadsraad van Pretoria nuusbrief 15(3), 1988.04, p.4.

112. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 78; Fort Wonderboompoort, Pretoria : ruïne, besoek : 1987.07.16, 1989.11.14 en 1990.06.13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 13. Aantekeninge

a. Dit moet genoem word dat daar min inligting oor die forte beskikbaar is. Lêers wat in die Transvaalse Argiefbewaarplek geraadpleeg is en wat oor die forte handel, se dokumente was dikwels verwyder. Ander bronne wat handel oor die Anglo-Boereoorlog en wat bestudeer is, het slegs na die forte verwys, maar nie daarop uitgebrei nie.

b. Alhoewel sommige van die aangehaalde bronne beweer dat Fort Daspoortrand die kleinste van die vier forte is, is dit die skrywer se waarneming dat dit die grootste van Pretoria se forte is.

c. Die bewering dat generaal J.C. Smuts 'n opdrag uitgereik het om die dakke van die forte te vernietig, kon nog nie bevestig word nie. Die inligting tot die skrywer se beskikking is nie van so 'n aard dat dit onomwonde aanvaar kan word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## BRITSE FORTIFIKASIESVAN DIE TWEEDE ANGLO-BOEREOORLOG (1900-1902)

### 1. Inleiding

Die mislukking van die Jameson-inval het Cecil John Rhodes se imperialistiese planne om die ZAR onder Britse bewind te kry vernietig. Die geskil tussen die Britse regering en die ZAR sou egter nie hiermee beëindig word nie. Die spanning tussen die twee state, oor die politieke regte van Britse onderdane aan die Witwatersrand, was aan die toeneem. Nieteenstaande pogings van politieke leiers in die Kaap en die Oranje-Vrystaat, het oorlog op 11 Oktober 1899 tussen Brittanje en die ZAR uitgebreek.

Die oorlog is eers op 31 Mei 1902 beëindig, met die sluiting van die Vrede van Vereeniging. Hoewel die Boeremagte se vermoëns die wêreld verstom het en verskeie Boeregeneraals, soos generaal C.R. de Wet, beroemd gemaak het, kon die oorweldigende mag van Brittanje nie gestuit word nie.

Die verwoesting van plase en die versameling van Boerevrouens en -kinders in konsentrasiekampe, waar groot hoeveelhede mense gesterf het, was meer as wat die vegtende mans kon verduur. Die onafhanklikheid van die Boererepublieke is prysgegee. Die Boere was nou Britse onderdane.

Die Tweede Anglo-Boereoorlog was 'n deurslaggewende gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het die politieke eenwording van Suid-Afrika in die hand gewerk en Afrikaner-nasionalisme versterk. Beide hierdie faktore sou bepalend vir die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis na Uniewording wees.[1]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. Pretoria tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog

Pretoria is op 5 Junie 1900 deur die Britse mag onder bevel van lord F.S. Roberts ingeneem. Hierna is gefortifiseerde poste op strategiese punte oor groot gedeeltes van Suid-Afrika opgerig, ten einde veral verbindingsroetes soos spoorlyne en paaie te beskerm. Hoewel die blokhuise 'n belangrike deel van die Britte se taktiek was om die Boere aan bande te lê, het hulle in die praktyk minder sukses hiermee behaal.

Addisionele fortifikasies is rondom Pretoria opgerig sodat dit in 'n feitlik oninneembare vestingstad omskep is. Dit beklemtoon die belang van Pretoria wat, as hoofstad, deeglik beskerm moes word. Die fortifikasies van Pretoria het nie 'n belangrike rol tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog vervul nie, behalwe dat dit as afskrikmiddel gedien het. Die oorlog is dus bloot die breë agtergrond waarbinne die fortifikasie van Pretoria plaasgevind het. Die meeste tradisionele historiese bronne maak feitlik geen melding van die fortifikasies nie. In hierdie studie val die klem juis daarop. In teenstelling met die tradisionele historici wat die klem op gebeurtenisse laat val, het hierdie studie dus ten doel om strukture (i.e. die fortifikasies van Pretoria) te bestudeer.

## 3. Die blokhuisstelsel

Nadat Pretoria deur die Britse mag ingeneem is, was dit duidelik dat die spoorwegverbindings grootliks onbeskerm agtergelaat is. Ten einde die spoorwegverbinding en sodoende kommunikasie te beveilig, word daar besluit om gefortifiseerde poste langs die roetes op te rig. Van Julie 1900 is daar begin met die oprigting van blokhuise. Veral die belangrikste stasies, brûens en ander strategiese plekke langs die spoorlyne is op hierdie wyse versterk. [2] Dit was meestal groot dubbelverdiepingblokhuise met 'n masjiengeweer op die dak gemonteer. So 'n blokhuis kon 'n garnisoen van dertig man huisves en het ongeveer drie maande geneem om op te rig.[3]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen Januarie 1901 is daar met grootskaalse oprigting van blokhuise al langs die spoorlyne begin. Hierdie blokhuise was heelwat kleiner, sodat dit vinniger opgerig kon word. Dit is deur 'n onderoffisier en vyf tot ses manskappe beman. Teen Maart 1901 is hierdie tipe blokhuise ook op ander strategiese punte, soos paaie, opgerig om sodoende die bewegings van die Boerekommando's aan bande te lê. Hierdie strategie van lord H.H. Kitchener het veral ten doel gehad om die Boere deur middel van dryfjagte in die blokhuislinies vas te keer. Teen Januarie 1902 was die blokhuislinies voltooi en kon hierdie taktiek uitgevoer word. Die blokhuise is op 'n afstand van 'n driekwart tot een en 'n half myl (1,2-2,4 km) uitmekaar opgerig.[4]

Hoewel lords Roberts en Kitchener as die uitvinders van die blokhuisstelsel beskou word, is daar ook aansprake van 'n sekere Edward H. Fry gewees dat die eer hom toekom.[5] Nietemin het dit 'n waardevolle historiese erfenis agtergelaat. Teen die einde van die oorlog was daar nie minder nie as 8 000 blokhuise oor 'n afstand van 6 000 kilometer versprei. Dit is deur sowat 50 000 troepe beman met 16 000 nie-blanke verkenners en wagte.[6]

## 3.1 Tipe blokhuise

Die eerste tipe blokhuise wat in Januarie 1901 opgerig is, was agtkantig met sinkplaatmure, byvoorbeeld die Vesting blokhuis (punt 4.5). Skietgate is in die mure uitgesny. Dit het ook 'n sinkdak gehad en was tien tot vyftien voet (3,05-4,57m) in deursnee.

In Februarie 1901 word die tweede tipe opgerig. Dit is deur majoor S.R. Rice ontwerp en was 'n verbetering op die eerste tipe. Dit was goedkoper omdat minder hout in die konstruksie daarvan gebruik is.

Die derde tipe blokhuis is ook deur majoor Rice ontwerp. Dit was 'n ronde sinkblokhuis, wat van Maart 1901 opgerig is. Dit was goedkoper, groter en makliker om op te rig as die ander tipes[7] (Ill. 4.3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vier- en seskantige sinkblokhuise is ook opgerig (Ill. 4.1 - 4.2 en 4.5 - 4.6).

Klipblokhuise is ook opgerig, byvoorbeeld die Johnston Redoubt (punt 4.2). Dit was die duurste blokhuise en het ook die langste geneem om op te rig. Kleiner verskille het voorgekom in die dakke en skietgate van dié blokhuise[8] (Ill. 4.7-4.10).

Dit is verder beveilig deur die span van draadversperrings tussen die blokhuise. Hierdie drade is op verskeie maniere geanker. Dik draad is ook vertikaal tussen die gespande draad opgewen en gevleg. Verskillende tipes alarms is hieraan geheg om die soldate te waarsku as die vyand daar probeer deurbreek. Gelaaide gewere is ook as strikke opgestel (Ill. 4.11-4.16).

Rondom elke blokhuis is 'n loopgraaf van vyf voet (1,52m) wyd en vier voet (1,22m) diep gegrawe. Rondom die loopgrawe is weer draadversperrings opgerig om die blokhuis nog verder te beveilig.[9]

Blokhuise is telefonies met mekaar verbind en elkeen het sy eie watervoorsiening, voedsel en ammunisie gehad[10] (Ill. 4.4).

## 3.2 Omvang van die blokhuisstelsel

Nege-en-dertig verskillende blokhuislinies is opgerig. Die eerste hiervan was dié tussen die Groot Olifantsrivierstasie, op die Komatipoortspoorlyn, en die Valstasie, op die Natalspoorlyn. Die tweede blokhuislinie is van die aansluiting van die Mooirivier met die Vaalrivier tot by die Koppiesstasie, op die Oranjerivierkolonie-spoorlyn, opgerig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Derde blokhuislinie is van die samevloeiïng tussen die Rhenoster- en Vaalrivier, al met die Rhenosterrivier langs, tot by die Lace diamantmyne opgerig. Met verloop van tyd is hierdie linie vervang deur een tussen die diamantmyne, al met die Valsrivier langs tot by Bothaville. 'n Linie is ook tussen Heilbron, Frankfort en Tafelkop opgerig.

Ander blokhuislinies was:

tussen Kroonstad en Lindley;
van Lindley na Betlehem;
tussen Harrismith en Betlehem;
langs die Elandsrivier tot by die Elandsrivierbrug;
van Van Reenen, via De Beer tot by Platberg;
tussen Harrismith en Oliviershoek;
van Betlehem na Brindisi;
tussen Volksrust en Wakkerstroom;
van Wakkerstroom tot by Derby;
tussen Standerton en Ermelo;
van Ermelo na Carolina;
tussen Wonderfontein en Carolina;
van Eerstefabrieken na Groot Olifantsrivierstasie;
tussen Frederikstad en Naauwpoort;
van Ermelo, oor Bankkop tot by Amsterdam;
tussen Wonderfontein en Komatipoort;
van Rooidraai (Mooirivier) tot by Ventersdorp;
tussen die Vaalrivier en Ventersdorp;
van Ventersdorp na Tafelkop;
tussen Tafelkop en Naauwpoort;
van Buffelsvlei na Lichtenburg;
tussen Polfontein en Moretsani;
van Mafeking, via Polfontein na Lichtenburg;
tussen Machadodorp en Lydenburg;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Koedoesdraai al met die Vaalrivier langs tot by Bothaville;
tussen Dundee en Vryheid;
van Victoria Road na Carnarvon;
tussen Carnarvon en Williston;
van Williston na Calvinia;
tussen Calvinia en Clanwilliam;
van Clanwilliam na Lambertsbaai;
tussen Bethulie en Herschel, via Aliwal-Noord;
van Bloemfontein, oor Sannaspos en Thaba Nchu, na Maseru;
blokhuislinies tussen Dundee en ander strategiese posisies.[11]

Alhoewel Pretoria nie spesifiek deur die aangehaalde bronne genoem word nie, was die oorspronklike plan om by wyse van blokhuise 'n gefortifiseerde gebied rondom Pretoria en Johannesburg daar te stel.[12] Dit is duidelik dat hier blokhuise opgerig is.

Daar is ook van mobiele blokhuise gebruik gemaak. Dit was ossewaens wat gepantser is en na gelang van die omstandighede van punt tot punt verskuif kon word. Gepantserde treine is ook gebruik (Ill. 4.17 - 4.18).

Die meeste sinkblokhuise is in Suid-Afrika vervaardig. Dit is veral in Kaapstad, Pretoria en Middelburg, Transvaal, vervaardig.[13]

4. <u>Blokhuise in en om Pretoria</u>

Dit was vir die Britte belangrik om Pretoria te behou nadat hulle die dorp op 5 Junie 1900 ingeneem het. Dit het gou geblyk dat hulle aanname dat die oorlog nou verby sou wees, ongegrond was. Die stryd het voortgeduur. 'n Aantal fortifikasies is nou om Pretoria opgerig ten einde die stad beter te beskerm teen 'n moontlike aanval van Boerekant af.

Ses-en-dertig klipblokhuise, waarvan vier dubbelverdiepings was, en vyf-en-twintig sinkblokhuise is in en om Pretoria self opgerig - 'n totaal van een-en-sestig. Dit is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die 26e Kompanie van die Royal Engineers opgerig.

Daar moet in gedagte gehou word dat die vier Boereforte nou deur Britse soldate beman is en dat dit 'n deel van die verdediging van die hoofstad uitgemaak het.[14]

Inligting oor hierdie Britse fortifikasies is uiters beperk en die meeste hiervan is sedert die oorlog vernietig. Die enigste aanduidings kom dikwels op ou kaarte voor. Sommige van die plekke is wel tydens die navorsing vir hierdie studie opgespoor, maar dan is daar gewoonlik slegs 'n hoop klippe oor as getuienis van 'n vroeëre vesting.

Vir die doel van hierdie studie is slegs die fortifikasies wat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog 'n direkte deel van die verdediging van Pretoria uitgemaak het, in ag geneem.

### 4.1 Cable Hill redoubt

Die eerste fortifikasie is die seinpos wat op Cable Hill opgerig is. Dit is die Cable Hill redoubt genoem. Cable Hill is die tweede koppie wes van Wonderboompoort, met ander woorde reg bokant Mountain View. Dit is die hoogste punt op daardie gedeelte van die Magaliesberg en was dus uiters geskik as seinpos (Ill. 4.19-4.21).

Dit wil voorkom asof die redoubt net uit ruwe klippe gebou is. Dit is moeilik om te bepaal wat die voorkoms daarvan was as daar net so na die oorblyfsels op die grond gekyk word.[15] Die oorblyfsels kan deur middel van opgrawings blootgelê en 'n plan daarvan geteken word ten einde meer daaroor vas te stel.

### 4.2 Johnston redoubt

Die tweede Britse fortifikasie kom op die Meintjieskopbergreeks voor. Dit is geleë op die grond van die huidige staatspresidentswoning, Libertas. Op

kaarte word dit as Johnston redoubt aangedui. Dit verkeer tans nog in 'n redelik goeie toestand. Die doel van die Johnston redoubt was waarskynlik om te help om die oostelike toegang tot Pretoria te bewaak[16] (Ill. 4.22-4.23).

Omdat die struktuur in 'n goeie toestand verkeer, is argeologiese opgrawings hier onnodig. Die omgewing kan wel bestudeer word om toegangsroetes tot die redoubt en sy verband met ander fortifikasies te bepaal.

## 4.3 Eastern redoubt

Op Strubenkop is 'n redelik groot fortifikasie opgerig, naamlik die Eastern redoubt, ook genoem East Fort. Dit het minstens twee skiettorings gehad en moes die oostelike toegang tot Pretoria bewaak.[17]

Dit is interessant om daarop te let dat Strubenkop een van die posisies was wat die Boere uitgesonder het om te fortifiseer. Vanweë 'n gebrek aan geld het dit nooit plaasgevind nie. Meer inligting hieroor kom in die vorige hoofstuk (3) ter sprake. Strubenkop is ook reeds tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog deur die Britte as seinpos en uitkykpunt gebruik.

Die Eastern redoubt is die grootste fortifikasie wat deur die Britte in Pretoria gebou is. Dit is van klip gebou en het 'n sinkdak gehad. Gedeeltes van die mure was ook van sink, met skietgate daarin.[18]

Hoewel die fort kort na die oorlog ontruim is, was dit teen 1963 nog in 'n betreklik goeie toestand.[19] In die vroeë sewentigerjare het die struktuur reeds baie agteruitgegaan.[20] Vandag is die agteruitgang veel groter en is dit onmoontlik om op die oog af 'n idee te kry van hoe dit gelyk het[21] (Ill. 4.24-4.25). Trouens, slegs 'n enkele lae klipmuurtjie steek bokant die grond uit.

Mervyn Emms het in 1979 op die terrein opmetings gedoen ten einde vas te stel hoe die struktuur daar uitgesien het[22] (Ill. 4.26). Slegs argeologiese navorsing sou 'n aanduiding kan gee van hoe die fort gelyk het. Opgrawings kan gedoen en planne geteken word. Dit kan 'n interessante studie in historiese argeologie wees. Behalwe vir 'n aantal, betreklik moderne, foto's van die Eastern redoubt, bestaan daar bitter min dokumentêre inligting daaroor.

Trouens, die skrywer kon slegs een dokument in die Transvaalse Argief-bewaarplek vind wat oor dié fort handel. Die inligting werp egter geen lig op die struktuur daarvan nie.[23]

4.4 Howitzer redoubt

Op 'n koppie agter Boys High School is daar ook 'n blokhuis opgerig. Dit is die Howitzer redoubt genoem. Dit word op 'n kaart van Pretoria en omliggende gebied, wat in 1908 geteken is, aangedui. Vandag is daar niks hiervan oor nie.[24] Dit het waarskynlik as beskermingspunt vir die spoorlyn daar gedien.

4.5 Vesting blokhuis

Die tweede blokhuis wat goed bewaar gebly het, staan in Voortrekkerhoogte op die erf van die Vesting, in Johannes Kochstraat. Die blokhuis het die Johannesburgpad bewaak en is van hout en sink gemaak. Die blokhuis is op die hoogste punt oos van die soldatekwartiere opgerig en was die mees oostelike punt van die militêre gebied. Die blokhuis is 'n agtkantige struktuur met 'n houtraamwerk. Sink is vir die mure en dak gebruik.[25] Die blokhuis het 'n dubbele sinkmuur wat met klip opgevul is om dit te versterk.

Die Vesting en die blokhuis is in 1983 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar (Ill. 4.27). Argeologiese navorsing hier is onnodig omdat die struktuur goed bewaar is, en die terrein rondom die blokhuis sodanig verander is dat dit onwaarskynlik is dat iets gevind sal word.

## 4.6 Magazine redoubt

Op Magasynheuwel, in die omgewing van Fort Commeline (1880-81), is ook 'n blokhuis opgerig. Dit is beskadig met die bou van 'n wateropgaardam daar. Twee ewewydige mure wat die blokhuis met die magasyn aan die noordelike voet van die heuwel verbind het, bestaan nog deels, en is in 'n goeie toestand. Dit staan as die Magazine redoubt bekend[26] (Ill. 4.28-4.30). Hier kan opgrawings gedoen word en planne geteken word ten einde die twee moontlike strukture van mekaar te onderskei.

## 4.7 Quagga redoubt

Kwaggasrand is ook een van die strategiese punte waar die Boere beoog het om 'n fort te bou. Hier het die Britte wel 'n fortifikasie van groot omvang gebou. Dit staan as die Quagga redoubt bekend en kom op die rand wes van Kwaggapoort voor. 'n Waterreservoir wat later daar opgerig is, het groot dele daarvan vernietig.

Daar is tekens van 'n blokhuis sowel as van kraalvormige mure te sien. Perde of ander vee is waarskynlik hier aangehou. Opgrawings kan gedoen word ten einde hierdie moontlikheid te ondersoek en planne kan geteken word om die voorkoms daarvan vas te stel. Die grootte dui daarop dat 'n taamlike groot troepemag hier gehuisves is. Die Kwaggapoort redoubt moes die suidwestekant van die stad bewaak (Ill. 4.31-4.32).

## 4.8 Kwaggapoort blokhuis

'n Blokhuis is ook wes van Kwaggapoort gebou.[27] Dit moes waarskynlik die spoorlyn bewaak en is later vernietig met die verbreding van die pad daar; gevolglik is geen opgrawings hier moontlik nie.

## 4.9 Wesfort blokhuis

Oos van Fort Daspoortrand (Wesfort) is 'n blokhuis opgerig. Dit is 'n ronde struktuur, gebou van klip. Dit het waarskynlik 'n sinkdak gehad en die ingang, aan die westekant daarvan, blyk versteek te wees (Ill. 4.33-4.34).

Die blokhuis is deur middel van 'n netjiese klippaadjie met Fort Daspoortrand (Wesfort) verbind. Hierdie paadjie en die blokhuis word op 'n geologiese kaart van Pretoria wat in November/Desember 1904 en Januarie 1905 opgestel is, aangedui. Die afstand tussen die twee strukture is ongeveer een kilometer. Dit bewys dat Fort Daspoortrand (Wesfort) deeglik vir die verdediging van Pretoria ingespan is.

Die twee strukture is beide maklik bereikbaar van die melaatse hospitaal, omdat die pad teen die berg uit gedurende 1990 aansienlik verbeter is vir die bou van nuwe waterreservoirs. [28] Opgrawings en die teken van planne is hier moontlik. Dit kan ook help om die verband tussen die blokhuis en die fort vas te stel.

## 4.10 Klapperkop blokhuis

'n Blokhuis kom ook op Klapperkop aan die oostekant van die heuwel voor. Waarskynlik moes dit oor die pad na die fort toe waak. Die blokhuis word met die letters B.H. deur Mervyn Emms op 'n diagram van fortifikasies aangedui (Ill. 4.37). Dit is 'n reghoekige klipstruktuur van 6,2 by 3,4 meter [29]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Ill. 4.35-4.36). Net soos in die geval met bogenoemde blokhuis, kan hier opgrawings gedoen word en planne geteken word, wat ook kan help om die blokhuis se verband met Fort Klapperkop vas te stel.

Indien ons op grond hiervan aanvaar dat B.H. vir blokhuis staan (die blokhuis oos van Fort Daspoortrand word ook so aangedui), beteken dit dat ons ook die volgende blokhuise (aangedui deur B.H.) kry.

## 4.11 Blokhuis nommer 27

Noord van Wonderboompoort is daar 'n aanduiding B.H.27. Volgens die diagram is dit selfs nog verder noord as Onderstepoort. Dit val dus buite die bestek van hierdie studie.

## 4.12 Wonderboompoort blokhuis

'n Blokhuis word aangedui tussen Wonderboompoort en die Cable Hill Redoubt. Die blokhuis moes redelik laag teen die hang af gewees het ten einde die poort deeglik te beskerm. Met die verbreding van die pad en die aanlê van die spoorlyn deur die poort, is die blokhuis waarskynlik vernietig. Om hierdie rede is dit nie moontlik om argeologiese navorsing oor dié blokhuis te doen nie.

## 4.13 Blokhuise tussen Pretoria en Bronkhorstspruit

Ander fortifikasies wat Emms aandui, moes deel van die blokhuislinie tussen Eerstefabrieken en Groot Olifantsrivierstasie gevorm het. Tussen Pretoria en Bronkhorstspruit kom hier die volgende blokhuise voor:

Drift blokhuis.
Blokhuis te W stasie.
Reservoir blokhuis.

Sandfort (oos van Pienaarspoort).
Bridge blokhuis
Bridge blokhuis by Gun Hill.[30]

Dit is te betwyfel of hierdie blokhuise die enigste fortifikasies tussen Pretoria en Bronkhorstspruit was. F.J. du Toit Spies maak melding van 'n fortifikasie te Eerstefabrieken self.[31]

D.C. Panagos en L. Faber het ook 'n deeglike studie te Pienaarspoort gedoen en het een-en-twintig fortifikasies gevind. Hulle het gebruik gemaak van 'n mikroligte vliegtuig.[32] Dit is na die skrywer se mening die enigste wyse om vas te stel waar blokhuise oral opgerig was. Nadat dit gevind is, kan dit van nader ondersoek word.

Op die kaart van Pretoria en omliggende gebied, wat in 1908 geteken is, word daar ook 'n blokhuis naby Hatherely stasie aangedui. Dit is reg langs 'n watertenk gebou en moes waarskynlik die water beskerm. Dit kom op die Eerstefabrieken-Groot Olifantsrivierstasie blokhuislinie voor.[33] Al die bogenoemde blokhuise tussen Pretoria en Bronkhorstspruit val buite die bestek van hierdie studie.

## 4.14 Johannesburg Road redoubt

Die volgende forte is ook bekend volgens 'n geologiese kaart van Pretoria wat in November/Desember 1904 tot Januarie 1905 opgestel is. Daar is eerstens die Johannesburg Road redoubt. Dit was geleë op die koppie waar Yskor se hoofkantoorgebou vandag staan en moes, soos die naam aandui, oor die Johannesburgpad waak. Daar is vandag geen oorblyfsels hiervan nie. Argeologiese navorsing ten opsigte van hierdie redoubt is dus nie moontlik nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.15 River Redoubt

Die River redoubt het voorgekom waar die Daspoort deurgrawing vandag is; dit is naby die huidige PPC Sementfabriek, en moes waarskynlik Daspoort bewaak (Ill. 4.39). Dit is vernietig met die aanlê van 'n spoorlyn aldaar, daarom is argeologiese navorsing oor hierdie fortifikasie onmoontlik. Heelwat van die ander fortifikasies wat reeds bespreek is, kom ook op die genoemde geologiese kaart voor.[34]

4.16 Hillcrest blokhuis

'n Blokhuis is ook in Hillcrest gebou, in die omgewing van die huidige Heroldstraat (vroeër bekend as Old Fort Road). Heroldstraat is tussen Lynnwood- en Duxburyweg, oos van die Universiteit van Pretoria, geleë. Geen oorblyfsels kon hiervan gevind word nie; gevolglik is opgrawings hier nie moontlik nie. Dit is te betwyfel of daar enige oorblyfsels sal wees, as gevolg van die moderne residensiële ontwikkeling in die gebied[35] (Ill. 4.40).

4.17 Muckleneuk blokhuis

Die blokhuis is op Muckleneukheuwel gebou.[36] Dit was geleë waar Unisa vandag is. Die blokhuis was van klip uit die omgewing gebou. Volgens J.N. Kirkness het hy as jong seun leesstof vir die garnisoen geneem en dit was voor 1910. Die blokhuis is kort hierna vernietig[37] (Ill. 4.38). Hieroor kan daar gevolglik nie argeologiese navorsing gedoen word nie.

4.18 Ander blokhuise

Uit argivale dokumente blyk dit dat daar 'n dubbelverdieping klipblokhuis by Kommandonek opgerig is. Ook Derdepoort en Hornsnek is deur die Britte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beman, maar of daar fortifikasies opgerig is, is nie seker nie.[38] Dit val ook buite die grense van hierdie studie.

Dat daar meer blokhuise in en om Pretoria was, is duidelik. Foto's van nog vier is in die argief opgespoor. Geen ander inligting is hieroor bekend nie. Die foto's word wel in hierdie verhandeling opgeneem (Ill. 4.42-4.45).

## 5. Samevatting

Die Britse militêre owerheid het die belangrikheid van blokhuise om die Boeremagte aan bande te lê, besef. Dit is om hierdie rede dat daar so baie blokhuise dwarsdeur Suid-Afrika opgerig is. Die belang van Pretoria as hoofstad word ook beklemtoon deur die groot hoeveelheid blokhuise wat hier opgerig is.

Daar is 61 fortifikasies in en om Pretoria opgerig. Dit dui op die feit dat Pretoria ten alle koste behou moes word. Die fortifikasies is daarom nie slegs oorblyfsels van 'n trotse militêre verlede of 'n bittere stryd nie, maar dui ook op die belang van Pretoria.

Van die 61 fortifikasies waarvan hier sprake is, word 51 in die teks genoem. Sommige hiervan is slegs op 'n kaart aangedui en van ander is slegs die naam of 'n foto bekend. Argivale navorsing in Brittanje kan moontlik dié onvolledige prentjie invul.

Sestien van hierdie fortifikasies het direk met die verdediging van Pretoria te doen gehad. Hulle is die volgende:

Meintjieskop blokhuis.
Hillcrest blokhuis.
River redoubt.
Johannesburg Road redoubt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Muckleneuk blokhuis.

Blokhuis by Wonderboompoort.

Kwaggapoort blokhuis.

Howitzer redoubt.

Magazine redoubt.

Klapperkop blokhuis.

Wesfort blokhuis.

Quagga redoubt.

Vesting blokhuis.

Eastern redoubt.

Johnston redoubt.

Cable Hill redoubt.

Die eerste agt hiervan bestaan nie meer nie. Die laasgenoemde agt kan nog opgespoor word. Argeologiese navorsing kan verdere lig daarop werp. Slegs die Eastern redoubt is so ernstig beskadig dat die struktuur op geen ander wyse as deur middel van opgrawings ondersoek kan word nie. Die Johnston redoubt en Vesting blokhuis is feitlik volledig bewaar. Slegs die Vesting blokhuis is tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Nie een van die strukture is gerestoureer nie. Van die oorblywende vyf strukture het die fondamente behoue gebly (vergelyk hoofstuk 6).

Vanweë die min beskikbare inligting oor die fortifikasies, is dit nie moontlik om meer daaroor weer te gee as dit wat in hierdie hoofstuk vermeld is nie. Dit is daarom noodsaaklik dat verdere navorsing oor elkeen van hierdie fortifikasies onderneem sal word. Alleenlik dan sal meer oor die strukture en die funksies daarvan bekend word. Opgrawings op die terreine is 'n noodsaaklikheid ten einde die legkaart te voltooi (Ill. 4.41).




4.1 Die plan van 'n seskantige sinkblokhuis. (T.A.B. Foto 32547).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.2 Die plan van 'n vierkantige sinkblokhuis. (T.A.B. Foto 32550).




4.3 Die plan van 'n ronde sinkblokhuis. (T.A.B. Foto 32548).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





4.4 'n Maxim-masjiengeweer, gemonteer in 'n blokhuis. (T.A.B. Foto 18294).



4.5 'n Voorbeeld van 'n vierkantige sinkblokhuis. (T.A.B. Foto 19964).



4.6 'n Sinkblokhuis iewers in die OVS (T.A.B. Foto 18307).



4.7 'n Sink- en klipblokhuis iewers in die OVS (T.A.B. Foto 18305).



4.8 'n Vierkantige dubbelverdieping klipblokhuis. (T.A.B. Foto 19963).



4.9 'n Klipblokhuis naby Aliwal-Noord. (T.A.B. Foto 32541).



4.10 'n Ronde klipblokhuis tussen Kalk- en Suurfontein. (T.A.B. Foto 32542).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.11 Die plan van 'n tipe heining wat tussen blokhuise gespan is. (T.A.B. Foto 32549).




4.12 Die plan van 'n tipe alarm wat by blokhuise gebruik is. (T.A.B. Foto 32552).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.13 'n Tipe alarmflitslig wat by blokhuise gebruik is. (T.A.B. Foto 32553).




4.14 Die wyse waarop gewere opgestel is sodat meer as een gelyktydig deur een persoon gevuur kon word. (T.A.B. Foto 32546).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.15 Die wyse waarop gewere opgestel is om as alarms te dien. (T.A.B. Foto 32551).



4.16 'n Afgesnyde Martini Henry-geweer, as alarm opgestel. (T.A.B. Foto 18293).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.17 'n Ossewa wat in 'n mobiele blokhuis omskep is. (T.A.B. Foto 32544).



4.18 'n Plaashuis wat in 'n blokhuis omskep is. (T.A.B. Foto 32543).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







4.19–4.21 Oorblyfsels van die Cable Hill redoubt soos dit vandag daar uitsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





4.22 Die Johnston redoubt jare gelede. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3491).



4.23 Die Johnston redoubt, op die terrein van die Staatspresidentswoning, Libertas, soos dit vandag daar uitsien. (T.A.B. Foto 33566).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.24 Die Eastern redoubt, soos dit in die vroeë sewentigerjare gelyk het. (Foto T.E. Andrews-versameling).



4.25 Die enigste sigbare teken van die Eastern redoubt vandag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




*Extract of the plan of the telephone network during the Anglo-Boer War. Showing East Fort, Johnsons Redoubt, New Camp and the Imperial Yeomanry Camp.*

4.26 Die plan wat Mervyn Emms van die Eastern redoubt geteken het. (Pretoriana (77 en 78) 1979.07-1979.09, p. 46).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.27 Die Vesting blokhuis verkeer vandag in 'n goeie toestand.



4.28 'n Gedeelte van die oorblyfsels van die Magazine redoubt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.29 'n Staaldeur lê nog op die terrein van die Magazine redoubt rond.



4.30 Gedeeltes van die klipmure, wat van die Magazine redoubt af in 'n noord-oostelike rigting loop, is nog sigbaar.



4.31 Die fondasies van die Quagga redoubt soos dit vandag daar uitsien.



4.32 Gedeeltes van die kraalvormige mure wat vandag nog sigbaar is by die Quagga redoubt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.33 Die oorblyfsels van die Wesfort blokhuis, soos dit vandag daar uitsien.



4.34 Die versteekte ingang van die Wesfort blokhuis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





4.35-4.36 Oorblyfsels van die Klapperkop blokhuis, soos dit vandag daar uitsien.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.37 'n Diagram, opgestel deur Mervyn Emms, wat die kommunikasielyne tussen fortifikasies in Pretoria aandui. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.38 'n Skets van die Muckleneuk blokhuis kom in die Africana museum, Johannesbur voor. (Pretoriana (74 en 75) 1978.03-1978.06, p. 84).



4.39 Die River redoubt, voordat dit vernietig is. (T.A.B. Foto 20875).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.40 Kinders speel in die grag van die Hillcrest blokhuis, voordat dit vernietig is. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.41 Hierdie kaart dui die posisies van die sestien Britse fortifikasies, wat direk met die verdediging van Pretoria te doen gehad het, aan. (T.A.B. Kaart 2/88 - fortifikasies deur skrywer aangedui). Die argivale kaart is in 'n baie swak toestand en is plek-plek geskeur; vandaar die swart op die afdruk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SLEUTEL:

1. Cable Hill redoubt
2. Wonderboompoort blokhuis
3. Wesfort blokhuis
4. River redoubt
5. Meintjieskop blokhuis
6. Johnston redoubt
7. Eastern redoubt
8. Hillcrest blokhuis
9. Howitzer redoubt
10. Muckleneuk blokhuis
11. Klapperkop blokhuis
12. Magazine redoubt
13. Kwaggapoort blokhuis
14. Kwaggapoort redoubt
15. Johannesburg Road redoubt
16. Vesting blokhuis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





4.42 Oorblyfsels van die blokhuis op Meintjieskop, voordat dit vernietig is. (T.A.B. Foto 20912).



4.43 Oorblyfsels van 'n blokhuis naby Pretoria. (K.A.B. Elliot-versameling Foto 3492).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




4.44 'n Ongeïdentifiseerde blokhuis naby Pretoria. (T.A.B. Foto 20913).




4.45 'n Ongeïdentifiseerde blokhuis by 'n brug naby Pretoria. Dit lyk of dit die ZASM brug kan wees. 'n Deeglike soektog in hierdie omgewing het egter niks aan die lig gebring nie. (T.A.B. Foto 20325).

## 7. Voetnotas

1. W.J. de Kock, Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 18-20; C.R. de Wet, Die stryd tussen Boer en Brit (vert.J.J.Human), pp. 186-188 en 228-229; W. Grütter en D.J. van Zyl, The story of South Africa, pp. 41-46; T. Pakenham, Die Boere-oorlog (vert. L. Rousseau), pp. 605-608; T. Pakenham, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, pp. 195-208; F. Pretorius, 1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog, pp. 13-18, 25 en 29-35; F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, pp. 13-15; J. Selby, The Boer War. A Study in Cowardice and Courage, pp. 50-57 en 166; F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. Inleiding tot die Geskiedenis van die RSA, pp. 232-244; P. Warwick en S.B. Spies (reds.), The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902, pp. 56, 78-79, 86-88 en 97-98.
2. F. Pretorius, Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, p. 14; T.E. Andrews-versameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog; T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa.
3. T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A 1619: E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, p. 16.
4. T.E. Andrews-versameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog; T.E. Andrews-versamelings, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; C.J. Scheepers - Strydom, Spieëlbeeld. Oorlog 1899-1902, in P.W. Grobbelaar (red.) Die Afrikaner en sy Kultuur II, pp. 83-85 en 86; T.E. Andrews-versameling, C.J.P. le Roux, Die Blokhuise van Harrismith, p. 24; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, p. 286.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Who invented the Block-house system - The Transvaal Critic, Pretoriana (73), 1977, pp. 14-23.
6. T.E. Andrews-versameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog; T. Pakenham, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld, p. 215.
7. T.E. Andrews-verameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereorlog; T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; C.J. Scheepers-Strydom, Spieëlbeeld. Oorlog 1899-1902, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur II, pp. 83-85; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, pp. 278-279.
8. T.E. Andrews-versameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog; C.J. Scheepers-Strydom, Spieëlbeeld. Oorlog 1899-1902, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur II, pp. 83-85; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, p. 280.
9. T.E. Andrews-versameling, Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog; T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; C.J. Scheepers-Strydom, Spieëlbeeld-Oorlog 1899-1902, in P.W. Grobbelaar (red.), Die Afrikaner en sy Kultuur II, pp. 83-85; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, pp. 280-281 en 286-287.
10. T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; T.E. Andrews-versameling, C.J.P. le Roux, Die Blokhuise van Harrismith, p. 24.
11. T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, pp. 283-285.

12. T.E. Andrews-versameling, C.J.P. le Roux, Die Blokhuise van Harrismith, p. 24.
13. T.E. Andrews-versameling, The Evolution of the Blockhouse system in South Africa; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1619 : E.H. Bethell, The Blockhouse system in the South African War, in Professional papers of the Royal Engineers, pp. 279, 281 en 288-289.
14. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 102 ; P. Konya, Holding the Fort. Another effort to save a bit of old Pretoria, Pretoria News, 1974-02-13; B. Thomson, The forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern, 1989-05, p. 78.
15. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 105; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 78; Cable Hill, Pretoria : ruïne, besoek 1990.10.16.
16. B. Thomson, The Forts of Pretoria-our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 78; F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 105; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 78; Libertas, Pretoria : blokhuis, besoek 1990.12.18.
17. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 106; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09 p. 78; P. Konya, Holding the Fort. Another effort to save a bit of old Pretoria, Pretoria News, 1974.02.13; D.C. Panagos-versameling, East Fort; Strubenkop, Pretoria : ruïne, besoek 1990.12.11. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 79.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



18. A.C. van Vollenhoven, Fort Daspoortrand as deel van die Fortifikasieplan van Pretoria, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 4 (1), 1990.01, p. 10; P. Konya, Holding the Fort. Another effort to save a bit of old Pretoria, Pretoria News, 1974.02.13.
19. P. Konya, Holding the Fort. Another effort to save a bit of old Pretoria, Pretoria News, 1974.02.13.
20. M. Emms, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, Pretoriana (77 en 78), 1979.09 - 1979.12, p. 47.
21. B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern 1989.05, p. 79; Strubenkop, Pretoria : ruïne, besoek 1990. 12.11.
22. M. Emms, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, Pretoriana (77 en 78), 1979.09 - 1979.12, p. 46.
23. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : IOMG 147/00, TAB 287253443, p. 147: Comd East Fort, 1901.01.10.
24. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 106; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 78; T.E. Andrews-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied, 1908.
25. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Pretoria : Die Vesting and Blockhouse, Voortrekkerhoogte, Pretoria (pamflet, 1983.02.18); F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 106; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07. - 1955.09, p. 79; Die Vesting, Pretoria : blokhuis, besoek 1990.11.27.
26. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855 - 1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 106; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 79; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : 2/88, kaart : Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, 1904 - 1905; Magasynheuwel, Pretoria : ruïne, besoek 1988.11.21 en 1990.12.11.

27. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 106; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17) 1955.07 - 1955.09, p. 79; B. Thomson, The Forts of Pretoria - our vanishing history, Lantern, 1989.05, p. 79; Kwaggakop, Pretoria : ruïne, besoek 1990.12.13.
28. F.J. du T. Spies, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. Engelbrecht (red.) ea., Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria, p. 107; F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09, p. 79; Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria : 2/88, kaart : Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, 1904-1905; Daspoortrand, Pretoria-wes : ruïne, besoek 1987.02.14, 1988.04.04, 1989.09.11, 1989.10.24, 1989.11.01, 1989.12.06, 1990.10.03 en 1990.12.19.
29. M. Emms, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, Pretoriana (77 en 78), 1979.09 - 1979.12, p. 48;Klapperkop, Pretoria : ruïne, besoek 1988.11.15, 1988.12.05, 1988.12.06 en 1990.12.19.
30. M. Emmns, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, Pretoriana (77 en 78), 1979.09 - 1979.12, p. 48.
31. F.J. du T. Spies, Forte en verskansings om Pretoria, Pretoriana (16 en 17), 1955.07 - 1955.09, p. 79.
32. D.C. Panagos en L. Faber, Aerial location of Fortifications of the Anglo Boer War 1899 - 1902 using a Microlight Aircraft, pp. 208-212; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1643, p. 122 : Telegram, Wonderboom,1900.07.16.
33. T.E. Andrews-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied, 1908.
34. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : 2/88, kaart : Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, 1904-1905.
35. Militêre Museum Fort Klapperkop, Pretoria : Mnr. T.E. Andrews, persoonlike onderhoud, 1990.11.23.
36. Pretoriana (74 en 75), 1978.03 - 1978.06, p. 84 : M. Emms - The Editor, 1978.05.14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



37. Pretoriana (77 en 78), 1979.09-1979.12, p. 99 : J.N. Kirkness - The Editor, 1978.11.22.
38. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : A1643, pp. 113-114 en 120-121: Telegramme, Lord Roberts Papers, 1900.07.12 - 1900.07.16; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria : PWD 579/05 en 140/05 : Secretary - Chief Royal Engineer, 1905.03.18 - 1905.03.20.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

## 'N ARGEOLOGIESE BESKOUING VAN FORT DASPOORTRAND

### 1. Fort Daspoortrand voor opgrawing

Fort Daspoortrand is geleë op die koppie bokant Wesfort, die melaatse hospitaal wes van Pretoria. Dit is op die plaas Broekscheur 318 JR in die Pretoria distrik.[1] Die ruitverwysing daarvan is 25° 43,9' Suiderbreedte en 28° 04,4' Oosterlengte, op die kaart 2528 CA, Pretoria, van die Suid-Afrikaanse 1:50000 topografiese reeks. Die andersheid van dié fort ten opsigte van die ander drie is opvallend (Ill. 5.1).

Holtes, vermoedelik vir vlagstokke, kom aan weerskante van die ingang in die bouwerk voor. Reg voor die ingang is 'n gat wat met sement uitgelê is. Dit wil voorkom asof dit verbind is met 'n soortgelyke gat in die middel van die binnehof van die fort. Dit het waarskynlik as dreineringstelsel gedien (Ill. 5.110).

Die pleister op die ingangspoort vertoon nog duidelik die afdruk wat die staatswapen van die ZAR daar gelaat het. Die afdruk van die Republikeinse leuse "Eendracht maakt macht" is duidelik leesbaar. Hierdeur is gate geboor, waarskynlik om metaalletters mee vas te heg. Word die gate verbind, spel dit die naam wat die Britte aan die fort gegee het, naamlik 'West Fort' (Ill. 5.2). Britse soldate het ook inskripsies in die klip gemaak (Ill. 5.3).

Die staaldeure van die dubbele ingangspoort is nog almal daar, hoewel dit erg verroes is. 'n Vertrek wat aanvanklik aanvaar is as 'n stal,[2] kom in die ingangspoort voor. Dit is toegeval (Ill. 5.4).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is nie moontlik om deur die tweede stel hekke na die fort se binnehof te beweeg nie, aangesien die dakpuin dit heeltemal versper. Om binne in die fort te kom moet daar oor die grondwal, wat die voorste muur van die fort vorm, geklim word. Dit help ongelukkig erosie aan wat reeds die vier fortwalle ernstig bedreig.

Die dak is orals ingeval, maar die breeklyne toon duidelik waar dit geloop het (Ill. 5.19-5.21 en 5.111). 'n Stewige staalpilaar, wat as dakstut vir 'n vertrek (vermoedelik 'n ammunisiekamer) gedien het, staan nog in posisie suid van die poort (Ill. 5.108). Pik is gebruik om die dakke waterdig te maak. Heelwat oorblyfsels hiervan is op dakgedeeltes gevind.

Aan sowel die ooste- as westekant van die fort kom erg verweerde trappe voor wat in die binnehof eindig. Die voltooiïngsdatum van die fort, 1898, is nog sigbaar teen die binnemuur van die ingangspoort, hoewel dit verweer is (Ill. 5.104).

Die getande borswering is 'n tipiese eienskap van forte. Die borswering van die oostelike muur staan nog, maar gedeeltes van dié van die westelike binnemuur lê in die binnehof rond (Ill. 5.111).

Teen die suidelike wal van die fort is tekens van die oprit nog sigbaar. Dit kom voor asof daar twee vertrekke aan die westekant onder die oprit was, want ook hier kom tekens voor van die dak wat ingeval het. Verdere ondersoek is nodig om vas te stel waarvoor dit gebruik is (Ill. 5.112-5.119).

Aan die noordelike wal van die fort kom nege vertrekke voor. Die opskrifte daarvan is ongeskonde en lees van oos na wes: Machinen, Telegraaf, Manschappen, Manschappen, Officieren, Manschappen, Hospitaal, Keuken en Proviand (Ill. 5.6 en 5.125-5.140). Die staaldeure en -vensters steek plek-plek bokant die puin uit. 'n Aantal kosyne toon aan dat sommige vertrekke met binnedeure verbind is. Teen die dak (wat nie meer bestaan nie) is porseleinpoortjies in die mure gevind. Hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poortjies het vermoedelik die elektriese bedrading van die fort gelei. Soortgelyke porselein is op die oppervlakte versamel (Ill. 5.8).

Die fort het twee ammunisieskagte waarmee ammunisie uit die opslagplekke na bo gehys kon word. Albei is nog sigbaar. Die een kom suid van die ingangspoort voor en die ander een is heel agter (aan die westekant) in die fort (Ill. 5.120-5.121 en 5.123). Die ingang van die gang wat na die voorste (oostelike) skag toe lei, is redelik toegeval, maar daar kan tog ingekruip word (Ill. 5.9-5.11). Dit word later wyer en dit is moontlik om op plekke regop te staan. Vermoedelik is die gange nog dieper; dit is net baie toegespoel met modder. Die kosyn van die deur wat lei na wat vermoedelik 'n ammunisiekamer was, is regs in die gang naby aan die skag. Dit is hier waar die staalpilaar bokant die dakpuin uitsteek. Daar kan deur die kosyn gekruip word om weer buite (en eintlik bo-op die ammunisiekamer) te staan te kom (Ill. 5.108-5.109).

Die gang wat na die westelike skag toe lei, is maklik begaanbaar (Ill. 5.14-5.15). By die ingang kan daar gehurkend gestap word en later kan regop geloop word. Naby die skag is twee kosyne gevind, een regs en een links van die gang. Hierdie kosyne is vermoedelik die ingange na twee ammunisiekamers (Ill. 5.16-5.17).

'n Tweede gang loop kort na die ingang tot die eerste na regs (noord) uit en eindig in die proviandkamer. Houtblokkies en porseleinpoortjies wat die elektriese drade gelei het, is ook in hierdie gange en die skag gevind. 'n Groot reghoekige sementblok, wat deel van die skag moes gewees het, lê aan die buitekant van die westelike skag (Ill. 5.12-5.13).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Buitekant die fort, aan die suidoostekant, kom 'n aantal klipterrasse voor. Draadversperrings is waarskynlik hier opgerig om die fort te beveilig. 'n Heuweltjie versper die uitsig van die fort na die ou wapad. 'n Wagholte kom voor om hierdie probleem te oorbrug. Net oos van die heuweltjie is die netjies gekapte klipvloer gevind van wat moontlik 'n waghuisie kon gewees het (Ill. 5.18).

Die ou wapad is steeds plek-plek sigbaar deur middel van die klippe wat die kant daarvan gevorm het. Die pad gaan teen die noordelike hang van die berg af.

Die fort is ook verbind met 'n klein Britse blokhuis op die rant oos van die fort. Hierdie verbindingspaadjie is nog duidelik sigbaar. Die blokhuis is in hoofstuk 4 behandel.

'n Stel trappe loop aan die noordoostekant van die fort af na 'n terras. Hier kom 'n sementvloer voor waar 'n struktuur kon gestaan het. Dit het heel waarskynlik iets met die bou van die fort te doen gehad.

Die prentjie wat ontvou, is een van 'n redelik goed bewaarde struktuur wat plek-plek aan ernstige verwering blootgestel is. Erosie en vandalisme is tans die grootste gevare wat die fort bedreig[3] (Ill. 5.7).

## 2. Die opgrawings

Gedurende die somer van 1989 is opgrawings op gedeeltes van Fort Daspoortrand gedoen. Die doel hiervan was om uiteindelik 'n plan van die fort te teken (Ill. 5.22). Dit is natuurlik standaardpraktyk om dele van terreine nie op te grawe nie, sodat toekomstige argeoloë met beter metodes dit kan opgrawe.[4]

Die gedeeltes waar opgrawings gedoen is, is die volgende:
die westelike ammunisietonnel;
die proviandkamer;
die ingangspoort (Ill. 5.23).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.1 Die westelike ammunisietonnel

Die doel van die opgrawings hier was om die vloer van die tonnel te kry, sodat die diepte bepaal kon word. Vir hierdie doel is vier toetsslote van 1 meter x 0,5 meter uitgemeet:

| | |
|---|---|
| Toetssloot 1 - | by die ingang van die tonnel, teen die noordelike muur (Ill. 5.24). |
| Toetssloot 2 - | by die draai van die tonnel, teen die noordelike muur. |
| Toetssloot 3 - | aan die einde van die tonnel, teen die noordelike en westelike muur. |
| Toetssloot 4 - | by die punt waar die sytonnel uit die hooftonnel vertak. |

Dit was gou duidelik dat hier geen stratifikasie bestaan nie, omdat die grond spoelgrond is wat deur die loop van jare in die tonnel ingespoel het. Die grond was dan ook hoofsaaklik steriel.

Om hierdie rede is werk slegs by toetssloot 1 voortgesit. Op 'n diepte van 65cm word die toetssloot verbreed tot 0,75m omdat daar vermoed word dat die vloer gevind is (Ill. 5.25-5.26). Toe die punt bereik is waar daar geen twyfel meer bestaan dat die vloer wel gevind is nie, is die toetssloot vergroot om die volledige breedte van die tonnel te omvat (Ill. 5.27). Omdat die artefakte wat tot dusver gevind is min in getal is en meestal duidelik resent is, word besluit dat verdere toetsslote onnodig is. Die doel, naamlik om die diepte van die tonnel vir plantekeningsdoeleindes te bepaal, is bereik.

Die "vloer" word oor die breedte van die tonnel blootgelê:

| | |
|---|---|
| Diepte van opgrawing ("vloer") | 0,70 meter |
| Breedte van opgrawing (tonnel) | 1,45 meter |
| Lengte van opgrawing | 1,00 meter |

Daar word nou verder al dieper die tonnel in gewerk om meer van die "vloer" bloot te lê. Daar word vasgestel die "vloer" bestaan uit twee rye sementblokke, parallel aan mekaar, met 'n grondstrook tussenin. Die rye sementblokke is teenaan die onderskeie mure van die gang. Elke sementblok is 1 meter x 0,50 meter. Die breedte van die grondstrook is dus 0,45 meter (Ill. 5.28-5.29 en 5.122).

2.2 Die proviandkamer

Hier moes die gras eers gebrand word, sodat die grond duidelik sigbaar kon wees. Omdat ons hier 'n afgeslote vertrek tussen vier mure het, was daar geen brandgevaar nie (Ill. 5.124).

'n Toetssloot van 4,55 meter x 1,30 meter word teen die oostelike muur van die vertrek uitgemeet. Dit strek van die noordelike muur tot teen die suidelike muur. Hierna word die toetssloot stelselmatig verdiep, d.m.v. arbitrêre lae van 10cm elk. Die lae was feitlik steriel.

Op ongeveer deurhoogte (die punt waar die deurkosyn bo die grond uitsteek), dit is 'n diepte van 60 cm, is daar reeds soveel betonblokke (van die dakpuin) wat die weg versper, dat daar na 'n alternatief gesoek moet word om die vloerhoogte vas te stel. Die betonblokke is te groot om met mensehande te verskuif en 'n voertuig kan nie in die vertrekke kom om dit te verwyder nie. Om hierdie rede is daar begin om die hele vertrek van bo af skoon te maak in die hoop dat daar 'n gedeelte sal wees met beton wat klein genoeg is om maklik te verskuif. Hamers wat groot genoeg is, om die beton op te kap was ook nie beskikbaar nie (Ill. 5.30-5.32).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voordat daar veel verder gevorder is, moes die projek weens onvoorsiene omstandighede gestaak word. Dit was naamlik die verandering in die personeelstruktuur van die militêre museum wat hiertoe gelei het.

## 2.3 Die ingangspoort

Die ingangspoort van Fort Daspoortrand is verreweg die indrukwekkendste van al Pretoria se forte. Behalwe vir wetenskaplike doelwitte, was dit uit 'n praktiese oogpunt ook baie belangrik om die poort oop te maak; gevolglik kan voertuie die fort binnegaan, wat toekomstige werk baie sal vergemaklik.

Die wetenskaplike doelwitte was om die grondvlak (vloer) te vind vir kartering en om verskynsels wat in die ingangspoort verberg is, bloot te lê en te identifiseer.

Die ingangspoort is in seksies verdeel op grond van die argitektoniese eienskappe van die poort (Ill. 5.33). Die grond was grootliks steriel, waarskynlik omdat dit puin- en spoelgrond is. Heelwat rommel kom ook hierin voor - dit bestaan meestal uit resente glasskerwe.

### 2.3.1 Ingangspoort-seksie

Die gedeelte genaamd "ingangspoort" is eerste oopgemaak. Die grond was hier slegs sowat 20cm bokant die vloerhoogte. Na slegs een dag se werk kon die groot staaldeure weer oop- en toegemaak word. Die drumpel (vloervlak) is ook gevind. Dit bestaan uit 'n ry klippe met 'n staalstaaf dwarsoor die breedte van die poort. Dit is weer toegegooi om dit te beskerm (Ill. 5.34-5.35).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



’n Sementtrap word voor die deuropening van ingangspoort A gevind. Daar is vroeër bespiegel dat dié vertrek (ingangspoort A) dalk ’n stal kon wees. Dit word nou verwerp. Verdere navorsing hieroor is nodig. Vermoedelik is dit ’n wagkamer. Die deurkosyn van metaal word ook blootgelê. Die trap is 1,50 meter x 0,42 meter groot. Die deurkosyn is 1m breed. Van die trap is die deurkosyn 2,35m hoog op sy hoogste punt (Ill. 5.36 en 5.38).

Reg onder die vensterbank van die vertrek (ingangspoort A), word ’n vierkantige gat gevind. Dit is waarskynlik ’n luggat. Die grootte van die venster is 1,25m x 1m. Die vensterbank is 1,22m breed (Ill. 5.39).

Die drumpel by die tweede stel staaldeure word blootgelê. Dit is ’n sementdrumpel met ’n L-vormige metaalpyp aan beide kante. Dié is moontlik gebruik om perde aan vas te maak (Ill. 5.45-5.46).

Op hierdie punt was die opruiming van die ingangspoort-seksie voltooi. Dit was duidelik dat daar vroeër reeds pogings was om die poort oop te grawe, maar die versteuring van die grond was nie krities nie (Ill. 5.40-5.42 en 5.103-5.107).

2.3.2 Ingangspoort D-seksie

Intussen is daar ook begin met opruiming aan die binnekant (westekant) van die ingangspoort. Die doel hiervan was om die poort vinniger op te ruim (Ill. 5.43).

### 2.3.3 Ingangspoort B-seksie

Na die voltooiïng van die ingangspoort-seksie, was die ingangspoort B-seksie die volgende gedeelte wat opgeruim moes word. Aanvanklik het dit moeilik gegaan, aangesien die een deur toegestoot was en die tweede deur slegs gedeeltelik oop was (Ill. 5.44).

Nadat genoeg grond agter die deur verwyder is, is dit oopgestoot en kon die werk aansienlik vinniger vorder (Ill. 5.47). Net voordat die opruiming hier voltooi is, is die punt bereik waar die grond en puin dakhoogte is.

Om van bo af te werk was onmoontlik omdat die grond nie stabiel genoeg was om soveel gewig te dra nie. Dit was dus ook gevaarlik. Dit was net so gevaarlik om van onder af te werk, omdat die boonste grond (en sementblokke) van bo af kon instort.

### 2.3.4 Ingangspoort seksies C, E en F

Daar is nou van 'n ligte laaigraaf gebruik gemaak om die poort oop te grawe. Dit het die laaigraaf drie dae, teen 'n koste van R1620,00 geneem om die ingangspoort (seksies B, C en E) volledig op te ruim. Die bekende Amerikaanse historiese argeoloog, Stanley South, beveel die gebruik van so 'n masjien aan omdat dit tyd bespaar en tot vinnige resultate lei.[5] In hierdie geval waar daar eintlik geen sprake van stratigrafie is nie, was dit ideaal.

Dit lei tot die ontdekking van 'n gang tussen die ingangspoort (seksie E) en die machinenkamer. Dit word as ingangspoort F aangedui (Ill. 5.48-5.50).

3. Lys van artefakte

| Nommer en tipe artefak | Relatiewe datering | Wye Identifikasie |
|---|---|---|
| | **Westelike ammunisietonnel:** | |
| 1. Houtskool | Resent | - |
| 2. Boumateriaal | 1898 | Stukkie beton |
| 3. Glas | Resent | Skerwe |
| 4. Klip | ? | Leiklip |
| 5. Metaal | Resent | Skroewedraaier |
| 6. Metaal | 1898-1902 | Onderdeel (as) van wa |
| 40. Glas | Resent | Bierbottelskerwe |
| 41. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Deel van doring-draadversperring |
| 68. Glas | Waarskynlik tydgenootlik met fort (Laat 19e eeus) | Skerwe |
| 77. Metaal en porselein | 1898 | Isolasiemateriaal |
| | **Proviandkamer:** | |
| 67. Glas | Middel tot laat twintigste eeu | Skerf van boom van bottel |
| 76. Metaal | Waarskynlik jonger as fort | Kondensmelkblik (Gate bo ingedruk om kondensmelk uit te suig) (Ill.5.83) |
| | **Ingangspoort:** | |
| | **Ingangspoort-seksie** | |
| 7. Metaal | 1898 | Deel van wa-onderstel |
| 8. Metaal | 1898 | Gebruik in deurkonstruksie? |

| | | |
|---|---|---|
| 9. Metaal | 1898 | Haak by vensterraam |
| 10. Metaal | 1898-1902 | Deel van wa-onderstel |
| 11. Metaal | 1898-1902 | Ongeïdentifiseerd |
| 12. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (afval sou nie in poort gegooi word nie) | Dele van boeliebiefblik (Ill.5.82) |
| 13. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | 10cm spyker |
| 14. Metaal | ? | Hekelnaald |
| 15. Metaal | 1898 | Ongeïdentifiseerd |
| 16. Metaal | ? | Sink? |
| 17. Glas | Waarskynlik tydgenootlik met fort (a.g.v. dikte afgelei) | Skerf van bottel |
| 18. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (die grond hier is al baie versteur, en afval sou sekerlik nie in die poort gelaat word nie) | Blikkieskos (Ill. 5.82) |
| 19. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | 10cm spyker |
| 20. Metaal | 1898-1902 | Ongeïdentifiseerd |
| 21. Glas | Resent | - |
| 22. Metaal | 1900-1902 | Knoop, afkomstig van Britse uniform |
| 23. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Sink met spykers |
| | <u>Ingangspoort D-seksie</u> | |
| 26. Metaal | 1898 | Dik staalplaat (46 x 35cm) met reëlmatig gespasieerde ronde gate |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| 84. Porselein | 1898 | Isoleerders in elektrisiteit-stelsel |

<u>Ingangspoort B-seksie</u>

| | | |
|---|---|---|
| 24. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Hoekyster 556mm lank met hoekige metaalplaat op elke ent vasgeheg |
| 25. Metaal | Resent | Draad |
| 27. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (afval sou nie in poort gegooi word nie) | Blikkieskos (Ill. 5.81) |
| 28. Metaal | 1898 | Wasser gebruik in deure |
| 29. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Ongeïdentifiseerd |
| 30. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Deel van doringdraad-versperring? |
| 32. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (afval sou nie in poort gegooi word nie) | Blikkieskos en sink (Ill. 5.81) |
| 33. Metaal | 1898 | Wasser gebruik in deure |
| 34. Metaal | 1898 | Groot skroef in deure gebruik |
| 35. Metaal | 1898 | Groot spyker |
| 36. Metaal | Resent | Draad |
| 37. Porselein | Resent | Oor van koppie |
| 38. Boumateriaal | 1898 | Pik - gebruik om dak waterdig te maak |
| 39. Metaal | 1900 - 1902 | Knoop, afkomstig van Britse uniform |
| 57. Boumateriaal | 1898 | Pik - gebruik om dak waterdig te maak |

| | | |
|---|---|---|
| 58. Metaal | Resent | Poot van iets (braaier?) |
| 59. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (afval sou nie in poort gegooi word nie) | Boeliebiefblik (Ill.5.80) |
| 60. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Draad - deel van versper-ring? |
| 61. Metaal | Resent | Eveready battery |
| 62. Metaal | ? | Blik |
| 63. Metaal | 1898 | Moer |
| 64. Glas | Resent | - |
| 65. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Draad |
| 66. Glas | Resent | Kop en lip van bottel (Ill.5.54) |
| 69. Metaal | Resent | Koeldrank- en visblikke |
| 70. Glas | Resent | Skerwe van Coca-Cola bottel |
| 71. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (afval sou nie in poort gegooi word nie) | Blikkieskos (Ill.5.80) |
| 72. Plastiekpyp | Resent | - |
| 73. Metaal | Resent | Hedendaagse Deense hamblik |
| 74. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Ongeïdentifiseerd |
| 75. Seil | Resent | - |
| 78. Metaal | Resent | - |
| 79. Metaal | 1898-1902 | Deel van wa-onderstel |
| 83. Metaal | ? | Draadhaak |

| | | |
|---|---|---|
| | <u>Ingangspoort A-seksie</u> | |
| 31. Metaal | 1898 - 1902 | Ongeïdentifiseerd |
| | <u>Ingangspoort C-seksie</u> | |
| 82. Metaal | 1898 - 1902 | Verskeidenheid spykers |
| 85. Metaal | 1900 - 1902 | Knoop afkomstig van Britse uniform |
| | <u>Ingangspoort E-seksie</u> | |
| 81. Metaal | 1898 - 1902 | Ongeïdentifiseerd |
| | <u>Ingangspoort F-seksie</u> | |
| 80. Metaal | 1898 | Pyp, waarskynlik in boukonstruksie gebruik om syferwater deur te laat |
| | <u>Oppervlakteversameling:</u> | |
| 42. Porselein | 1898 - (Resent)? | Breekware |
| 43. Porselein | 1898 | Isoleerders in elektrisiteitstelsel |
| 44. Metaal | 1898 - 1902 | Verskeidenheid spykers |
| 45. Metaal | 1898 | Groot spyker in konstruksie gebruik |
| 46. Metaal | Waarskynlik jonger as fort (Verwering en roes minder ernstig) | Deel van ysterpaal (Ill. 5.100) |
| 47. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Deel van draad versperring? |
| 48. Metaal | 1898 | Spykers en stukkie draad - erg verroes |
| 49. Metaal | 1898 - 1900 | Hoefysterspyker |
| 50. Metaal | ? | Boeliebiefblikoopmaker (sleutel) |

| | | |
|---|---|---|
| 51. Glas | Waarskynlik tydgenootlik met fort (laat 19e eeus sowel as jonger tot resent) | Bottelskerf en ander skerwe (Ill.5.55) |
| 52. Metaal | Waarskynlik tydgenootlik met fort | Deel van draad-versperring? |
| 53. Metaal | Resent | Koffieblik |
| 54. Metaal (vullishoop) | ? | Plat stawe met uit-steeksels |
| 55. Metaal (vullishoop) | ? | Deel van silindervormige hol metaal met groewe |
| 56. Boumateriaal (vullishoop) | Waarskynlik jonger as fort (verskil van stene wat in konstruksie van fort gebruik is) | Baksteen |

4. Klassifisering van artefakte

Die artefakte wat gevind is, val duidelik in vier groepe uiteen, naamlik boumateriaal, metaal, porselein en glas. Die groepe, met verklarings, sal nou gelys word. Die artefakte wat waarskynlik resent of jonger as die fort is, is buite rekening gelaat.

Die absolute datering van artefakte uit die historiese tydperk is baie problematies. Dieselfde geld vir die doel waarvoor dit gebruik is. J.F. Deetz, C.D. Dollar, W.L. Rathje en M. McCarthy onderskryf hierdie probleem in hulle navorsing. Verskeie artefakte se doel word as "onbekend" geklassifiseer, terwyl die vervaardigings- en gebruiksdatum ook tot verskille lei.[6] Die fragmentariese voorkoms van artefakte dra by tot die probleem van klassifisering en datering.

Werke wat geraadpleeg kan word, is ook baie skaars. Daar bestaan geen werk oor metaal of boumateriaal in die algemeen nie. Oor blik, draad en spykers is daar ook nie werke in Suid-Afrika beskikbaar nie. Werke oor knope kom algemeen voor,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar almal handel oor knope met allerlei versierings. Geeneen bespreek die gewone, oninteressante knope, soos dié wat te Fort Daspoortrand gevind is nie. Hierdie onverkrygbaarheid van bronne bemoeilik die klassifisering en datering.

D.P. Dymond stel die probleem soos volg:

"In each case the final interpretation is a personal reconstruction which is only probabilistic in nature and not capable of final proof."[7]

Die daterings in hierdie studie is om hierdie redes relatief en die doel wat aangegee word, slegs die waarskynlikste.

<u>Metaal:</u>

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 6 | 5.84 | Metaalstaaf | Westelike ammunisietonnel | Onderdeel van wa (as) |
| 7 | 5.85 | Metaalstaaf | Ingangspoort-seksie | Deel van wa onderstel |
| 8 | 5.86 | Metaalstaaf | Ingangspoort-seksie | Gebruik in deurkon-struksie? |
| 9 | 5.89 | Haak | Ingangspoort-seksie | Om venster vas te haak |
| 10 | 5.85 | Metaalstaaf | Ingangspoort-seksie | Deel van wa onderstel |
| 11 | 5.100 | Stukkies | Ingangspoort-seksie | Onbekend |
| 13 | 5.70 | Spyker | Ingangspoort-seksie | Konstruksie? |
| 14 | 5.90 | Hekelnaald | Ingangspoort-seksie | Hekel |
| 15 | 5.99 | Skyf | Ingangspoort-seksie | Onbekend |
| 16 | 5.79 | Sink | Ingangspoort-seksie | Onbekend |
| 19 | 5.71 | Spyker | Ingangspoort-seksie | Konstruksie |
| 20 | 5.100 | Stuk | Ingangspoort-seksie | Onbekend |
| 22 | 5.67 | Knoop | Ingangspoort-seksie | Deel van Britse uniform (gulpknoop) |
| 23 | 5.79 | Sink | Ingangspoort-seksie | Konstruksie |
| 24 | 5.97 | Hoekyster | Ingangspoort B | Konstruksie by deure? |
| 26 | 5.96 | Metaalplaat | Ingangspoort D | Borswering/vashegting van kanon? |

**Metaal:**

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 28 | 5.94 | Wasser | Ingangspoort B | Hou skroewe in deure |
| 29 | 5.99 | Stukke | Ingangspoort B | Onbebekend |
| 30 | 5.76 | Draad | Ingangspoort B | Versperring |
| 31 | 5.95 | Stukkies | Ingangspoort A | Onbekend |
| 33 | 5.94 | Wasser | Ingangspoort B | Hou skroewe in deure |
| 34 | 5.93 | Skroef | Ingangspoort B | Skroef hout aan deure vas |
| 35 | 5.98 | Spyker | Ingangspoort B | Gebruik in konstruksie |
| 39 | 5.68 | Knoop | Ingangspoort B | Deel van Britse uniform (gulpknoop) |
| 41 | 5.76 | Draad | Westelike ammunisietonnel | Versperring |
| 44 | 5.69 | Spykers | Oppervlakteversameling | Konstruksie |
| 45 | 5.73 | Spyker | Oppervlakteversameling | Konstruksie |
| 47 | 5.75 | Draad | Oppervlakteversameling | Versperring |
| 48 | 5.74 | Draad en Spyker | Oppervlakteversameling | Versperring en konstruksie |
| 49 | 5.72 | Spyker | Oppervlakteversameling | Perderskoenspyker |
| 50 | 5.92 | Blik | Oppervlakteversameling | Sleutel om boeliebiefblik oop te maak |
| 52 | 5.75 | Draad | Oppervlakteversameling | Versperring |
| 54 | 5.101 | Metaalstawe | Oppervlakteversameling (vullishoop) | Onbekend |
| 55 | 5.102 | Silindriese gegroefde metaal | Oppervlakteversameling (vullishoop | Onbekend (ammunisie; kanonloop?) |
| 60 | 5.76 | Draad | Ingangspoort B | Versperring |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Metaal:

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 62 | 5.81 | Blik | Ingangspoort B | Onbekend |
| 63 | 5.91 | Moer | Ingangspoort B | Onbekend |
| 65 | 5.87 | Draad | Ingangspoort B | Versperring? |
| 74 | 5.100 | Stukke | Ingangspoort B | Onbekend |
| 77 | 5.87 | Metaalstaaf in porselein-hulsel | Westelike ammuni-sietonnel | Isoleer elektrisi-teit |
| 79 | 5.85 | Metaalstaaf | Ingangspoort B | Deel van wa-onderstel |
| 80 | 5.88 | Pyp | Ingangspoort F | Boumateriaal |
| 81 | 5.100 | Stukkie metaal | Ingangspoort E | Onbekend |
| 82 | 5.70 | Spykers | Ingangspoort C | Konstruksie |
| 83 | 5.77 | Draadhaak | Ingangspoort B | Haak |
| 85 | 5.65-5.66 | Knoop | Ingangspoort C | Deel van Britse uniform (broeksknoop) |

Boumateriaal

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 2 | - | Beton | Westelike ammunisie-tonnel | Konstruksie |
| 4 | - | Leiklip | Westelike ammunisie-tonnel | Onbekend |
| 38 | 5.63 | Pik | Ingangspoort B | Waterdigting van dak |
| 56 | 5.64 | Baksteen | Oppervlakteversameling (vullishoop) | Vloerbaksteen |
| 57 | 5.63 | Pik | Ingangspoort B | Waterdigting van dak |

Porselein

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 42 | 5.53 | Skerwe | Oppervlakteversameling | Breekware |
| 43 | 5.52 | Elektries | Oppervlakteversameling | Isoleermateriaal |
| 84 | 5.51 | Elektries | Ingangspoort D | Isoleermateriaal |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Glas

| No. | Ill. | Tipe | Vindplek | Waarskynlike doel |
|---|---|---|---|---|
| 17 | 5.61 | Skerf | Ingangspoort-seksie | Bottelglas |
| 51 | 5.62 | Skerf | Oppervlakteversameling | Bottelglas |
| 67 | 5.60 | Skerf | Proviand | Bierbottelglas (Boom) |
| 68 | 5.56-5.59 | Skerwe | Westelike ammunisie-tonnel | Bierbottelglas (Boom) en ander glasskerwe |

5. Ruimtelike verspreidingspatrone

Dit is 'n interessante studie om die ruimtelike verspreiding van artefakte en die patrone wat daaruit voortspruit te ondersoek. Stanley South konstateer dat die argeologie as wetenskap slegs deur middel van verspreidingspatrone tot uiting kom.[8] Dit kan op verskeie wyses geskied. In hierdie studie word daar van histogramme gebruik gemaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5.1 HISTOGRAMME

Totale Verspreiding van artefakte




W = Westelike Ammunisietonnel

P = Proviand

I = Ingangspoort

O = Oppervlakteversameling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Verspreiding van boumateriaal




Verspreiding van porselein




Verspreiding van glas




Verspreiding van ander artefakte




W = Westelike Ammunisietonnel

P = Proviand

I = Ingangspoort

O = Oppervlakteversameling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verspreiding van metaalartefakte




Vindplek

W = Westelike Ammunisietonnel

P = Proviand

I = Ingangspoort

O = Oppervlakteversameling

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Tipologie van artefakte



Westelike Ammunisietonnel




Proviand




Oppervlakteversameling




M = Metaal

B = Boumateriaal (metaal uitgesluit)

P = Porselein

G = Glas

A = Ander

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ingangspoort




M = Metaal

B = Boumateriaal (metaal uitgesluit)

P = Porselein

G = Glas

A = Ander

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Tipologie van metaal in Ingangspoort




S = Spykers

D = Draad

B = Blik

A = Ander

M = Metaalstawe

K = Knope

W = Wassers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verspreiding van artefakte in Ingangspoort



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verspreiding van glas in Ingangspoort




Verspreiding van porselein in Ingangspoort




Verspreiding van boumateriaal in Ingangspoort



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verspreiding van metaal in Ingangspoort



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6. Samevatting

Daar is steeds baie werk by Fort Daspoortrand. Elke vertrek kan byvoorbeeld as 'n honoresprojek wetenskaplik opgegrawe word. Dit behoort interessante ruimtelike patrone bloot te lê. Dit sal ook die huidige grondplan kan aanvul en verbeter. Die puin by die oprit is ook nog nie ondersoek nie. Dit behoort die wateropgaartenk bloot te lê (vergelyk Ill. 5.12) wat die grondplan meer volledig sal maak. Ook die volledige opgrawing van die ammunisietonnels en -vertrekke sal hiertoe bydra.

Dit was eers teen die einde van die veldwerksessie dat een van die arbeiders 'n gat gekry het wat dalk die vullisgat van die fort kon gewees het. Ongelukkig is 'n aantal artefakte hier uitgehaal voor dit verhoed kon word. Dit is nou as deel van die oppervlakteversameling in die studie opgeneem. Die gat word op een van die foto's aangedui (Ill. 5.107). Volllediger dokumentasie was onmoontlik as gevolg van die skielike opskorting van die hulp, met 'n verandering in die personeelstruktuur van die militêre museum. Om hierdie rede kon die groot hoop grond wat tans oos van die ingangspoort voorkom ook nie klaar gesif word om artefakte te vind nie.

Noodwendig is gegewens op plekke onvolledig. Dit is die verandering in die personeelstruktuur van die Militêre Museum Fort Klapperkop in Januarie 1990 wat die projek skipbreuk laat ly het. Ek glo egter dat die eerste (en belangrikste) doelwit van hierdie studie met groot welslae bereik is. Hoewel die sukses van die tweede doelwit moeilik meetbaar is, is 'n plan met welslae geteken. Dit is veel meer as wat daar ooit tevore was en behalwe vir 'n paar kleiner tekortkominge is die plan volledig. Dit is in elk geval 'n veel vollediger plan as wat daar van enige van die ander forte bestaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die studie is die volledigste en omvattendste wat tot dusver oor Fort Daspoortrand onderneem is. Daar is baie materiaal vir toekomstige navorsing wat nog gedoen kan word om voort te bou op hierdie studie en om die geskiedenis so objektief en feitelik moontlik te rekonstrueer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 7. Illustrasies



5.1 Die ingangspoort van Fort Daspoortrand op 6 Januarie 1987. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.2 Die afdruk van die staatswapen van die ZAR in die pleister van Fort Daspoortrand. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






5.3 Inskripsies wat deur Britse soldate in die ingangspoort van Fort Daspoortrand gemaak is. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.4 Hierdie foto van die ingang van die vertrek in die ingangspoort wys duidelik dat iemand dit vroeër probeer oopgrawe het. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.5 Die tweede stel staaldeure in die ingangspoort. (T.E. Andrews-versameling).




5.6 Die name van die vertrekke is vandag steeds leesbaar. (T.E. Andrews-versameling). Let op die oorblyfsels van die borswering wat in die binnehof rondlê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.7 'n Geheelbeeld van die vervalle Fort Daspoortrand. (T.E. Andrews-versameling).



5.8 Die elektriese bedrading is deur porseleinpoortjies soos hierdie, teen die dak van die fort gelei.



5.9 Die oostelike ammunisieskag. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.10 Hierdie foto van 'n gedeelte van Fort Daspoortrand is omstreeks 1913 geneem. (T.E. Andrews-versameling). Die linkerkantste opening is die ingangspoort en die regterkantste die ingang tot die oostelike ammunisietonnel.



5.11 Hierdie foto toon bogenoemde in vervalle toestand. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.12 Hierdie foto toon die oprit, die ingange tot die waterreservoir en twee vertrekke daaronder, die westelike ammunisieskag en die ingang tot die tonnel. (T.A.B. Foto 20910). Dit is omstreeks 1913 geneem.



5.13 Die westelike skag soos dit vandag daar uitsien. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.14 Die westelike ammunisietonnel. (T.E. Andrews-versameling).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.15 Die westelike skag, soos gesien vanuit die tonnel.



5.16 Die ingang tot die suidwestelike ammunisievertrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




5.17 Die ingang tot die noordwestelike ammunisievertrek.



5.18 Oorblyfsels van die vloer van 'n moontlike waghuisie, oos van die fort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




5.19 Lugfoto van die gebied waar Fort Daspoortrand voorkom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.20 Hierdie vergroting van die oudste lugfoto van die gebied waar Fort Daspoortrand voorkom, toon dat die dak van die fort reeds teen 1948 vernietig is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.21 'n Vergroting van 'n lugfoto van die gebied waar Fort Daspoortrand voorkom, geneem in 1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.20 Hierdie vergroting van die oudste lugfoto van die gebied waar Fort Daspoortrand voorkom, toon dat die dak van die fort reeds teen 1948 vernietig is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.22
Terreinplan van Fort Daspoortrand

5.23
Terreinplan met die opgrawings daarop aangedui.

(Raadpleeg asseblief die Africana Kopie vir 5.22 en 5.23)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.24 Die toetssloot in die westelike ammunisietonnel, 55cm diep.



5.25 Die voltooide toetssloot in die westelike ammunisietonnel, 70cm diep.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



WESTELIKE AMMUNISIETONNEL - TOETSSLOOT VOLTOOI




SKAAL 1:25

SLEUTEL:

X Houtskool
□ Boumateriaal
Δ Glas
✱ Ander
Klip
— —-Spasie tussen sementblokke

DIEPTES:

Toetssloot: 70cm

Artefakte:

(1) 56cm
(2) 60cm
(3 en 5) 52cm
(4) 62cm

5.26 Plan van die toetssloot.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




5.27 Die toetssloot verbreed oor die breedte van die gang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




5.28 Die voltooide opgrawing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WESTELIKE AMMUNISIETONNEL - OPGRAWING VOLTOOI




DIEPTES:

Opgrawing: 70cm
Artefakte:
(6) 63cm
(41) 69cm
(68) 57cm
(40 en 77) 60cm

SKAAL 1:25
SLEUTEL:

△ Glas
○ Metaal
Klip
- - -Sementblokke

5.29 Plan van die voltooide opgrawing.





5.30–5.31 Die toetssloot in die proviandkamer.

PROVIAND - TOETSSLOOT VOLTOOI




DIEPTES:

Gemeet vanaf Westelike sy van opgrawing

Toetssloot: 60cm
Glas: 25cm
Metaal: 40cm
Betonblokke: 0-60cm

SKAAL 1:50

SLEUTEL:

○ Metaal
△ Glas
Beton/Klip
--- Gepleisterde mure

5.32 Plan van die toetssloot in proviand.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






5.33 Plan wat die verdeling van die ingangspoort in seksies aandui.



5.34 Die oop deure en drumpel van die ingangspoort-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




5.35 Die geslote deure, geneem vanaf die binnekant. Reënwater het in die poort opgedam na die voltooiïng van die opgrawings.



5.36 Die deur- en vensteropeninge van die vertrek in die ingangspoort, voor opgrawing.



5.37 Halfvoltooide opruiming van die ingangspoort-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.38 Die trap en ingang tot die vertrek in die ingangspoort.



5.39 Die vensteropening van die vertrek in die ingangspoort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



INGANGSPOORT-SEKSIE – PROFIEL SUIDELIKE MUUR




SKAAL 1:50

5.40 Profiel van die ingangspoort-seksie.



5.41 Helpers besig met finale afronding aan die ingangspoort-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



INGANGSPOORT SEKSIE




SLEUTEL:

- X Metaalstaaf
- O Metaal ongeïdentifiseer
- ✱ Blik
- ↗ Spyker
- Δ Glas
- ⊗ Ander
- ▭ Boukonstruksie
- ⊣ Metaal in boukonstruksie
- ⊢⊣ Drumpel

SKAAL 1:50
DIEPTES:

Opgrawing: 5,26m
Artefakte:
(7-13) 5,2-5,26m
(14-21) 4,8-5,2m
(22) 4,75m
(23) 4,67m

5.42 Plan van die ingangspoort-seksie.



5.43 Die ingangspoort D-seksie voor opgrawing.



5.44 Die ingangspoort B-seksie voor opgrawing. Alle grond moes deur die halfoop deur verwyder word, totdat die deur kon oop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.45 Vanweë die beperkte ruimte en die feit dat daar altyd skaduwees binne die ingangspoort val, is fotografering problematies. Hierdie foto van die drumpel tussen die ingangspoort- en ingangspoort B-seksies toon dit duidelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.46 Die metaalpyp is waarskynlik gebruik om perde aan vas te maak. Vanweë die opdamming van water in die skoongemaakte ingangspoort is dit steeds nie moontlik om die fort deur die poort te betree nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.47 Die deur is deur middel van 'n groot haak en ring in posisie gehou.

INGANGSPOORT B-SEKSIE




DIEPTES:

Opgrawing: 5,26m
Artefakte:
3-3,2m - no. 73
3,2-3,4m - no.72
3,2-3,6m - no. 70-71
3,6-3,8m - no. 78
4-4,2m - no. 61, 64, 66, 69 en 74
4,2-4,4m - no. 27, 30, 32, 36, 37, 58, 59, 65 en 75
4,4-4,6m - no. 25, 38, 60 en 62
4,6-4,8 - no. 33,34, 57 en 63
4,8-5m - no. 29 en 35
5-5,2m - no. 24, 28, 39 en 79

SKAAL 1:50

SLEUTEL:

- Ander metaal
- Draad
- Blik
- Wasser
- Metaal ongeïdentifiseer
- Skroef
- Spyker
- Porselein
- Pik
- Boukonstruksie
- Knoop
- Metaalstaaf
- Glas
- Argitektoniese bo
- Ander artefakte

5.48 Plan van die ingangspoort B-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.49 Die gang wat die ingangspoort en die machinenkamer met mekaar verbind.

INGANGSPOORT SEKSIES C,E en D




SKAAL 1:100

DIEPTES:

26-0,12m
80-2,96m
81-1,23m
84-0,18m
85-5,25m

SLEUTEL:

- □ Metaalplaat
- X Metaalpyp
- O Metaal ongeïdentifiseer
- P Porselein
- Spykers - presiese posisie
- ⊗ Knoop
- – – –Argitektoniese boë

van die ingangspoort se C-, E- en D-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.51–5.52 Porselein wat as isoleermateriaal in die elektrisiteitstelsel van die fort gedien het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.53 Hierdie porseleinskerwe is op die oppervlakte versamel en is waarskynlik jonger as die fort.



5.54 Kop van 'n bottel, waarskynlik resent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.55 'n Verskeidenheid glasskerwe.



5.56 Glasskerf, afkomstig van 'n Bols brandewynbottel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA








5.57–5.58 Die onder- en syaansig van 'n laat negentiende-eeuse bierbottelglasskerf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.59–5.60 Laat negentiende-eeuse glasskerwe. Dit stem ooreen met die tyd toe die fort gebou is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.61 'n Glasskerf wat in die ingangspoort-seksie gevind is.



5.62 'n Bierbottelglasskerf wat meer resent as die fort is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.63 Stukke pik wat gebruik is om die dakke waterdig te maak.




5.64 Baksteen wat uit 'n vullisgat, oos van die fort kom. Dit stem nie ooreen met enige van die bakstene wat in die konstruksie van die fort gebruik is nie.





5.65-5.66 Voor- en agteraansig van 'n broeksknoop, afkomstig van 'n Britse uniform.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.67–5.68 Gulpsknope, afkomstig van Britse uniforms.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.69–5.70 'n Verskeidenheid spykers en 'n wasser.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.71 Hierdie spyker uit die ingangspoort-seksie se verwering dui daarop dat dit tydgenootlike met die fort is.



5.72 'n Hoefysterspyker.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.73 'n Groot spyker.



5.74 Stukke draad en spykers wat op die oppervlakte versamel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.75-5.76 Draad, wat waarskynlik deel van versperrings rondom die fort was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.77-5.78 Draad, wat by Fort Daspoortrand opgegrawe is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.79 Sink, gevind in die ingangspoort-seksie.



5.80 Blikke, waarskynlik meer resent as die fort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.81-5.82 Verroesste stukke blik uit die ingangspoort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.83 Kondensmelkblik, afgelei uit die twee gaatjies aan die bokant. Dit is waarskynlik resent.



5.84 Hierdie metaalstaaf lyk of dit die as van 'n klein waentjie kon gewees het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.85 Onderdele van 'n wa-onderstel.



5.86 'n Metaalstaaf, met skroefringe aan die een kant.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.87 Hierdie is 'n stuk metaal wat met porselein omhul is. Dit het moontlik iets met die elektrisiteitstelsel van die fort te doen gehad.



5.88 'n Pyp vir syferwater.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.89 'n Metaalhaak wat waarskynlik gebruik is om vensters in posisie te hou.



5.90 Hierdie hekelnaald is 'n ongewone artefak, wat in die ingangspoort-seksie gevind is.



5.91 Hierdie moer is in die ingangspoort B-seksie gevind. Geen ander voorbeelde hiervan is gevind nie.



5.92 Sleutel van die boeliebiefblik, wat op die oppervlakte versamel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.93 Skroef wat gebruik is om houtbalke aan die deure in die ingangspoort vas te heg.



5.94 Wassers wat gehelp het om houtbalke aan die deure vas te hou.



5.95 Hierdie stukkies metaal is in die luggat in die ingangspoort, op vloerhoogte gevind.



5.96 Metaalplaat, gevind in die ingangspoort D-seksie.





5.97-5.98 Ongeïdentifiseerde metaal uit die Ingangspoort B-seksie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.99-5.100 Ongeïdentifiseerde metaal uit Fort Daspoortrand.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.101-5.102 Metaal wat uit die vullisgat, oos van die fort gehaal is. Dit kon nie geïdentifiseer word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Fort Daspoortrand vandag:



5.103 Die ingangspoort vanaf die buitekant.



5.104 Die ingangspoort vanaf die binnekant.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.105 Die ingangspoort, ammunisieskag, tonnel en trappe aan die oostekant van die fort.



5.106 Reuse betonblokke, soos hierdie, is uit die ingangspoort verwyder.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vullishoop



5.107 Die hoop grond wat uit die ingangspoort verwyder is.



5.108 Die suidoostelike ammunisievertrek, waar 'n dakpilaar nog uitsteek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.109 Die ingang tot die oostelike tonnel.



5.110 Die dreineringsgat in die binnehof van die fort.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.111 Dakpuin lê in die binnehof rond.



5.112 Die bouers van die fort het die muur gebou om saam met die natuurlike klip die suidelike muur van die fort te vorm.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.113 Die oprit.



5.114 Die oostelike vertrek onder die oprit.



5.115 Die ingang tot die oostelike vertrek.



5.116 Die ingang tot die westelike vertrek onder die oprit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







5.117-5.119 Detail van puin by die oprit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.120 die westelike ammunisieskag, trappe en tonnel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5.121 Die ingang tot die westelike tonnel.



5.122 Reënwater het intussen weer in die westelike tonnel gespoel. Vanweë

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.123 Die westelike skag.



5.124 Die proviandkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.125 Die vooraansig van die keuken (kombuis).



5.126 Die keuken.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.127 Die vooraansig van die hospitaal.



5.128 Die hospitaal.



5.129 Die vooraansig van die westelike manschappenvertrek.



5.130 Die westelike manschappenvertrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






5.131 Die vooraansig van die officierenkamer.



5.132 Die officierenkamer.




5.133 Die vooraansig van die middelste manschappenvertrek.



5.134 Die middelste manschappenvertrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






5.135 Die vooraansig van die oostelike manschappenvertrek.



5.136 Die oostelike manschappenvertrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





5.137 Die vooraansig van die telegraafkamer.



5.138 Die telegraafkamer.




5.139 Die vooraansig van die machinenkamer.



5.140 Die machinenkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 8. Voetnotas

1. Fort Daspoortrand, Pretoria-Wes: ruïne, besoek : 1987.03.07, 1987.04.07, 1987.07.10, 1988.04.04 en 1989-1991 tydens navorsing; Registrateur van Aktes, Pretoria.
2. Persoonlike mededeling: Kol. A.F. Malan, Fort Klapperkop, 1987.03.12.
3. Fort Daspoortrand, Pretoria-Wes, ruïne, besoek : 1987.03.07, 1987.04.07, 1987.07.10, 1988.04.04 en 1989-1991 tydens navorsing.
4. M. Carter, Archaeology, p. 13.
5. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, p. 303.
6. J.F. Deetz, Archaeological investigations at La Purisima Mission, in R.L. Schuyler, Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions, pp. 185-190; C.D. Dollar, Some thoughts on Theory and Method in Historical Archaeology, in R.L. Schuyler, Historical Archaeology: A guide to Substantive and Theoretical Contributions, pp. 218-220; W.L. Rathje en M. Mc Carthy, Regularity and Variability in Contemporary Garbage, in S. South, Research Strategies in Historical Archeology, p. 278.
7. D.P. Dymond, Archaeology and History. A plea for reconciliation, p. 77.
8. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, p. 277.

# HOOFSTUK 6

# 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE EVALUERING VAN DIE MILITêRE FORTIFIKASIES VAN PRETORIA (1880-1902)

## 1. Inleiding

Aangesien die fortifikasies binne hulle historiese konteks behandel is, sou dit geen doel dien om die chronologiese en tipologiese indeling hier te herhaal nie. Dit sou 'n onnodige herhaling van die reeds bekende feite teweegbring. Die fortifikasies sal in klasse ingedeel word op grond van die staat van agteruitgang waarin hulle verkeer.

Op grond hiervan kan die fortifikasies in vyf klasse ingedeel word, naamlik:

a. Fortifikasies wat vernietig is.
b. Fortifikasies waarvan slegs die fondamente nog bestaan.
c. Fortifikasies waarvan die mure nog staan.
d. Fortifikasies wat feitlik ongeskonde is.
e. Fortifikasies wat gerestoureer is.

Slegs vyf van die fortifikasies is tot nasionale gedenkwaardighede verklaar, naamlik Fort Tullichewan, die Vesting blokhuis, Fort Schanskop, Fort Wonderboompoort en Fort Klapperkop. Die terreine van Fort Royal, die tronklaer en die Convent redoubt word deur bronsplate gedenk, hoewel geen oorblyfsels hiervan meer bestaan nie.

Genoegsame inligting word bygevoeg ter wille van 'n goeie opsomming van elke fortifikasie. Dit sal dus nie nodig wees om terug te blaai na die toepaslike hoofstuk om die basiese inligting oor elke fortifikasie te bekom nie. Geen bykomende foto's word geplaas nie. 'n Kaart van Pretoria, waarop al die fortifikasies voorkom, verskyn wel (Ill. 6.1).

## 2. Fortifikasies wat vernietig is

Feitlik die helfte van die fortifikasies wat gedurende die Eerste Anglo-Boereoorlog deur die Britte gebou is, kom in hierdie groep voor. 'n Groot aantal Britse fortifikasies uit die Tweede Anglo-Boereoorlog is ook in hierdie groep. Geeneen van die Boereforte kom in hierdie groep voor nie.

Dit is die grootste groep, daar tien van die vier-en-twintig fortifikasies in hierdie groep tuishoort. Hulle is die volgende:

2.1 Eerste Anglo-Boereoorlog:

Convent redoubt

Fort Royal

2.2 Tweede Anglo-Boereoorlog:

Blokhuis by Wonderboompoort

River redoubt

Meintjieskop blokhuis

Hillcrest blokhuis

Howitzer redoubt

Muckleneuk blokhuis

Kwaggapoort blokhuis

Johannesburg Road Redoubt

Die historiese inligting wat daar in Suid-Afrika omtrent hierdie fortifikasies bestaan, is uiters beperk. Waarskynlik sal daar meer inligting in die Public Record Office in Londen wees.

Dit sou dus moeilik wees om 'n studie hieroor te onderneem. Dit kan egter maklik in 'n studie van groter omvang geïnkorporeer word. So 'n studie kan byvoorbeeld die verbindingsroetes tussen die fortifikasies of die volledigheid van die verdediging van Pretoria deur middel van fortifikasies ondersoek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Fondamente van fortifikasies

Dit is die tweede grootste groep en bestaan uit sewe fortifikasies. Saam met die vorige groep, omvat dit sewentien uit die totaal van vier-en-twintig. Dit is dus 'n feit dat die meerderheid (ongeveer 71%) van die fortifikasies feitlik vernietig is. Die stand van sake is kommerwekkend.

Daadwerklike aandag is nodig om hierdie oorblyfsels te red, voordat dit vernietig word. Die sewe fortifikasies in hierdie groep is die volgende:

3.1 Eerste Anglo-Boereoorlog:
Blokhuis by Eloff-deurgrawing
Fort Tullichewan

3.2 Tweede Anglo-Boereoorlog:
Cable Hill redoubt
Eastern redoubt
Klapperkop blokhuis
Quagga redoubt

3.3 Beide oorloë:
Oorblyfsels op Magasynheuwel (Fort Commeline en Magazine redoubt)

Dit is opvallend dat daar weer eens slegs Britse fortifikasies in hierdie groep is. Inligting oor hierdie fortifikasies sal waarskynlik ook slegs deur middel van die Public Record Office verkry kan word, daar inligting uiters beperk in Suid-Afrika is.

Navorsingsmoontlikhede is veel beter in soverre dit hierdie groep fortifikasies betref. Nie alleen kan dit deel vorm van 'n groter studie wat 'n aantal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fortifikasies insluit nie, maar elke fortifikasie kan ook op sy eie bestudeer word. Vanweë die tekort aan historiese inligting is hierdie fortifikasies by uitnemendheid geskik vir argeologiese navorsing. Dit behoort tot uiters interessante studies te lei.

Onsekerheid bestaan byvoorbeeld oor die blokhuis by die Eloff-deurgrawing. Hoewel dit onder die Eerste Anglo-Boereoorlog ingedeel is, is dit nie onomwonde bewys nie. Die datering van artefakte wat daar opgegrawe kan word, kan hierdie probleem oplos.

Daar bestaan onsekerheid oor die grondplan van Fort Tullichewan. Opgrawings kan hierdie onsekerheid opklaar en 'n verklaring vir moontlike afwykings van die oorspronklike plan gee.

Die Cable Hill redoubt en die Klapperkop blokhuis kan ook interessante onderwerpe vir studies van kleiner omvang wees.

Navorsing van groter omvang kan onderneem word by die Eastern redoubt, Quagga redoubt en Magazine redoubt. By eersgenoemde is daar bitter min van die fortifikasie sigbaar. Opgrawings behoort veel meer van hierdie indrukwekkende struktuur bloot te lê as slegs die enkele klipmuurtjie wat nog staan.

By die Quagga redoubt kan die presiese doel van elkeen van die strukture van dié uitgebreide fortifikasie vasgestel word. Dit is ook nie 'n uitgemaakte saak dat die klipkrale wel deel van die fortifikasie uitmaak nie.

Die oorblyfsels op Magasynheuwel kan in 'n besonder interessante navorsingsprojek ontwikkel. Dit is die enigste plek in Pretoria waar daar twee fortifikasies uit verskillende tydperke voorgekom het. Deur middel van opgrawings kan daar vasgestel word watter van die oorblyfsels is dié van die Tweede Anglo-Boereoorlog fortifikasie, die Magazine redoubt, en watter,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



indien enige, is dié van Fort Commeline uit die Eerste Anglo-Boereoorlog.

4. Murasies van fortifikasies

Hierdie groep bestaan uit slegs drie fortifikasies. Al drie kan met die Tweede Anglo-Boereoorlog vereenselwig word. Nie een hiervan beskik oor 'n dak nie en hulle is dus redelik blootgestel aan die elemente.

Hoewel die staat van agteruitgang nie so erg as by die vorige groep is nie, verdien hierdie strukture veel meer aandag as wat tans die geval is. Die fortifikasies is die volgende:

4.1 Britse blokhuise:
Wesfort blokhuis

4.2 Boereforte:
Fort Daspoortrand
Fort Wonderboompoort

Daar bestaan geen historiese inligting, selfs nie eens 'n foto, in Suid-Afrika oor die Wesfort blokhuis nie. Die naam van die blokhuis is ook onbekend. Die naam "Wesfort blokhuis" is slegs om praktiese redes vir hierdie studie gekies. Weer eens is dit die Public Record Office in Londen wat dalk meer inligting hieroor kan bevat.

Van die drie strukture in hierdie groep toon die blokhuis die grootste agteruitgang. 'n Interessante studie kan hier onderneem word om die verband tussen die blokhuis en die fort aan te dui.

Fort Daspoortrand (Wesfort) het reeds in hierdie studie besondere aandag ontvang. Veel meer hoef nie genoem te word nie. Daar kan egter nie genoeg klem op die hoogstaande argitektoniese uniekheid en estetiese bouwerk van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die fort geplaas word nie. Dit moet ook bygevoeg word dat die fort waarskynlik gedurende 1992 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar sal word.[1]

Fort Wonderboompoort is die laaste fortifikasie in hierdie groep. Omdat die fort gedurende 1986 opgeruim is, kan dit nie 'n studie op sy eie vorm nie. Kleiner argeologiese opgrawings kan miskien tog wel in die binnehof of buitekant die fort gedoen word om die oorblyfsels van losstaande strukture bloot te lê.

Ongelukkig is die opruiming destyds nie op wetenskaplike wyse gemonitor nie, sodat baie inligting in die proses verlore gegaan het. Hoewel die fort in 1987 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, en dit deel uitmaak van die Wonderboom Natuurreservaat, beteken dit nie dat die fort nou minder blootgestel is aan verwering en vandalisme nie. Trouens, ongeskonde mure wat vroeër ondergronds was en deur die opruiming blootgelê is, is intussen bekrap omdat daar nie voldoende toesig by die ruïne is nie. Die vraag kan met reg gevra word of dit wenslik is om opgrawings te doen, net sodat groter gevare die historiese erfenis kan bedreig.

Die beginsel in die argeologie om opgrawings toe te gooi nadat dit bestudeer is, is dus baie belangrik, omdat die struktuur op hierdie wyse ook beter bewaar word. Indien daar nie beoog word om die struktuur volledig te rekonstrueer nie, moet hierdie beginsel gehandhaaf word.

Daar is wel 'n uitsondering. Die terrein hoef nie fisies gerekonstrueer te word nie, maar die argeologiese opgrawings kan in situ in stand gehou word. Hiervoor is daar natuurlik mannekrag nodig, iets wat in vandag se ekonomiese toestande nie altyd bekostigbaar is nie. Sou dit wel gefinansier kan word, sal dit 'n baie praktiese oplossing bied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die ruïne kan gestabiliseer word, terwyl borswerings en skerms opgerig kan word om die terrein te beskerm. Kennisgewings wat inligting oor die terrein en strukture verskaf, kan opgerig word sodat besoekers die verlede beter kan interpreteer en verstaan. Die argeologiese oorblyfsels self dien dan as terreinmuseum. Die terrein word prakties bewaar, terwyl die gemeenskap ook meer betrokke by bewaring raak omdat iets vir die gemeenskap gedoen word. Dit is in ooreenstemming met die twee doelwitte van kultuurhulpbronbestuur,[2] wat veel meer in Suid-Afrika toegepas behoort te word.

5. Fortifikasies wat feitlik ongeskonde is

Hierdie groep bestaan uit slegs twee fortifikasies. Beide is Britse blokhuise wat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog opgerig is. Dit is die twee bes bewaarde Britse fortifikasies. Hulle is:

Johnston redoubt
Vesting blokhuis

Soos die geval met die voriges was, is inligting in Suid-Afrika omtrent hierdie fortifikasies uiters beperk.

Die Johnston redoubt verkeer in 'n goeie toestand, waarskynlik vanweë die beskerming wat dit geniet, omdat die terrein waarop dit staan (Libertas) nie toeganklik vir die publiek is nie. Die tand van die tyd het egter aan die gebou geknaag, sodat dit nie in 'n ongeskonde toestand verkeer nie. Dit behoort gerestoureer te word, omdat dit 'n uitstekende voorbeeld van 'n Tweede Anglo-Boereoorlog blokhuis is.

Die Vesting blokhuis is in 1983, as deel van die terrein waarop dit staan, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Dit verkeer in 'n beter toestand as die Johnston redoubt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Argeologiese opgrawings is nie noodwendig uitgesluit van 'n navorsingsprojek oor hierdie twee blokhuise nie. Die oorblyfsels van die paaie na die forte of ander strukture wat daarmee verband gehou het, kan byvoorbeeld opgespoor word. Dit kan ook deel van 'n groter projek oor die verband tussen die fortifikasies uitmaak.

## 6. Gerestoureerde fortifikasies

Dit is die laaste groep en bestaan uit twee fortifikasies. Beide is Boereforte wat kort voor die Tweede Anglo-Boereoorlog gebou is. Hulle is:

Fort Klapperkop
Fort Schanskop

Hoewel die twee forte gerestoureer is, beteken dit nie dat navorsing daaroor afgehandel is nie. Dit moet gemeld word dat die forte tans nie volgens 'n spesifieke tydperk gerestoureer is nie. Indien daar vasgestel kan word hoe die forte op 'n spesifieke tydstip gelyk het (byvoorbeeld tydens die Britse besetting daarvan), kan dit volgens daardie tydperk gerestoureer word.

Die binnehof van beide forte is in 'n groot mate verander, maar daar kan opgrawings gedoen word om strukture, soos die fondamente van sinkgeboue wat daar gestaan het, bloot te lê. Strukture en paaie het ook buitekant die forte se walle voorgekom. Dit kan ook argeologies ondersoek word. Die twee forte kan ook deel van 'n studie oor die verband tussen die verskillende fortifikasies uitmaak.

Beide forte is in 1938 tot nasionale gedenkwaardighede verklaar. Vandag is albei militêre museums.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 7. Samevatting

Die militêre fortifikasies van Pretoria het in die 90 tot 112 jaar sedert dit opgerig is ernstig agteruitgegaan. 'n Totaal van 42% daarvan is reeds vernietig, terwyl 'n verdere 29% nie in 'n veel beter posisie verkeer nie. Slegs 16,5% van die fortifikasies verkeer in 'n aanvaarbare toestand. Die oorblywende 12,5% verkeer in 'n redelike toestand, maar gaan vinnig agteruit.

Slegs twee fortifikasies uit die Eerste Anglo-Boereoorlog kan nog in hulle geheel bestudeer word, terwyl een moontlik gedeeltelik bestudeer kan word. Van die Britse fortifikasies uit die Tweede Anglo-Boereoorlog kan die helfte (dit is agt) van die fortifikasies in geheel bestudeer word.

Dit is duidelik dat die Boereforte die beste daaraan toe is. Al vier kan nog in geheel bestudeer word en almal tel onder die groepe wat nog in 'n redelike goeie toestand verkeer.

Dit is reeds in die inleiding vermeld dat hierdie studie 'n gidsondersoek ten opsigte van 'n groter projek is. Die inligting wat in hierdie studie saamgevat is, kan met vrug in enige navorsingsprojek oor die fortifikasies van Pretoria gebruik word. Die militêre fortifikasies van Pretoria bied 'n aansienlike navorsings- en bewaringspotensiaal, ook ten opsigte van 'n groter kultuurbewaringsplan vir Pretoria.

Ek wil die vertroue uitspreek dat hierdie studie maar net die begin van wetenskaplike belangstelling in die fortifikasies van Pretoria sal wees en dat dit veel wyer sal uitkring, sodat al hierdie terreine volledig gedokumenteer en bewaar sal word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



SLEUTEL:

1. Cable Hill redoubt
2. River redoubt
3. Johnston redoubt
4. Quagga redoubt
5. Magazine redoubt en Fort Commeline
6. Fort Royal
7. Fort Tullichewan
8. Howitzer redbout
9. Eastern redoubt
10. Johannesburg Road redbout
11. Fort Wonderboompoort
12. Fort Daspoortrand
13. Wesfort blokhuis
14. Kwaggapoort blokhuis
15. Vesting blokhuis
16. Fort Schanskop
17. Convent redoubt
18. Blokhuis by Eloff-deurgrawing
19. Fort Klapperkop
20. Klapperkop blokhuis
21. Muckleneuk blokhuis
22. Hillcrest blokhuis
23. Meintjieskop blokhuis
24. Blokhuis by Wonderboompoort

Vernietig
Slegs Fondasies oor
Mure staan nog
Feitlik geen skade
Gerestoureer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




6.1 Evaluasie van die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 9. Voetnotas

1. Persoonlike mededeling : Mev. M.M. Slabbert, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 1991.04.26.
2. S. South, Method and Theory in Historical Archeology, p. 324.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BRONNE


## I. ARGIVALE BRONNE

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad

Elliot-versameling

Foto's : 3087, 3089, 3091, 3092, 3097, 3098, 3099, 3100, 3491, 3492, 3497, 3498 en 3502.

Kaartversameling

M1/270.

M2/423.

Morrison-versameling

Foto 883.

Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria

Argief van die Departement van Lande

LDE. 193 Inkomende stukke, 1012/8.

Argief van die Public Works Department

PWD. 304 Incoming pieces, 1550/05, 1929.

Suid-Afrikaanse Weermag-argief, Pretoria

| | |
|---|---|
| 25 | Fort Klapperkop, (brosjure, g.d.). |
| 92, 1740 | S.A. Digest, 1972.07.07. |
| 92, 1749 | Fort Klapperkop gister en vandag, (brosjure, 1966). |

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria

Aanwinste

| | |
|---|---|
| A.1613 | Lord Roberts papers, 1900.07.12-1900.07.16 |
| A.1619 | Professional papers of the Royal Engineers. |

| | |
|---|---|
| A.1643 | Notas aangaande swaar wapentuig in posisie rondom Pretoria, vol. 37. |
| W.42/1 | Departement van Verdediging, Oorlogsrekords, Mnr. C.T. Bergsma-versameling. |
| W.42/1 | Inkomende stukke, 1900.06.01-1900.06.02 |

Argief van die Colonial Secretary

| | |
|---|---|
| CS.112 | Incoming pieces, 7895/02. |
| CS.829/186 | Incoming pieces, 203141, 1897. |
| CS.829 | Incoming pieces, 1900. |
| CS.829 | Incoming pieces, 13482, 1908.01.20. |

Argief van die Intelligence Officer to the Military Governor, Pretoria

| | |
|---|---|
| IOMG.147/00 | Incoming pieces, 287 253 443, 1901.01.10. |

Argief van die Intelligence Officer, Pretoria

| | |
|---|---|
| IOP.5 | Incoming pieces, IOMG 722/00, 1900.12.24. |
| IOP.6 | Incoming pieces, IOMG 341/01. |
| IOP.6 | Incoming pieces, IOMG 147/00. |
| IOP.10 | Incoming pieces, IOMG 1407/01. |

Argief van die Kommandant-generaal van die ZAR

| | |
|---|---|
| KG. | Inkomende stukke, CR 1626/97, 1897.11.08. |
| KG. | Inkomende stukke, CR 1662/97. |
| KG. | Inkomende stukke, CR 6339/97, 1897. |
| KG. | Inkomende stukke, CR 6339/99, 1899. |
| KG. 198 | Inkomende stukke, CR 6992 (3)/96, 1896.10.27. |
| KG. 255 | Inkomende stukke, CR 3928/99, 1899.06.14. |
| KG. 262 | Inkomende stukke, CR 5612/97, 1897.11.19. |
| KG. 274 | Inkomende stukke, CR 529/98, 1898.01.24. |
| KG. 301 | Inkomende stukke, CR 3714/98, 1898.08.02. |
| KG. 301 | Inkomende stukke, CR 3725/98, 1898.08.03. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| KG. 319 | Inkomende stukke, CR 5913/98, 1989.11.12. |
| KG. 359 | Inkomende stukke, CR 3928/99, 1899.06.14. |
| KG. 360 | Inkomende stukke, CR 4071/99, 1899.06.20. |
| KG. 367 | Inkomende stukke, CR 5283/00, 1899.08.11. |
| KG. 7556 | Inkomende stukke, 15151/98,1898.11.21. |
| KG. 421 | Inkomende stukke, CR 40050/00, 1900.03.26 |

Argief van die Law Department

LD. 1002 Incoming pieces, AG 427/05, 1905.02.03.

Argief van die Military Governor, Pretoria

MGP. 13 Incoming pieces, 1560/00, 1900.08.03.

Argief van die Public Works Department

| | |
|---|---|
| PWD. | Incoming pieces, 140/05, 1905.03.20. |
| PWD. | Incoming pieces, 579/05, 1905.03.18 |
| PWD. | Incoming pieces, 1401/05. |
| PWD. 17 | Incoming pieces, 150/02, 1901.01.20. |
| PWD. 72 | Incoming pieces, 1092/03, 1903.02.21. |

Argief van Publieke Werken van die ZAR

PW. 78 Inkomende stukke, PR 4991/98, 1898.11.25.

Argief van die Staatsprocureur van die ZAR

SP. 882 Inkomende stukke, GCPM 138/96, 1896.09.08.

Argief van die Staatsekretaris van die ZAR

| | |
|---|---|
| SS. 829 | Inkomende stukke, R4601/0, 1900. |
| SS. 829 | Inkomende stukke, R4601/7, 1897. |
| SS. 6235 | Inkomende stukke, R3102/97. |
| SS. 6562 | Inkomende stukke, R10020/97, 1897.06.24. |
| SS. 6788 | Inkomende stukke, R14 699/97, 1897.10.01. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Argief van die Transvaalse Plaaslike Bestuur

TPB. 797 Inkomende stukke TA 3/4032, 1898-1966.05.23.

FOTO'S

383, 385, 883, 886, 910, 936, 945, 3 421, 3 429, 4 302, 4 562, 5 121, 8 101, 8 310, 9 093, 9 846, 9 847, 9 860, 10 555, 1 060, 10 612, 18 293, 18 294, 18 305, 18 307, 19 963, 19 964, 20 325, 20 875, 20 908, 20 909, 20 910, 20 912, 20 913, 24 100, 32 541, 32 542, 32 543, 32 544, 32 546, 32 547, 32 548, 32 549, 32 550, 32 551, 32 552, 32 553, 33 566.

KAARTE

2/88.

3/209.

S3//1750.

II. REGERINGSPUBLIKASIES

ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, Groenboek no. 2. 1896.

III. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

BARNARD, C., Semelsoldate bewaak Fort Klapperkop. Die Huisgenoot 1968.04.19.

BEHRENS, H.P.H., The Wonderboom Fort. Fauna and Flora, g.d.

EMMS, M., Letter to the Editor. Pretoriana (74 en 75), 1978.03-1978.06.

EMMS, M., East Fort - A Monument to the Vandals. Pretoriana (77 en 78), 1979.09.-1979.12.

G.S. Resourasiekomitee vir Fort Wonderboom. Stadsraad van Pretoria Nuusbrief 15 (3), 1988.04.

G.S., Who invented the block-house system? - The Transvaal critic. Pretoriana (73), 1977.

HOLZHAUSEN, R.H.J., Die ou forte om Pretoria. Kommando 1956.03.

KIRKNESS, J.N., Letter to the Editor. Pretoriana (77 en 78), 1979.09-1979.12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



KONYA, P., Holding the fort. Another effort to save a bit of old Pretoria. Pretoria News 1974.02.13.

PANAGOS, D.C. en FABER, L., Aerial location of Fortifications of the Anglo Boer War 1899-1902 using a microlight aircraft. Military History Journal 7 (6), 1988.12.

REX, H.M., Die ligging van Fort Royal, 1880-1881. Pretoriana (81), 1981.07.

SPIES, F.J. du T., Forte en Verskansings om Pretoria. Pretoriana (16 en 17), 1955.07-1955.09.

SPIES, F.J. du T., Pretoria in 1880-1881. Pretoriana (80). 1980.11.16.

THOMSON, B., The Forts of Pretoria - our vanishing history. Lantern 1989.05.

VAN DER MERWE, J., Niggling mystery of the forts. Pretoria News 1985.10.12

VAN EWYK, J.F., Die slag van Rooihuiskraal : 'n Argeologiese benadering tot 'n historiese probleem. Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1 (1) 1986.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., Fort Daspoortrand as deel van die fortifikasieplan van Pretoria. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 4 (1), 1990.01.

VAN VOLLENHOVEN, A.C., Onderwys aan die staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Museum (28), 1990.04.

WOOD, R., Historical forts round city. Pretoria News 1960.10.22.

## IV. LITERATUUR

BELLAIRS, L., The Transvaal War 1880-1881. London, 1885. Facsimile reprint by C Struik, Cape Town, 1972.

BINFORD, L.R., Nunamiut Ethnoarchaeology. New York, 1978.

BOSMAN, D.B., I.W. VAN DER MERWE, L.W. HIEMSTRA, P.A. JOUBERT en J.J. SPIES (reds.), Tweetalige Woordeboek. Kaapstad, 1986.

BREYTENBACH, J.H., Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1901 I-III. Pretoria, 1969-1973.

BUREAU FOR INFORMATION, South Africa 1987/1988. Official Year Book of the R.S.A. Pretoria, 1987/1988.

CAMERON, T. en S.B. SPIES (reds.), Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld. Kaapstad, 1986.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



CARTER, M., Archaeology. Dorset, 1980.

DANCEY, W.S., Archaeological Field Methods : An introduction. Minneapolis, 1981.

DE KOCK, W.J., Geskiedenis van Suid-Afrika. Pretoria, 1971.

DE WET, C.R., Die stryd tussen Boer en Brit. Kaapstad, 1959. Vertaal deur J.J. Human.

DYMOND, D.P., Archaeology and History. A plea for reconciliation. London, 1974.

EKSTEEN, L., Afrikaanse Sinoniemwoordeboek met Antonieme. Pretoria, 1982. Eerste uitgawe 1981.

ENGELBRECHT, S.P., J.A.I. AGAR-HAMILTON, A.N. PELZER en H.P.H. BEHRENS (Samestellers), Pretoria (1855-1955):Geskiedenis van die stad Pretoria. Pretoria, 1955.

GROBLER, J.E.H., Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, 'n Militêr-historiese benadering. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1980.

GRüTTER, W. en D.J. VAN ZYL, The story of South Africa. Cape Town, 1981.

HAUPT, D.J., Die staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1946.

HAWKINS, J.M., Oxford Universal Dictionary. Oxford, 1981.

HODDER, I. (red.), The spatial organisation of Culture. London, 1978.

LONGACRE, W.A., Archaeology as anthropology. A case study. Tucson, 1981. First printing 1970.

MALAN, J., Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). Pretoria, 1990.

MEINTJES, J., De la Rey. The Lion of the West. Johannesburg, 1966.

MILITêRE MUSEUM FORT KLAPPERKOP, Fort Schanskop militêre museum. Pretoria, 1978.

NIXON, J., The complete story of the Transvaal. From the Great Trek to the Convention of London. London, 1885. Facsimile reprint by C Struik, Cape Town, 1972.

ODENDAL, F.F., P.C. SCHOONEES, C.J. SWANEPOEL, S.J. DU TOIT en C.M. BOOYSEN (reds.), Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg, 1988. Eerste uitgawe 1965.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PAKENHAM, T., Die Boere-oorlog, 1899-1902. Johannesburg, 1981. Vertaal deur L. Rousseau.

PISTORIUS, J.C.C., Die Metaalbewerkers van Phalaborwa. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989.

PLOEGER, J. en H.J. BOTHA, Die Fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop - Gister en vandag. Pretoria, 1968.

PRELLER, G.S., Historiese opstelle. Pretoria, 1925.

PRETORIUS, F., 1899-1902. Die Anglo-Boereoorlog. Kaapstad, 1985.

PRETORIUS, F. Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Kaapstad, 1991.

RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, Fort Tullichewan, Salvokop, Pretoria. 1980.11.18.

RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, Terrein van Fort Royal, Paul Krugerstraat, Pretoria. 1981.03.18.

RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, Die Vesting and Blockhouse, Voortrekkerhoogte, Pretoria. 1983.02.18.

SCHEEPERS-STRYDOM, C.J., Spieëlbeeld. Oorlog 1899-1902. Kaapstad, 1974. Die Afrikaner en sy Kultuur II, 1974.

SCHUYLER, R.L., Historical Archaeology : A guide to Substantive and Theoretical Contributions. New York, 1978.

SELBY, J., The Boer War. A Study in Cowardice and Courage. London, 1969.

SNEEP, J. (red.), Vesting. Vier eeuwen vestingbouw in Nederland. Zutphen, 1982.

SOUTH, S., Method and Theory in Historical Archeology. New York, 1977.

SOUTH, S. (red.), Research Strategies in Historical Archeology. New York, 1977.

VAN EWYK, J.F., The Prehistory of an Iron Age Site on Skutwater. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1987.

VAN JAARSVELD, F.A., A.P.J. VAN RENSBURG en W.A. STALS (reds.), Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling, 1877-1884. Pretoria, 1980.

VAN JAARSVELD, F.A., Van Van Riebeeck tot P.W. Botha. 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die R.S.A. Johannesburg, 1982. Eerste uitgawe 1969.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



WARWICK,P. en S.B. SPIES (reds.), The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902. London, 1980.

## V. PRIVAATVERSAMELINGS

### Fort Wynyard-versameling

G.S. The story of the Pretoria Forts. An attempt to elucidate some mysterious points. The Navy and Army illustrated 1901.12.28.

### T.E. Andrews-versameling

G.S. Britse blokhuise en -blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog. g.d.

G.S. Duitse amptelike korrespondensie in verband met die verdediging en Fortebou in die Z.A.R. g.d.

G.S. Militaria 3 (5), 1972.

G.S. The Evolution of the Blockhouse system in South Africa. n.d.

LE ROUX, C.J.P., Die Blokhuise van Harrismith. g.d.

PLOEGER, J., Die Franse militêre ingenieurs L. Grunberg en S. Léon. g.d.

Rindel-lêer.

Kaart van Pretoria en omliggende gebied, 1908.

Foto's.

### P.A. Digby-versameling

Planne van Eerste Anglo-Boereoorlog fortifikasies.

### D.C. Panagos-versameling

G.S. East Fort. n.d.

G.S. West Fort. n.d.

VAN ZYL, A., Fort Daspoortrand. g.d.

VAN ZYL, A., History of Westfort Hospital, n.d.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VI. PERSOONLIKE MEDEDELINGS

### 1. MONDELING

ANDREWS, mnr T.E., Navorser, Militêre Museum Fort Klapperkop, Posbus 913-411, Voortrekkerhoogte, 1987.09.05, 1987.09.25 en 1990.11.23.

MALAN, kol A.F., Bevelvoerder, Militêre Museum Fort Klapperkop, Posbus 913-411, Voortrekkerhoogte, 1987.03.12, 1987.09.05 en 1987.09.25.

SLABBERT, mev M.M., Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 1991.04.26.

### 2. SKRIFTELIK

HOGEWIND, mej C., Navorser, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, 1991.04.30.

VAN DEN BOS, mnr J.W., Navorser, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, 1991.04.23

## VII. DIVERSE

### 1. BESOEKE AAN TERREINE

Cable Hill redoubt, 1990.10.16.

Convent redoubt. 1990.11.08.

Eastern redoubt, 1990.12.11.

Eloff-deurgrawing, 1990.07.25, 1991.03.09 en 1991.07.07.

Fort Commeline, 1988.11.21 en 1990.12.11.

Fort Daspoortrand, 1987.03.07, 1987.04.07, 1987.07.10, 1988.04.04 en 1989-1991 tydens navorsing

Fort Klapperkop, 1987.09.05, 1988.05.24 en 1988-1991 as navorsingsoffisier daar werksaam.

Fort Royal, 1990.11.08.

Fort Schanskop, 1987.09.05, 1988.05.24 en 1988-1991 as navorsingsoffisier daar werksaam.

Fort Tullichewan, 1990.07.18, 1991.03.12 en 1991.07.09.

Fort Wonderboompoort, 1987.07.16, 1989.11.14 en 1990.06.13.

Johnston redoubt, 1990.12.18.

Klapperkop blokhuis, 1988.11.15, 1988.12.05, 1988.12.06 en 1990.12.19.

Quagga redoubt, 1990.12.13.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vesting blokhuis, 1990.11.27.

Wesfort blokhuis, 1987.02.14, 1988.04.04, 1989.09.11, 1989.10.24, 1989.11.01, 1989.12.06, 1990.10.13 en 1990.12.19.

2. ANDER

Registrateur van Aktes, Rekenaaruitdruk.

Rekord-koerant, Foto's.

Kaart, South Africa. Pretoria, 1988.